

**DIE
TAALMEDIUMVRAAGSTUK**

DEUR

EDMUND BOTES, M.A., M.Ed.

RV 371-98
BOT

*Publikasies van die Universiteit van Pretoria.
Reeks III — Geesteswetenskappe, No. 12.*



AUSPICUS UNIVERSITATIS PRETORIANISIS.

DIE TAALMEDIUMVRAAGSTUK

'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN
DIE VOERTAALPROBLEEM IN DIE
O.V.S. EN TRANSVAAL MET SPESIALE
VERWYSING NA ENKEL-, PARALLEL-
EN DUBBELMEDIUMSKOLE

deur

EDMUND BOTES, M.A., M.Ed.

Skrywer van *Handelsafrikaans*

VOORWOORD.

Die inhoud van hierdie boek is hoofsaaklik gebaseer op 'n verhandeling wat in 1937 aan die Universiteit van Pretoria voorgelê is as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad van M.Ed. in die Fakulteit van Opvoedkunde.

Na my terugkeer uit Europa in 1939 het die Publikasie Komitee van hierdie Universiteit my toestemming ge vra om daardie verhandeling te publiseer — 'n eer waarvoor ek my opregte dank aan die Universiteit wil betuig.

Aangesien die Universiteit geldelike ondersteuning vir die publikasie van hierdie boek verleen het, en as blyk van waardering vir die leiding wat ek van die Fakulteit van Opvoedkunde ontvang het, het ek die outeursreg aan die Universiteit van Pretoria afgestaan as 'n donasie aan die Mediese Fakulteitsfonds.

Daar hierdie verhandeling twee jaar voor die Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie (1939) verskyn het, het ek die bespreking van hierdie verslag as 'n bylaag toegevoeg.

Ek vertrou dat hierdie boek tot die oplossing van hierdie vraagstuk op ons skole sal bydra.

DIE SKRYWER.

*Pretoria,
September 1941.*

Inhoud

Voorwoord	4
Inleiding	7
Die Vraagstuk in die O.V.S.: 1872—1899	9
Transvaal: 1866—1899	13
Die Oorlogsperiode: 1899—1902	26
O.V.S. en Transvaal: 1902—1905	29
O.V.S. onder Verantwoordelike Regering: 1907—1910	39
Transvaal onder Verantwoordelike Bestuur: 1907—1910	48
Onderwys in O.V.S. sedert 1910	56
Transvaal sedert 1910	69
Vorige Ondersoekings oor Taalvraagstuk i.s. Moeder- en Andertaalonderwys	91
Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole	100
Bibliografie	152
Register	154
Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie 1939	159

Inleiding

Die taalvraagstuk het in Suid-Afrika in die afgelope dertig jaar al meermale op die lappe gekom. Die periodieke belangstelling in hierdie vraagstuk op ekonomiese, kulturele en politieke gebied loop telkens weer op 'n dooie punt uit. Elkeen beskou die saak vanuit 'n subjektiewe standpunt en die gevolgtrekking wat gemaak word, verrai gewoonlik die besondere politieke of rassekleur van die skrywers of praters. Die een bekyk die saak van 'n suiwer Afrikaanse, die ander van 'n suiwer Engelse standpunt. Selde word die saak vanuit 'n onpartydige, nasionale standpunt beskou.

Oppervlakkig beskou, skyn die saak baie maklik; maar sodra dit in al sy verskillende aspekte beskou word, tree daar onmiddellik baie moeilikhede op die voorgrond.

Die taalmediumvraagstuk op ons skole en die vraagstuk van tweetaligheid hang so nou met mekaar saam dat die een nie sonder die ander bespreek kan word nie. Dan kom nog daarby die vraag: Wat is tweetaligheid? In hoever kan 'n mens volkome tweetaligheid bereik? Hang die heil van die Suid-Afrikaanse volk van tweetaligheid af? Is die kennis van die twee offisiële landstale die enigste en 'n enige kriterium van ontwikkeling? Moet elke burger van die land noodwendig altwee tale ewegoed kan praat of watter graad van tweetaligheid moet ons

nastrewe? Lê die oplossing van hierdie taalvraagstuk nie moontlik in die *verstaan*, liever as in die *praat* van die tweede taal nie? Moet ons die verstandelike en geestelike ontwikkeling van ons kinders gaan opoffer ten einde die tweede taal vlot te leer praat? Leer 'n kind werklik in die klaskamer van 'n skool 'n taal praat? Moet ons die kind se normale ontwikkeling van kleinsaf gaan strem deur hom tot die aanleer van 'n tweede taal te dwing? Lê die toekomsheil van 'n verenigde volk in Suid-Afrika in Enkel-, Parallel- of Dubbelmediumskole?

Dergelike vrae kom by ons op as ons oor hierdie taal-mediumvraagstuk begin nadink.

Om enigsins nader aan 'n oplossing te kom, moet ons die hele taalvraagstuk vanaf die vroegste dae in Suid-Afrika kortliks nagaan om te sien hoe dit ontstaan en ontwikkel het, sodat ons die saak kan benader vanuit verskillende standpunte.

HOOFSTUK I.

(a) Die Vraagstuk in die O.V.S. voor 1872.

Tot omstreeks die tweede inname van die Kaap deur Engeland in 1806 was daar geen taalmoeilikhede nie. Nederlands was die enigste offisiële taal vir Staat, Kerk en Skool.

Sodra die Kaap egter onder beheer van Engeland gekom het, was die doel van die goewerneurs om die koloniste so gou moontlik te verengels. Daar was toe maar 'n handjievol Engelse koloniste. In 1820 word die kolonie met omtrent 5,000 Engelse koloniste versterk wat die verhouding tot Hollandssprekende koloniste gebring het op 1 : 8. Van die ongeveer 60,000 Hollandse koloniste kon skaars 400 Engels praat, terwyl (volgens Cory: *The Rise of South Africa*, 2e deel, bl. 102), geen 150 dit kon lees of skryf nie. Nieteenstaande hierdie verhouding het die goewerneur, Lord Charles Somerset, in 1882 'n proklamasie uitgevaardig wat Engels die enigste offisiële taal van die kolonie gemaak het. Die proklamasie het bepaal dat alle offisiële dokumente na 1 Jan. 1825 en alle verrigtinge in die geregshoue na 1 Jan. 1828 in die Engelse taal moes geskied. Net Engels en Latyn mog as tale in die skole geleer word en vir hierdie doel is Engelse en Skotse onderwysers ingevoer om in die staatskole onderwys te gee. Hierdie moedswillige onderdrukking van die taal

van 60,000 koloniste was, soos ons weet, een van die oorsake van die Groot Trek.

Lord Charles Somerset het kwaad saad gesaai wat vandag nog (byna 120 jaar daarna) sure vrugte afwerp. Mev. McKerron verklaar in *A History of Education in South Africa* (bl. 120): "To-day his policy seems harsh and despotic, and yet it was a policy common in his day. The blame is to be laid not so much on the English as an individual nation as on the spirit of the times." Waar die blaam ook al gelê moet word, bly die feit dat die Hollandsprekendes daardie veronregting nie vergeet het nie. Dr. E. G. Malherbe sê in sy *Education in South Africa* (bl. 58) hieroor: "As a means of altering the language of the great body of Europeans in this country, these measures were an utter failure. In truth, they operated in the contrary direction, for hundreds of parents who otherwise would have had their children taught English now refused to do so, and the total number of children attending school decreased considerably."

Ons sal later merk dat Engeland so goed as dieselfde beleid byna 'n eeu later weer gevolg het, naamlik om na die Tweede Vryheidsoorlog in 1902 die Afrikaner deur middel van die skole te verengels. 'n Mens wonder of die blaam toe ook gelê moes word "on the spirit of the times."

Na die Groot Trek en die Konvensies van Bloemfontein en Sandrivier waardeur die Vrystaat en Transvaal se onafhanklikheid erken is, was daar in hierdie twee State geen taalmoeilikheid meer nie. Theal was van mening dat die taalvraagstuk in die kolonie homself sou oplos sonder uiterlike dwang. Die Boere was nooit gekant

teen die aanleer van Engels in die skole nie. Hoewel die onderwysfasiliteite in die begin maar baie primitief was, is in die O.V.S. sowel Engels as Hollands in die dorpskole geleer voor 1872, terwyl die meerderheid op die platteland moes besluit of hulle onderwys in Engels wou ontvang. Die medium was natuurlik uitsluitend Hollands. Die feit dat die Boere in die O.V.S. Engels in hul skole laat onderwys het, is bewys genoeg dat hulle nie teen die aanleer van daardie taal gekant was nie, maar toe hulle in die Kaap gedwing is om Engels te leer ten koste van hul eie taal, het hulle vyandig geword.

(b) Die Vraagstuk in die O.V.S. van 1872 tot 1899.

In 1874 het eerw. John Brebner Inspekteur van Skole in die O.V.S. geword. In 1891 is hy tot Superintendent van Onderwys benoem en het hy die wel en wee van die Vrystaters bestuur tot die uitbreek van die oorlog in 1899.

Tot dusver was daar in die O.V.S. geen vyandiggesindheid teen Engels as taal nie. Toe Brebner 'n inspeksiereis onderneem het in 1874, het hy in sommige skole gevind dat Hollands as medium gebruik word gedurende die eerste drie dae van die skoolweek en Engels as medium gedurende die res. Hierdie prosedure is gevolg, hoofsaaklik in dele waar sommige ouers net Hollands en ander weer net Engels as medium wou hê. Hierdie stelsel van sogenaamde dubbelmedium het tot chaos gelei en kon nie geduld word nie.

Die vernaamste karaktertrekke van die Brebnerstelsel met betrekking tot taalonderwys was dat sowel Engels as Hollands in die meeste skole geleer moes word; sommige

vakke is deur Hollands- en ander deur Engelsmedium onderrig.

Volgens die Ordonnansie van 1891 kon Engels of Hollands as medium gebruik word tot en met Std. II. Bo Std. II mog altwee tale gebruik word met dié voorbehoud dat minstens die helfte van die vakke deur Hollandsmedium geleer moes word. Die gebruik van Hollandsmedium is natuurlik strenger gehandhaaf, wat vanselfsprekend was, hoewel daar geen vooroordeel teen die gebruik van Engels was nie.

HOOFSTUK II.

(a) Transvaal: 1866—1872.

Net soos in die O.V.S. was die onderwysfasiliteite in Transvaal in die begin ook maar primitief.

Eers in 1866 word 'n regulasie uitgevaardig vir die daarstelling van 'n algemene Kommissie van Onderwys wat o.a. moes toesien dat, waar enigsins moontlik, Engels sowel as Hollands onderwys moes word. Indien nodig, moes 'n ekstra leerkrag aangestel word vir hierdie doel en voorkeur moes gegee word aan 'n onderwyser wat ook die Engelse taal ken.

Uit die inhoud van hierdie Regulasie blyk duidelik dat die Boere nie teen die aanleer van die Engelse taal gekant was nie. Volgens Malherbe (*Education in South Africa*, bl. 231) het Engels vinnig veld gewen en baie Engelse onderwysers(-esse) was in die skole werksaam gedurende die volgende jare. In Pretoria is bv. parallel-klasse ingestel met Hollands en Engels as media. Op Potchefstroom het 22 uit die 62 leerlinge hul onderwys uitsluitend deur Engels-, 20 uitsluitend deur Hollands-medium en 20 deur altwee media ontvang.

(b) 1872—1877.

In 1872 word Burgers President van die S.A.R.

In 1874 word Wet No. 4 — die sogenaamde Burgerswet — uitgevaardig wat voorsiening maak vir die daarstelling

van 'n Onderwysstelsel onder 'n Staatsonderwysdepartement. In 1876 het hierdie wet in werking getree.

Hierdie wet het die skole verdeel in:—

- (1) Wykskole vir die platteland,
- (2) Dorpskole (in die grootste dorpe), en
- (3) Skole vir middelbare en hoër onderwys soos bv. die Gimnasium op Pretoria.

In die skole onder (1) het die leerplan ingesluit Lees, Rekene, Skrif, die Hollandse Taal, Aardrykskunde, Geskiedenis en Sang. In die leerplan van skole onder (2) is ingesluit tale (met spesiale vermelding van Engels), en wat (3) betref, word Engels en Nederlands ook ingesluit as vakke.

In 1877 word die S.A.R. deur Engeland geannekseer.

(c) Die Anneksasieperiode: 1877—1881.

Dr. Lyle word Superintendent van Onderwys in 1877. Volgens hom was daar 'n toenemende begeerte onder die volk om Engels te leer.

Lyle se standpunt ten opsigte van die mediumvraagstuk was heeltemal gematigd. Hy beweer dat, in aanmerking geneem die bewoording van die Proklamasie wat Transvaal annekseer, dit nie absoluut regverdig sou wees om Engels die enigste medium van onderwys in die skole te maak nie; tog sou dit ook nie onder daardie omstandighede die hele bevolking tevrede stel om Hollands die enigste medium te maak nie. Om egter die aanvangs-onderwys deur altwee media te gee, lyk vir hom te veel van die jeug geverg en sou die onontwikkelde brein onnodig belas. Sy opinie was dat, behalwe in besondere

gevalle, so'n proses 'n belemmerende en vertragende invloed moes uitoefen; en kinders, onder so'n stelsel opgevoed, sou nie die gemiddelde ontwikkeling toon wat gelykstaan met dié van lande waar net een taal in die laeronderwys gebruik word nie. Dat Lyle volkome gelyk gehad het, sal blyk uit wetenskaplike ondersoek op hierdie gebied (soos o.a. deur D. J. Saer: *The effects of bilingualism on the early development of the child*).

In 1879 word ds. H. S. Bosman agerende Superintendent van Onderwys.

Die Onderwyswet (No. 10 van 1880) wat die Burgerswet van 1874 herroep, word uitgevaardig.

Gedurende hierdie tydperk het daar verskeie bloeiende Engelse skole bestaan, aangesien die Wet van 1874 die ouers die reg gegee het om die medium van onderwys self te kies, hetsy Hollands, hetsy Engels.

Daar was al in 1876 — volgens die rapport van die Superintendent — 12 gesubsidieerde skole waarvan 8 suiwer Engelsmediumskole was met 71 leerlinge; 3 was suiwer Hollandsmediumskole met 50 leerlinge; 1 in Rustenburg het Hollands en Engels as media gehad. (Sien rapport van Superintendent, 1886).

(d) Transvaal: 1881—1891.

In 1881 word ds. S. J. du Toit Superintendent van Onderwys.

Die Onderwyswet van 1882 het net Hollands as medium van onderwys erken. Die uitvoering van die wet was egter maar laks en is eers in 1892 onder dr. Mansvelt as Superintendent strenger toegepas.

As ons die twee wette met mekaar vergelyk, nl. die Burgerswet van 1874 en die du Toitwet van 1882, skyn die eerste meer liberaal te wees as die laaste.

Gedurende die tydperk 1874—1891 kan die politieke agtergrond beskou word as verteenwoordig deur vier partye.

Daar was in 1874 toe daardie Wet tot stand gekom het, in die eerste plek die Burgersparty wat, hoewel bepaald pro-Hollander, tog nie anti-Engels was nie. President Burgers se liberale sienswyse, wat die politiek en die godsdiens betref het, word ook in sy onderwysbeleid weerspieël.

Daar was verder die Kruger-du Toitparty wat sedert die anneksasie al sterker en sterker geword het en wat die oorhand behaal het in 1881 toe Kruger President geword het. Hierdie party was bepaald anti-Engels. In 1882 word die sgn. du Toitonderwyswet aangeneem.

As 'n mens egter die loop van die hele geskiedenis van daardie tydperk, nl. die anneksasieperiode, grondig bestudeer, met inagneming van die geskiedenis van die Afrikanervolk voor die Groot Trek, kan 'n mens die politiek van pres. Kruger beter begryp.

Tussen hierdie twee partye was daar 'n gematigde party, verteenwoordig deur mense soos dr. Lyle en ds. Bosman. Hulle was in 'n sekere mate pro-Engels, d.w.s. hulle sou die onderwys van Engels in die skole verdra en selfs aangemoedig het en sou voorkeur gegee het aan die in S.A. gebore onderwyser uit die Kaap bo die ingevoerde onderwyser uit Holland. (Vgl. Malherbe: *Education in South Africa*, bls. 259—260).

En eindelijk was daar die deur-en-deur Engelse party wat veral gedurende die Mansveltrégime tot die ander uiterste sou gaan.

(e) Transvaal: 1891—1899.

In 1891 word dr. Mansvelt Superintendent van Onderwys. In die volgende jaar word Wet No. 8 van 1892 (die Mansveltwet) uitgevaardig.

Wet No. 8 van 1892 (wat Wet No. 1 van 1882 vervang) word goedgekeur by besluit van die Ed.Agb. Eerste Volksraad, d.d. 2 Junie 1892, Art. 362.

Art. 24 van die Wet lui: „Alle onderwys moet gegee word in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreemde talen is het den onderwijzer geoorloofd zich van de taal te bedienen, welke hij onderwijst.” Art. 25 lui: „Bij het Lager Onderwijs mogen, des vereischt, alleen in den derden Standaard drie van de vijf-entwintig door de Regering gevorderde uren per week (zie Art. 26) aan het onderwijs van eene levende taal gewijd worden.” (By Middelbare Onderwys mag, waar ouers dit verlang, 4 van die 25 uur per week daaraan gegee word).

Volgens Art. 344, d.d. Woensdag, 1 Junie 1892, word vir skole met 'n ander taalmedium as Hollands die volgende subsidies betaal as die leerlinge onderrig ontvang van 'n bevoegde en deur die Superintendent goedgekeurde onderwyser in die Hollandse Taal. Hul kennis van hierdie taal sou beoordeel word volgens die gewone standaard van onderwys vir sover dit die praktiese en teoretiese kennis betref:

Std.	I	vir	elke	leerling	20/-
"	II	"	"	"	22/6
"	III	"	"	"	25/-
"	IV	"	"	"	27/6
"	V	"	"	"	30/-
"	VI	"	"	"	32/6

Kragtens Staatskennisgewing No. 237 (R.4913/93) is bostaande Art. 344 so gewysig dat leerlinge ook onderrig in die Geskiedenis van S.A. en in die besonder dié van die S.A. Republiek sou ontvang en die subsidies is toe as volg verhoog:

Std.	I	vir	elke	leerling	25/-
"	II	"	"	"	30/-
"	III	"	"	"	35/-
"	IV	"	"	"	40/-
"	V	"	"	"	45/-
"	VI	"	"	"	50/-

In die Staatskole is egter kragtens Staatskennisgewing No. 431, d.d. 15 Okt. 1894, die maksimum subsidie vir Laer Onderwys 30/-; vir Middelbare Onderwys 40/- (d.w.s. tot Std VI).

Die Superintendent van Onderwys het eenvoudig die taalbepalinge van die Wet van 1882 strenger begin toepas.

Baie Engelsmediumskole wat misbruik gemaak het van die laksheid van die administrasie in die toepassing van die Taalklousules, moes die subsidies wat hulle tot dusver op 'n onderduimse wyse ontvang het, laat vaar.

Dis waar dat die strenger toepassing van die Wet die vinnigaanwassende Engelse bevolking, veral op die Rand, moeilikhede besorg het, maar as ons hierdie bepalings gaan

vergelyk met dié wat die Milnerrégime na 1902 op die Afrikanerbevolking toegepas het, was hulle onder die omstandighede baie liberaal.

Die S.A. Republiek was 'n soewerein onafhanklike Staat en, soos enige ander land ter wêreld, eis hulle tereg in hul eie skole hul eie moedertaal as medium.

Die Krugerrégime het niemand verplig om Hollands in sy privaatskool as medium te gebruik nie. Hulle het selfs sover gegaan om 'n staatsubsidie aan die Engelse skole te betaal as hulle Hollands net as 'n tweede of derde taal aanleer (daar was geen sprake van medium nie), asook S.A. Geskiedenis en veral dié van die S.A. Republiek leer. En die subsidies was hoër as wat aan die Hollandsmediumskole betaal is (vgl. bostaande tabelle). Dit was tog 'n billike eis van die Regering as hulle die subsidies moes betaal!

Die Regering was glad nie gekant teen die aanleer van Engels in die Staatskole nie. In die Wet word voorsiening gemaak vir die aanleer van 'n tweede taal na Std. II tot 3 uur en in die hoër standerds tot 4 uur per week. En die tweede taal wat aangeleer is, was Engels. Nou vra die Regering die Engelse skole om ook soveel uur per week aan Hollands en S.A. Geskiedenis te wy en bied boonop 'n hoër subsidie daarvoor aan. Voorwaar, billiker kan dit nie.

Hierdie regulasies was vir die Engelse bevolking, onaanneemlik. Die meeste privaatskole het derhalwe die subsidie laat vaar. Enkeles het egter gebruik gemaak daarvan, o.a. die Duitse Skool in Johannesburg wat met sukses gewerk het.

Die meeste Engelse skole het beweer dat daar so min Engelse kinders aan die vereistes kon voldoen om te kan slaag (alhoewel die vereiste standaard een laer was as dié van die huistaal) dat die subsidies ontoereikend was om 'n Hollandssprekende onderwyser op hul personeel aan te hou. Dit was maar 'n flou ekskuus, want Engelse kinders kry dit seker nie moeiliker om 'n vreemde taal aan te leer as Hollandssprekende kinders nie.

In sy verslag oor die jaar 1894 wys die Superintendent daarop dat, niesteenstaande die Regering die toekenning van subsidies met 'n jaar verleng het, daar slegs 5 skole met 'n vreemde medium die subsidie getrek het. Dr. Mansvelt sê dit bevestig wat hy in sy vorige verslag gesê het, nl. „dat het niet anders dan aan onwil toe te schrijven is, dat ook niet elders meer van de voordeelige bepalingen van genoemde besluit (Art. 344) gebruik wordt gemaakt.” Hy wys verder in sy verslag daarop hoe die Engelse dag-blaaie in Johannesburg 'n „onoverkomelijke objectie” teen die onderwysbeleid het om hul kinders tot „Dutchmen” te sien oplei. Dit alles, niesteenstaande die feit dat die vreemde-deling in alles vry was — eie skole, eie medium, ens.; hulle moes hulle net aan die bepaling hou om in aanmerking te kom vir die subsidie. Die Superintendent sê dat hy oortuig daarvan was dat dit nie die Britse werks-mense was wat die „onoverkomelijke objectie” gehad het nie, maar dit was „de politieke raddraaiers en stoke-branden” wat, oortuig dat die bolwerk van die Republiek se onafhanklikheid in die behoud en handhawing van die Hollandse taal gelê het, juis hierop hul vernaamste aanvalle gemaak het, en „geen poging onaangeroerd laten om

bij den vreemdeling tegenzin tegen al wat „Dutch” is op te wekken en tevens bij onze menschen den waan te doen ontstaan of te versterken, dat kennis van de Engelse taal het *eene* noodige of althans het eerste vereischte is om in de maatschappij te kunnen slagen.”

Presies so is dit vandag nog. Dit het die onlangse geskreeu van die Engelse koerante oor Afrikaans in die Radiodiens weer duidelik bewys. Terwyl, soos ons hoop, die gewone Engelsman nie teen alles wat Afrikaans is, gekant is nie, word daar dikwels op 'n afkeurenswaardige wyse namens hom in die pers onverantwoordelike jingoïstiese menings verkondig.

Die Volksraad het later selfs verder gegaan om in die onderwysbehoefte van die massa vreemdelinge op die goudvelde te voorsien. Hulle kon hulle nie net op plaaslike inisiatief en die subsidiestelsel meer verlaat nie. Kragtens Wet No. 15 van 1896 het die Regering 8 skole oorgeneem. In die 4e kwartaal van 1897 het hulle 362 leerlinge gehad wat die Staat £3,840 gekos het, nadat skoolgelde tot 'n bedrag van £302 afgetrek was.

Uit die jaarrapport (1898) van die Superintendent blyk dat daar op die end van 1897 die volgende staatskole op geproklameerde goudvelde was ooreenkomstig Wet No. 15 van 1896:

Op Johannesburg 3: een met Hollands- en twee met Engelsmedium.

Op Maraisburg: 1 met Hollands- en Engelsmedium.

Op Barberton: 1 met Engelsmedium.

Op Klerksdorp: 1 met Hollands- en Engelsmedium.

Op Kaapsche Hoop: 1 met Hollands- en Engelsmedium.

Hieruit blyk weer duidelik dat die eerste doel van die onderwysstelsel van die Staat was om die kinders hul aanvangsonderwys deur hulle eie moedertaal te gee, of hulle nou Hollands- of Engelssprekend was. Hier het ons suiwer Engels- en suiwer Hollandsmediumskole en hier het ons ook die eerste poging tot die stigting van parallelklasse waarin elke kind deur sy moedertaal sy onderwys kon ontvang.

Inspekteur Nieuwenhuize sê in sy rapport in 1898: „In vergelyking met die bepalingen van ons gesubsidiëerde onderwys mag gerust gezegd worden dat de uitlanders die geen Hollandsch kunnen spreken, onder Wet No. 15 van 1896 meer voorrechten genieten dan de oorspronklijke bevolking onder de oude schoolwet.” En verder: „Over 't geheel genomen heb ik noch in de Staatscholen noch in de Besluitscholen den indruk gekregen, dat er met harte-lijkheid door de leerlingen wordt medegewerkt om de Hollandsche Taal machtig te worden. 't Komt mij voor, dat 't leeren van deze taal op de Besluitscholen op bevel der onderwijzers geschiedt, opdat de subsidie toch maar zou verkregen worden en op de Staatscholen op bevel der ouders, omdat het schoolgeld er gering is.”

Hierdie subsidie was eers beskikbaar van 1 Julie 1892 tot 1 Julie 1895, is toe verleng met drie jaar tot 1 Julie 1898 en daarna weer met 3 jaar (E.V.R. Besluit. Art. 274, d.d. 26 Mei 1898). Die Regering het nou geëis dat in elke standaard minstens 5 uur per week aan onderwys in die landstaal bestee en dat Geskiedenis ook deur die landstaal onderwys moes word.

Ons kan volstaan met te verwys na die mening van

Malherbe (*Educ. in S.A.* bl. 287), dat die V.R. besluit (Art. 344 van 1892) en Wet No. 15 van 1896 wat staatsondersteuning aan die Uitlanders gegee het, "exceeded the limits of liberality, since not even for the actual citizens of the Republic was so much done by the State as for the foreigners on the Goldfields. It is hard to see how a foreign people could have expected better treatment in any country as far as education was concerned."

In 1898 is 'n kwart van die totale uitgawes aan onderwys bestee aan die belange van die Uitlanderkinders op die goudvelde.

In 1896 vind die Jameson-inval plaas. Die gemoedere was opgesweep. Daar was wedersydse argwaan, haat en nyd tussen Engelsman en Afrikaner. Die politiek het ook die onderwys van die kind ingesleep.

Mnr. Chamberlain skryf in Mei 1899: "The education system was more directed to forcing upon the Uitlander population the *habitual use* of the Dutch language than to imparting to them the rudiments of general knowledge."

Die Engelse deel van die bevolking se grief was dat die Onderwysdepartement daarop uit was om die Engelse kinders te „Dutchify” en maak beswaar daarteen dat hulle kinders deur Hollandsmedium geleer moes word.

Hierdie kyk op onderwyssake was net so vals as baie van die ander gewaande griewe van die Engelse Uitlanders in daardie bewoë dae. Geen ander Staat ter wêreld sou soveel konsiderasie vir die taal van vreemdelinge binne hul eie grense gehad het as die S.A. Republiek nie. Wat het Somerset in 1822 gedoen toe hy 60,000 Hollandse koloniste se taal totaal weggeneem het ter wille van

skaars 'n 8,000 Engelse koloniste? Wat sou Milner in 1902 doen ten opsigte van die Hollandse taal?

Aangesien die Engelse element al meer en meer die onafhanklikheid en nasionaliteit van die S.A. Republiek bedreig het, het die Regering die taalbepalings strenger gemaak.

In Oktober 1896 het die Volksraad besluit (Art. 1037 van 1898) om die minimumtyd waarin Hollands as medium gebruik moes word, as volg te spesifiseer:

In Standerds I en II:	1 uur per dag.
” ”	III: 1½ ” ” ”
” ”	IV: 2 ” ” ”
” ”	V: 3 ” ” ”
” ”	VI: $\frac{2}{3}$ van die skooltyd.

Deur die ontevredenheid van die Engelse element op die Rand is al in 1895 stappe gedoen om skole vir Engelse kinders te verbeter wat onafhanklik van die Staatskole sou staan. Van die rykste mynmagnate het hulle in hierdie rigting beywer en groot somme geld daarvoor gegee. Hier het ons die ontstaan van die “Witwatersrand Council of Education”.

Weens misverstand en politieke vooroordeel het baie Engelse ouers nie gebruik gemaak van die voorregte wat die Staat deur sy skole aan hulle gebied het nie en, toe die Volksraad in 1898 die taalbepalings strenger maak, het daar 'n hewige protes opgegaan, met die gevolg dat die Engelse skole op die Rand wat deur die “W.W. Rand Council of Education” as opposisie teen Staatskole gestig was, baie gegroei en vermeerder het.

Hierdie "W.W.R. Council of Education" het vanuit 'n bloot seksionele standpunt ongetwyfeld baie gedoen vir die Engelssprekendes op die Rand. Terselfdertyd het dit egter gedien om die rasseverskille te benadruk en soos McKerron (*A History of Education in S.A.*, bl. 45) sê: "The Dutch were suspicious of its activities, for they regarded it as a menace to their national existence, and when this movement is considered in conjunction with the Jameson Raid, it is easy to understand their fears."

Aangesien dit die onderwysbeleid van die S.A. Republiek was om die aanvangsonderwys van kinders deur middel van hulle moedertaal te laat geskied en geleidelik die tweede taal, wat die uitlander-bevolking betref, in te voer, kan 'n mens die besluit (Art. 1037 van 1898) alleen vanuit 'n opvoedkundige standpunt kritiseer, nl. dat die invoering van die vreemde taal as medium te vroeg sou begin. Maar die toestande in die S.A. Republiek was op elke gebied van so'n aard dat Engeland die kaart van Transvaal rooi wou en sou verf, al sou pres. Kruger ook alles toegee.

Die oorsaak van die Tweede Vryheidsoorlog was nie die sogenaamde griewe van die Engelse Uitlanders nie—soos onthouding van die stemreg, ontevredenheid oor die onderwysbeleid, ens.—maar die sug na die wêreld se rykste goudmyne.

In 1899 bars die oorlog los.

HOOFSTUK III.

Die Oorlogsperiode: 1899—1902.

Dit spreek vanself dat die oorlog in die Vrystaat en in Transvaal die onderwys 'n geweldige klap toegedien het. Langsamerhand het alles gedeseorganiseerd geraak.

Later toe die Engelse die grootste deel van die land in besit geneem en vrouens en kinders in konsentrasiekampe verwyder het, is 'n poging deur die Engelse owerheid gemaak om die onderwys so goed as dit onder daardie omstandighede moontlik was, voort te sit.

Skole word in die konsentrasiekampe gestig en ook elders. Die medium van hierdie skole sou deurgaans Engels wees. Onderwysers(-esse) is ingevoer vanuit die Britse Eilande, Kanada, Australië en Nieu-Seeland om die Boere te verengels.

Die heer E. B. Sargant het as waarnemende Direkteur van Onderwys opgetree, sowel vir die O.V.S. as vir Transvaal. Uit sy rapport oor die halfjaar, eindigende 30 Junie 1901, blyk dat in Mei 1901 die volgende aantal kinders skole besoek het:—

In die O.R. Kolonie (soos die O.V.S. toe genoem is): 1682

In die Kampskole v/d O.R.K.: 2001

Totaal 3683

In Transvaal:

Pretoria	408
Johannesburg	1504
Kampskole	2174
	<hr/>
Totaal	4086

In dieselfde rapport sê die waarnemende Direkteur van Onderwys oor die gebruik van die Hollandse taal in die skole die volgende: "There can be no doubt that for purposes of modern life—for commerce, for law, for official purposes—English must be the paramount, and, indeed, the only language throughout South Africa."

Aangesien hy van oordeel was dat Taal en Godsdienst baie nou aan mekaar verbonde is in die lewe van die burgers, sê hy: "I have therefore determined to propose that English shall be the medium of instruction in all secular subjects, but that Dutch shall be retained as the medium for the religious instruction of those children of Cape Dutch extraction whose parents desire its use in this connection."

Wat 'n genade vir die arme Boer in vergelyking met die voorregte wat die Engelse net 'n paar jaar van tevore geniet het onder die nou oorwonne Boer!

Die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys wat die Engelse geniet het, plus nog 'n subsidie onder die S.A.R., word nou totaal oorboord gegooi ter wille van "political expediency," want die Afrikaner moet sommer uit die staanspoor deur die skole verengels word.

Of sou dit ook miskien te wyte wees aan die "spirit of the times?"

Dit was die Milnerpolitiek: Verengels die Boere se kinders deur hulle alles op skool deur Engelsmedium te laat leer, of dit nou opvoedkundig of sielkundig gesond is of nie, dan het jy verder geen moeite met hulle later nie.

Maar Milner het nie rekening met die besembos gehou nie: „my doodkry is min!”

Mnr. Sargant skyn egter 'n besadigde en verstandige Engelsman te gewees het. Hy sê: “I am anxious that all teachers under me, except perhaps those in Johannesburg, should learn sufficient of the „Taal” to be able to exchange courtesies with the burgher and his wife.”

HOOFSTUK IV.

O.V.S. en Transvaal: 1902—1905.

Na die vrede van 1902 het Engeland sy Staatsmag gebruik om die Afrikanervolk deur die medium van sy skole te denasionaliseer. "Anglicise the Dutch through the schools" was die Milnerkreet. 'n Nuwe mag—uitsluitend Engels—het nou die bestuur van sake in hande en alles in die ou S.A.R. se onderwyspolitiek moet padgee. Nie een Afrikaner word benoem tot Inspekteur van Onderwys nie; al die amptenare van die Onderwysdepartement is persone wat sekerlik nie simpatiek gesind was nie. Milner se ideaal moet so gou as moontlik verwesenlik word in die twee verpletterde Republieke wat in ooreenstemming gebring moet word met die volbloed-Engelse Natal en die byna totaal verengelste Kaapkolonie. Die individu besit geen reg nie. Alle individualisme word opgeoffer aan die belange van die groep, die Staat en die „Empaaier" (vgl. E. G. Malherbe: *Educ. in S.A.*, bl. 315).

In 1903 word mnr. Sargant aangestel as Direkteur van Onderwys in die O.R. Kolonie en mnr. Fabian Ware in Transvaal. In dieselfde jaar word twee Ordonnansies (Nos. 7 en 27) uitgevaardig vir Transvaal en die O.R.K. respektiewelik.

Hierdie Ordonnansies lê bepalings neer in verband met die Hollandse taal in die Staatskole van die twee Kolonies en wel as volg:—

“Any scholar shall *at the request of the parents or guardian* (die skrywer kursifeer) receive instruction in the Dutch language for 3 hours a week. The instruction under this section may be additional to instruction in Bible History and Religious instruction given in the Dutch language (if desired) under the provision of the last preceding section (wat Godsdiensonderwys opsioneel gemaak het), provided that the total time devoted to instruction given in the Dutch language, under this section and the last preceding section, shall not exceed 5 hours per week.”
Origens was die medium deurgaans Engels.

Vergelyk hierdie regulasie met dié onder dr. Mansveldt voor die oorlog. Onder daardie Wet kon die Engelse skole 20 uit die 25 uur aan lesse deur Engelsmedium wy en net 5 uur aan Hollands en S.A. Geskiedenis. Onder die Ordonnansie van 1903 moet die Afrikanerbevolking 20 uit die 25 uur per week alles deur Engelsmedium leer en slegs 5 uur per week aan onderrig van die Hollandse Taal en Godsdien ontvang. Kommentaar is hier seker oorbodig.

Daardie woorde in die Ordonnansie “at the request of his parent or guardian” was ’n mooi vangplek vir die Afrikaanse ouer, net soos dieselfde woorde later in 1907 die slagyster was waarin honderde, miskien duisende, Afrikaanse ouers en voogde sou trap.

Die regulasie bepaal dat ’n kind soveel uur per week les in die Hollandse taal en Godsdien sal ontvang as die ouer dit spesiaal vra; m.a.w. as die ouer of voog dit nie spesiaal vra nie, word veronderstel dat hy dit nie verlang nie.

Waarom moet die Afrikaanse ouer dit spesiaal vra?

Het hy nie uit die aard van die saak *reg* daarop nie? Wat was die gevolg van daardie onskuldige paar woorde? Talle van ouers het, òf deur onkunde van die regulasies òf deur min belangstelling, nie daardie voorreggie spesiaal gevra nie en gevolglik het hul kinders dit ook nie ontvang nie.

Dat die Afrikaners ontevrede was oor hierdie toestand van sake, spreek vanself. In Sept. 1903 word 'n petisie aan die Goewerneur gestuur waarin in paragraaf 2 gevra word om die tyd vir die onderwys van Hollands te verleng.

“That at least 5 hours per week shall be devoted in all schools to the teaching of the Dutch language, which is the language of a very large majority of the population of this Colony” (O.R.C.). (Petisie Sept. 1903; par. 2).

'n Mens verbaas jou vandag dat die volk net dit gevra het. Hulle roer nie eers die kwessie van medium aan nie—hulle vra net 5 uur per week vir Hollands as taal. Voorwaar, 'n meer as billike versoek! En wat was die antwoord van die Goewerneur? Op 11 Nov. 1903 antwoord hy o.a. as volg (par. 2): “Apart from the general advantage which will accrue from the English Language being the medium of instruction for the children of white parents, now that this state has become a part of the British Empire, the Government have felt it their duty to such children individually to provide them with the education which is most likely to be of use to them when they reach maturer years.

The English Language, if not the commercial language of every part of the world, is most certainly that of South Africa, and consequently a thorough knowledge of it is of the first importance to the rising generation of this Colony.

For these reasons, if for no others, English has been adopted and must be retained as the principal medium of teaching. (Hy kon net so goed gesê het „as the only medium,” want so was dit in werklikheid).

Whilst however, laying the very greatest stress upon a sound linguistic training in English, the Government recognise fully that there are many parents who desire that their children should acquire a competent knowledge of the Dutch language....

To meet this desire.... the Government has under Ord. 27 of 1903 set apart 3 hours per week for instruction in Dutch and has allotted 2 hours in addition to instruction in Bible History. Since instruction in Bible History necessarily includes close attention to the actual words of the Bible, many parents will consider that this is one of the best lessons in High Dutch for their children and will rest satisfied that in reality 5 hours a week may be devoted to the study of that language under the Ordinance.

In all the circumstances I think it is clear that the Government has gone as far as one can reasonably be expected in meeting the wishes of the petitioners in this respect and I cannot hold out hopes of any further increase in the hours to be devoted to the teaching of Dutch.”

Hier het ons dieselfde ongegronde argument as wat vandag nog verkondig word, nl. dat die kennis van 'n taal (hier Engels) sinoniem is met verstandsontwikkeling en dat kennis van die Engelse taal die panasee vir al die menslike kwale is.

Vergelyk nou hier weer die Mansveltwet wat die

geleidelike invoering van Hollands beoog het, en die storms van verontwaardiging wat daar losgebars het.

Alles in aanmerking geneem, was die Mansveltrégime seker verstandiger, opvoedkundig gesonder en baie meer liberaal teenoor die Engelse bevolking as die Milnerrégime van 1902 teenoor die Afrikaanse gemeenskap; en tog is Mansvelt beskou as "inveterately hostile to the interests of the British section of the Uitlander community." As ons Mansvelt se 2/3des in Std. VI vergelyk met Milner se 4/5des vanaf Graad I, wanneer dit in die kraam van die Engelse belange te pas kom, kan ons met W. A. Russel saamstem waar hy in verband met die voorgaande argument praat van: "an evident subterfuge and carries no conviction." (*Education in S.A.*, bl. 320).

Dat die opvoedkundige verlies kolossaal was waar 90% van die bevolking, nl. die Afrikaanssprekendes, hulle aanvangsonderwys deur 'n medium moes ontvang wat hulle nie verstaan het nie, spreek vanself. Dis eienaardig dat daar vandag nog mense is (Afrikaanssprekendes) wat hulle kroos deur 'n vreemde medium laat opvoed.

Die Boere was nooit gekant teen die aanleer van Engels as taal nie—hulle het die handelswaarde daarvan besef nog lank voor die oorlog en dit was glad nie vir die Goewerneur in sy antwoord nodig om die petitionarisse daarop te wys nie—maar om Engels die uitsluitende medium van onderwys te maak, was 'n voël van ander vere.

Die rapport van 1904 van die Direkteur van Onderwys (Transvaal) gee bv. die volgende statistiek in verband met die aantal skole wat die kode-onderwys volg in Engels

en Hollands en die aantal kinders wat in elkeen onderwys ontvang:

	Dorpskole.		Plattelandse Skole.	
	Skole:	Leerlinge.	Skole:	Leerlinge.
Engels lese	106	16,204	268	9,187
Hollands lese ..	73	4,307	242	6,766
Eng. stylwerk ..	105	13,271	249	5,101
Holl. stylwerk ..	68	3,437	198	3,958
Eng. taalwerk ..	106	5,840	224	3,866
Holl. taalwerk ..	69	2,669	177	3,243

Dat die Afrikaanse kind geweldig gely het, val nie te betwyfel nie, aangesien hy eerstens deur 'n vreemde medium (Engels) moes leer en tweedens 'n vreemde taal (Hooghollands) as taal moes leer. Volgens 'n rapport van mnr. Nico Hofmeyr (Inspekteur van Skole) in 1904 was die vooruitgang van Afrikaanssprekende kinders maar swak, wat die twee tale betref. Die medium was 'n vreemde taal, die Skoolhollands was nie die huistaal nie—die Afrikaanse kind het gesukkel met Hooghollands, om nie van die Engelse kind te praat nie—en daar was maar min bekwame onderwysers om Hollands te doseer. Lees het nog gegaan, maar Taal- en Stylwerk was maar sleg.

Net soos die "W.W. Rand Council of Education" voor die oorlog opposisieskole met Engelsmedium gestig het, so het die Afrikaners ook nou skole gestig vir Christelik-Nasionale Onderwys—die C.N.O. in die Vrystaat en Transvaal—met Hollandsmedium.

Die twee groot oorsake vir hulle stigting was (1) die weiering van die Regering om die volk toe te laat om hulle eie verteenwoordigers vir plaaslike besture te kies

deur wie hulle hul eie onderwysers kon benoem, en (2) die onderdrukking van hulle taal waardeur die nasionaliteit en volksbewussyn bedreig is.

In 1905 het daar kragtens Ordonnansie No. 29 van 1905 'n klein verbetering plaasgevind, wat betref die twee tale op skool.

Hoofstuk XI: Par. 53 lui:

"Any scholar shall at the request of his parent or guardian receive instruction in the Dutch Language."

Par. 54 lui:

"English shall be the medium of instruction in schools, but the time allotted to the teaching of English and Dutch, as languages, shall be the same."

In dieselfde jaar (17 Nov. 1905) het daar 'n interessante memorandum van die hand van Lord Selborne verskyn oor die taalvraagstuk.

In hierdie stuk onderskei hy duidelik tussen (a) die vraagstuk van medium en (b) die vraagstuk van taal deur taallesse.

Lord Selborne gaan uit van 'n suiwer opvoedkundige standpunt en lê die gesonde beginsel neer dat 'n kind sy aanvangsonderwys moet geniet deur die taal aan sy moeder se knie geleer, of dit nou Hollands of Afrikaans of Engels is, en dat die tweede taal, of dit Hollands of Engels is, aangeleer moet word as 'n gewone skoolvak deur middel van taallesse.

Sover argumenteer Lord Selborne logies, opvoedkundig en sielkundig, maar nou word hy weer weggevoer deur politieke beweegredes. Hy verklaar dat die Engelse taal so belangrik vir die Afrikaanssprekende kind is dat dit

die medium behoort te wees in elke vak, behalwe in die Hollandse taallesse—selfs voor Std. III.

Hy redeneer natuurlik nie in die teenoorgestelde rigting nie, nl. dat die Engelse kind so gou as hy begin Hollands (Afrikaans) verstaan, deur medium van hierdie taal sy onderwys moet ontvang, want Hollands (Afrikaans) is van minderwaardige belang selfs vir die Afrikaanssprekende kind. Lord Selborne toon hier weer, nes sy voorgangers, dat die Empaaiërbelange sy gesonde verstand oormeester het.

En die vraag kom op hierdie stadium by ons op of dit nou waar is dat 'n kind 'n taal grondiger leer as hy daardie taal as medium in sy ander skoolvakke gebruik.

Leer 'n kind nou in die klaskamer 'n taal praat (want die grootste voordeel skyn in die praat van 'n taal te lê)? Is die bevoegdheid om (in hierdie geval vir die Afrikaanse kind) die Engelse taal vlot te kan praat, nou soveel meer werd as die ontwikkeling van sy verstand en al sy geestesinhoud deur middel van sy eie taal? Hoever moet 'n kind deur medium van sy eie taal gevorder wees voor hy sonder skade deur medium van 'n ander taal kan leer?

Sommige van hierdie vrae lê buite die bestek van hierdie verhandeling, maar in die hoofstuk oor Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole kom ons op hierdie vrae terug.

Die Goewerneur voel dat Hollands in alle skole grondig geleer moet word aan kinders wie se ouers dit verlang (geen kind mag natuurlik Hollands leer as sy ouers beswaar maak nie), maar dieselfde opsie word nie gegee

ten opsigte van Engels nie (klaarblyklik omdat Engels so 'n vername taal, veral in die handel, is).

Goewermentskennisgewing No. 1117 van 1905 behels sy mening oor die taalvraagstuk as volg:--

“Teachers shall be allowed to use either English or Dutch as the medium of instruction, so long as they make themselves understood by the children, provided that English shall be used as the medium as soon as the children are able to follow the teacher's instructions in that language. A knowledge of English as prescribed for each standard shall be a condition of promotion from any one standard to a higher one.”

Die arme Afrikanertjies moes met ander woorde deur Afrikaanssprekende onderwysers blykbaar vanaf Standaard I deur Engelsmedium geleer word, ook op die platteland waar die skoolkinders 100% Afrikaans was. Tuis praat pa en ma en meester en kind Afrikaans, maar in die skool moet meester en die leerlinge Engels praat en soveel uur per week Nederlands leer wat nog die meester nog die kind kon bemeester. Dis 'n wonder dat die hele onderwysstelsel hulle nie almal oormeester het nie.

In 'n rapport oor 1905-6 skryf die heer P. Duncan (ons teenswoordige Goewerneur-Generaal), destyds van die Koloniale Sekretaris se kantoor, 'n inleiding waarin hy beweer dat die Selborne-Memorandum van 17 Nov. 1905 baie ver gegaan het om alle redelike gronde vir ontevredenheid te verwyder soos bv. die doeleindes van die stigting van die C.N.O. Skole en die beswaar dat die kode van die goewermentskole opgestel was met die doel om die Boerse nasionaliteit en taal te vernietig. Hy sê: “The present

HOOFSTUK V.

Die O.V.S. onder Verantwoordelike Regering: 1907—1910.

In 1907 het die O.V.S. as kroonkolonie hoër status ontvang, nl. Verantwoordelike Bestuur, en die eerste Minister van Onderwys was genl. J. B. M. Hertzog.

Die Skoolwet van 1908 (bekend as die Hertzogwet) was seker 'n groot stap vorentoe, wat betref die onderwysmedium in die O.V.S. Terselfdertyd het hierdie wet, veral onder die Engelse deel van die bevolking, baie moeilikhede en ontevredenheid veroorsaak.

Wet No. 35 van 1908 wat in werking getree het op 1 Nov. 1908, het voorsiening gemaak vir die beter beheer, toesig op, die ondersteuning, onderhoud en bevordering van onderwys en inrigtings van onderwys, openbare en private, van laer en middelbare aard.

Wat betref die medium- en taalklousules, bepaal die wet as volg:—

Art. 14: „De Hoofdonderwijzer van elke lagere en middelbare openbare school zal verplicht zijn zoveel mogelijk voorziening te maken voor en de gelijke behandeling van de Engelse en Hollandse taal in zulke school te handhaven ten einde grondige kennis van elk van deze talen bij de kinderen te verzekeren.”

In hierdie artikel het ons die gesonde nasionale beginsel van gelykstelling van Hollands met Engels wat tot dusver sedert die Tweede Vryheidsoorlog nie bestaan het nie.

Wat betref die medium van onderwys, bepaal Artikel 15 (1) as volg:

„Behoudens het onderricht in vreemde talen zullen Engels en Hollands de uitsluitende en gelijkwaardige medium van onderwys in elke openbare school zijn en zal elk kind tot en met Std. IV in *elk* onderwerp onderwezen worden *door middel van de taal die het best door zulk kind gesproken en begrepen wordt*, als het medium van onderwys voor zulk kind, (hier is geen sprake van huistaal of moedertaal wat in Transvaal later soveel moeilikheid sou veroorsaak nie, maar van die taal wat die *kind die beste praat en verstaan*) en de taal die niet het medium van onderwys van zulk kind is, zal in geleidelik toenemende mate zoveel als bestaanbaar is met de leeftyd en de bevatting („intelligence”) van het kind aangewend en gebezigd worden.”

Hier het ons weer die suiwer, gesonde, pedagogiese beginsel van onderwys deur middel van die taal wat die kind die beste praat en verstaan en, met die oog op tweetaligheid, die geleidelike invoering van die tweede taal vir sover die kind dit kan vat. Dis vandag nog 'n kwessie waar en wanneer die tweede taal ingevoer moet word—by die grade of later. Daar is opvoedkundiges wat meen dat die tweede taal eers by Std. II of III ingevoer behoort te word, sodat die kind eers goed tuis kan raak in sy eie taal.

15(2) Onderartikel (2) bepaal verder:

„Waar en wanneer 'n klas ten dele uit Engels- en ten dele uit Hollandssprekende kinderen samengesteld is,

zullen zowel Engels als Hollands zooveel doenlijk gelijkwaardige mediums van onderwijs voor de klas zijn."

Dit was veral hierdie onderartikel wat soveel misverstand veroorsaak het wat maklik uit die weg geruim kon gewees het deur die daarstelling van parallelklasse. Tot sover die medium van onderwys.

15(3,a). Wat betref die aanleer van die twee tale as vakke, bepaal onderartikel 3(a) as volg:

„Boven Std. III zullen zowel Engels als Hollands als talen aan ieder kind onderwezen worden; met dien verstande dat wanneer een ouder in geskifte verlangt dat zijn kind van de toepassing van deze subsektie ontheven worde en ten genoegte van de Direkteur aantoon dat, hetzij uit hoofde van de gezondheidstoestand van het kind, hetzij uit hoofde van de tijdelike aard van zijn verblijf in Zuid Afrika of om een andere genoegzame reden van soortgelijke aard, het voordelig voor het kind zal zijn om van de verplichting om de ene of andere van de twee talen te leren ontheven te worden, de Direkteur zulke ontheffing zal toestaan." Dit was hier nie die geval soos in Transvaal dat alleen Engels as taal verpligtend was nie; en verder waak die onderartikel daarteen dat 'n ouer om die een of ander beuselagtige gril vrystelling vra.

(b) „Het onderricht in de Engelse of Hollandse taal zal geschieden door middel van de taal, die het voorwerp van onderwijs is," d.w.s. die moderne, direkte metode moes gevolg word.

Tot sover bepaal die voorafgaande artikels kortliks as volg:—

(i) Gelyke behandeling van altwee tale;

- (ii) Die medium van onderwys tot en met Std. IV moet die taal wees wat die kind die beste praat en verstaan;
- (iii) Die tweede taal word geleidelik ingevoer;
- (iv) Vanaf Std. III moet elke kind altwee tale as vakke leer deur middel van die taal self. Vrstelling kan onder sekere voorwaardes verkry word;
- (v) Waar Engelse en Hollandse kinders in dieselfde klas of groep sit, moet altwee tale as medium, sover doenlik, gebruik word.

Met uitsondering van (iii) en (v) voldoen die Wet m.i. aan gesonde opvoedkundige beginsels.

Artikel 16 van die Wet bepaal as volg:—

16 (1) „Boven Std. IV en tot en met het Matrikulatie-examen of een daarmee gelijkstaand examen alreeds of in vervolg van tijd ingesteld, zal het minimum getal van hoofdonderwerpen onderwezen door middel van Hollands als medium zover doenlik drie in aantal zijn, en, met inachtneming van het voorgaande zal het getal van hoofdonderwerpen aldus te worden onderwezen in de ene of andere taal alsmede de biezondere hoofdonderwerpen aldus te worden onderwezen van jaar tot jaar door de schoolkommissie voor elk van hare schoolstandaards bepaald en vasgesteld worden....”

Hoofvakke vir Standerds V en VI sou wees Engels, Hollands, Geskiedenis, Aardrykskunde, Latyn, Rekenkunde, Stelkunde en Meetkunde.

Hoofvakke vir Standaard VII tot Matriek sou wees: Engels, Hollands, Latyn, Natuurkunde, Wiskunde, Grieks of Geskiedenis.

16 (2) Onderartikel (2) bepaal:

„Bij het onderricht in alle andere onderwerpen, die niet in onmiddellike verband staan met, of deel uitmaken van een of ander hoofdonderwerp, zullen Engels en Hollands zooveel doenlik in gelijke mate als mediums van onderwijs gebruikt worden.”

16 (3) Onderartikel (3) bepaal dat 'n ouer onder sekere omstandighede vrystelling kan vra.

Artikel 16 met sy onderartikels wyk af van die gesonde opvoedkundige beginsel, nl. onderwys tot en met Matriek deur die taal wat die kind die beste praat en verstaan.

Die wetgewers het hier meer van 'n breë nasionale standpunt uitgegaan met die oog op die omstandighede en die noodsaaklikheid van tweetaligheid en het blykbaar gemeen dat 'n kind na Std. IV al genoeg van die tweede taal ken om deur middel daarvan verder te leer.

Afgesien van die feit of ons hierdie stelsel vanuit 'n opvoedkundige of nasionale standpunt goed- of afkeur, nl. moedertaalonderwys tot en met Std. IV of desnoods Std. VI en dan verder altwee media op 'n absoluut gelyke voet, m.a.w. Enkelmedium tot Std. IV of VI en dan Dubbelmedium, was hierdie wet van 1908 oor die algemeen ongetwyfeld gesonder, sowel opvoedkundig as nasionaal, as die Smutswet van 1907 van Transvaal waarin kortliks die beginsel van moedertaalonderwys gehuldig word tot en met Std. III en daarna alles deur Engelsmedium moes geskied.

Waarom het hierdie bepalings van Wet No. 35 van 1908 so verskriklik baie ontevredenheid veroorsaak?

As ons die Wet vanuit 'n breë nasionale oogpunt beskou, kom dit ons as baie billik en regverdig voor,

behalwe natuurlik in die gevalle waar Engelse en Hollandse kinders dieselfde-skool besoek het en waar die bepalings in hierdie opsig nie al te duidelik was nie. (Vgl. Art. 15 Onderart. 2 en Art. 16 Onderart.2). Hierdie moeilikhede is later opgelos deur parallelklasse.

Die ontevredenheid was meestal van die kant van die Engelse bevolkingsgroep. Hulle het die bepalings beskou as 'n inbreuk op die vryheid van die indiwidu waar die Staat hom veplig om 'n tweede taal aan te leer. Hulle wou liever dat die ouer die beslissende keuse sou hê.

Natuurlik het ons hier, net soos vandag, die ou bekende Engelse politiek. Die Afrikaner kan wel gedwing word om Engels of deur Engelsmedium te leer — want dis vir sy eie beswil, sy hele bestaan hang mos volgens die Engelse mening daarvan af — maar as die Engelsman gedwing word om 'n bietjie Afrikaans te leer, dan is dit onnodig, tydverspilling, „a necessary evil,” verkragting van die vryheid van die indiwidu, ens., ens., ad nauseam.

Daar was nog 'n ander rede vir ontevredenheid. Daar was 'n baie groot aantal ingevoerde eentalige onderwysers (-esse) sowel as Inspekteurs van Skole wat gevoel het dat hul posisie haglik sou word deur die noodsaaklikheid om tweetalige amptenare aan te stel. Maar m.i. was daar geen grond vir ontevredenheid nie, omdat die wet nie alleen bestaande eentalige amptenare beskerm het nie, maar hulle genoeg tyd gegee het om tweetalig te word.

Die grootste moeilikheid het egter gelê in die interpretasie van die taalklousules. Elkeen het sy eie beskouing daaroor gehad — die Inspekteur, die Prinsipaal en die amptenaar van die Onderwysdepartement. Die Departement

ment het soveel briewe en klagtes ontvang dat 'n organiserende Inspekteur benoem moes word om deur lesings en demonstrasies die doel en bedoeling van die wet te verduidelik; die Direkteur moes ook verklarende omsendbriewe aan die skole stuur.

Op 11 Februarie 1909 stuur die Direkteur, mnr. Hugh Gunn, 'n omsendbrief aan Hoofde van Skole, Skoolkommissies, Skoolrade en Inspekteurs oor die taal- en mediumbepalings. Met betrekking tot dorpskole, hoofsaaklik waar Afrikaanse en Engelse kinders in dieselfde klas sit onder Std. IV, sê hy:

„The Act does not contemplate that the class should be divided into two sections, according to the languages best spoken and understood by the children, and such a course should, if possible, be avoided. If a teacher is bilingual, each class should be instructed in each subject through both mediums, the relative amount of time to be devoted to the one or the other medium to depend more or less upon the number of children in the class whose mother tongue is the one or the other language. If the teacher is not bilingual, arrangements should be made whereby the lessons are repeated by a teacher who can give these lessons in the other tongue.”

Hierdie verklaring het die onderwysers nie veel verder gebring nie. Die voor-die-hand-liggende oplossing was hier klaarblyklik parallelklasse.

In 'n Omsendbrief, d.d. 12 Maart 1909, verwys die Direkteur na sy Omsendbrief van 11/2/1909 in sake die taal- en mediumbepalings en wys hy daarop dat “the language which is not used as the medium of instruction

of any subject shall as far as possible be used as an additional medium of instruction for every such subject" (sien Art. 16 onderart. 2) en word verder op die noodsaaklikheid gewys om in die toekoms tweekalige onderwysers (-esse) te benoem.

In 'n Omsendbrief, d.d. 1 Junie 1909, skryf die Direkteur: "As it has been found necessary to point out to teachers and inspectors certain misunderstandings which have arisen owing to misconstructions put upon the provision of the language clauses of the School Act and of the directions contained in the Departmental Circular of the 11th Feb. last, attention is directed to the following." Hy wys dan daarop dat sommige onderwysers en inspekteurs onder die waan verkeer het dat die Wet die onderwys van die tweede taal onder Std. IV verbied. Hulle word daarop gewys dat die Kode gevolg moet word vir die tweede taal onder Std. IV, behalwe waar aan ouers vrystelling kragtens die Wet verleen is.

Verder wys hy daarop dat waar in die Omsendbrief van 11 Feb. gesê word "that the relative amount of time to be devoted to the one or the other medium to depend more or less upon the number of children in the class whose mother tongue is the one or the other language," dit in sommige gevalle toegepas word op Engels en Hollands, nie as *media* nie, maar as *vakke* van onderwys. "This is a most unjustifiable misconstruction placed upon very clear words," sê die Direkteur.

Verder sê hy dat die aangehaalde instruksies hierbo "that the relative... the other language," sommige inspekteurs en onderwysers verder gelei het tot „a

mathematical apportionment of time between English and Dutch according to the number of Dutch-speaking and English-speaking children in the class." Dit was nie die bedoeling van die Omsendbrief nie.

Deur die nie-behoorlik omlynde mediumbepalings het onderwysers ook verder soms 'n mengelmoes van die twee tale in die klaskamer gebruik, en soms die helfte van die les in die een en die ander helfte in die ander taal gegee en soms is die hele les weer in die ander meduim herhaal.

Dit skyn of sommige inspekteurs en onderwysers moeilikheid gesoek het in verband met die taal- en mediumbepalings. Drie Inspekteurs van Skole is afgedank deur die Minister van Onderwys — wat later tot 'n hofspraak gelei het.

HOOFSTUK VI.

Transvaal onder Verantwoordelike Bestuur: 1907—1910.

Soos ons reeds in Hoofstuk IV gesien het, was die toestand na 1902 presies dieselfde in Transvaal en in die Vrystaat, wat betref taal- en mediumbepalings.

Nadat Transvaal in 1907 ook Verantwoordelike Bestuur ontvang het, het genl. J. C. Smuts Minister van Onderwys geword.

Intussen het die C.N.O.-beweging in Transvaal net so vinnig veld gewen as in die O.V.S. en miskien nog vinniger weens ontevredenheid oor die taal- en mediumregulasies in die Staatskole. In 1907 word die sgn. Smuts-wet in Transvaal aangeneem waarin sekere klousules aan die voertaal gewy word.

Uit die Rapport van 1906—1907 van die Transvaalse Direkteur van Onderwys haal ons die volgende aan voor die werklike taal- en mediumbepalings bespreek word.

“The primary aim of education is not to develop and sustain any particular language, but is the development of the individual so that he may best promote his own welfare and that of the community.”

Met hierdie stelling is ons dit roerend eens maar in die uitleg daarvan bestaan daar 'n hewige meningsverskil. Die Engelse mening was (en is miskien vandag nog) dat „the individual may best promote his own welfare and that of the community” slegs as hy sy onderwys en

opvoeding deur Engelsmedium ontvang, terwyl die Afrikaanse mening en trouens ook die gesonde opvoedkundige beginsel is dat die indiwidu dit kan doen as hy deur sy eie moedertaal sy opvoeding en onderrig ontvang.

Hoofstuk VI Art. 30 van die Onderwyswet van 1907 lui:—

“The medium of instruction in the lower standards of any public school shall be the native language of the pupil which shall continue to be used as such medium for such time as is required to ensure proper educational progress and development. Where English is not the native language its use as a medium of instruction shall be gradually introduced and beyond the completion of the course prescribed for the 3rd Standard it shall be so used, save as is provided in Section 32”; m.a.w. elke kind sal deur sy huistaal leer tot en met Std. III (O.V.S. Std. IV) en vir die Hollandssprekende kind moet Engels geleidelik ingevoer word, sodat hy na Std. III uitsluitlik deur Engelsmedium kan leer, behalwe in twee vakke soos bepaal in Art. 32 Onderart. 2.

Art. 31: “No pupil in a public school shall be promoted from any standard to any higher standard unless he shall inter alia have acquired such knowledge of the English language as may be reasonably expected of him and is making satisfactory progress in the knowledge of that language.”

En, nota bene, “The primary aim of education is not to develop and sustain any particular language.” Hoe rym dit met Art 31? Het die mense nie besef in hoe 'n

ongunstige en hopelose posisie die Afrikaanse kind geplaas was nie?

Maar 'n mens kan die motief goed verstaan. Dit was die Engelse politiek in alle Britse besittings om die oorwonne nasies deur middel van die onderwysstelsel te verengels.

Hierdie Wet was egter 'n baie groot verbetering op Ordonnansie No. 7 van 1903 wat op die Selborne-Memorandum berus het.

Nou kon die Afrikaanse kind darem tot Std. III deur sy eie taal leer, al word hy nog gekniehalter deurdat kennis van Engels 'n voorwaarde vir promosie was.

Art. 32: Onderart. (1): "Adequate provision for the teaching of the Dutch language shall be made in every public school and that language shall be taught to every child in such school unless the parent of such child otherwise desire; provided that in the case of any child whose native language is not Dutch the teaching of the Dutch language should be begun at such time as is considered by the Director to be on educational grounds convenient."

Vergelyk hier weer die Hertzogwet van 1908 (O.V.S.) waar die ouer net op grond van sekere redes vrystelling kon vra. Kragtens hierdie onderartikel kon 'n ouer in Transvaal om watter rede ook al eis dat sy kind nie Hollands moes leer nie.

Onderart. (2): "In order to ensure the effective teaching of the Dutch language the Director shall on the recommendation of the Board approve the use of such language in any public school in any standard above the 3rd Std. as a medium of instruction in subjects not

exceeding two in number; and the time given to the study of such subjects in the Dutch language shall be in addition to the time given to the study of such language."

Hierdie onderartikel toon ook weer 'n verbetering op Ord. No. 7 wat die mediumkwessie betref, maar lank nie die verpligting wat die Vrystaatse Wet van 1908 opgelê het na die Vierde Standaard nie. In hierdie onderartikel word die twee vakke wat deur Hollandsmedium geleer kon word, ook nie verpligtend gemaak nie, aangesien die Raad dit slegs by die Direkteur kan aanbeveel. As 'n mens hierdie konsessie op die keper beskou, het dit die Afrikaanssprekende bevolking nie veel meer gegee as Ord. No. 7 van 1903 nie.

Onder daardie Ordonnansie kon hulle onderrig in Hollands as taal ontvang en ook in Bybelse Geskiedenis deur Hollandsmedium. Onder die Wet van 1907 Art. 32 Onderart. (2) kry hulle onderrig in Hollands as taal en nog twee vakke deur Hollandsmedium.

Wat die taalklousules van die Wet van 1907 betref, kan ons dit saamvat deur te sê: Elke kind *mag* Hollands leer, maar elke kind *moet* Engels leer.

As ons die Smutswet van 1907 vir Transvaal vergelyk met die Hertzogwet van 1908 vir die O.V.S., wat betref die taal- en mediumbepalings, dan moet ons, sowel op opvoedkundige as op nasionale gronde, die Hertzogwet as baie billiker en gesonder beskou.

In Februarie 1908 het die Direkteur van Onderwys Algemene Omsendbrief No. 1 van 1908 aan skole gestuur en instruksies gegee met betrekking tot die tyd wat aan Engels

gewy moes word onder Std. IV waar Hollands die huistaal van die leerlinge was, nl.

Substanderds	½ uur per dag.
Std. I	1 „ „ „
Std. II	2 „ „ „
Std. III	die helfte van die skoolure.

Van Std. IV af was die medium deurgaans natuurlik Engels.

In dieselfde Omsendbrief word daarop aangedring dat die aanleer van Hollands in Engelse Skole in Std. III behoort te begin. Vir die Afrikaanse kind is dit, volgens hierdie Wet en Omsendbrief, opvoedkundig gesond om Engels al in die Grade te begin, maar vir die Engelse kind is dit ongesond om met Hollands te begin voor Std. III. Tweemaal twee is nie altyd vier nie.

Op die eerste Skoolraadskonferensie is die volgende besluit eenparig geneem: "that the Education Act be amended as soon as possible in such a way that both languages (English and Dutch) obtain exactly equal rights." (Dir. v. O. se jaarrapport, 1908—09). Voorlopig het van hierdie goeie resoluëie niks gekom nie.

In sy rapport oor 1909—10 wys die Direkteur van Onderwys daarop dat Artikels 30 en 33 van die Skoolwet teenstrydig is. In 'n paar gevalle op die Witwatersrand is Skoolrade gevra om die gebruik van Engels as medium goed te keur, alhoewel die meerderheid van die leerlinge Hollandssprekend was. Die rede van die versoek was dat, aangesien die toekoms van hierdie leerlinge in 'n Engelse gemeenskap opgesluit lê, daar geen klip in hulle pad gelê moes word om die gebruik van die Engelse taal so goed

as moontlik meester te word nie. Die Raad het die versoeke toegestaan, blykbaar kragtens Artikel 33. Die feit bly egter dat Artikel 30 van die Wet nie in daardie skole uitgevoer is nie. Niemand het beswaar teen die verandering gemaak nie en gevolglik het die Onderwysdepartement hom nie verder daarmee bemoei nie, so verklaar die Direkteur.

Hier is nou weer gevalle uit die mond van die Direkteur self om te bewys hoe laks die Onderwysdepartement was om toe te sien dat die Wet uitgevoer word.

In sy rapport wys die Direkteur verder daarop dat die woorde "native language", soos in die Smutswet gebruik, moeilikhede meegebring het. Hy sê: "No language of course is native — it is acquired." Hy beveel dan aan dat die woorde vervang behoort te word deur "language spoken at home." Hulle kon gerus 'n blaadjie uit die Hertzogwet geneem het wat huistaal of moedertaal gedefinieer het as „die taal wat die kind die beste praat en verstaan."

In daardie dae kon skole, wat die medium betref, as volg geklassifiseer word:—

- (a) Skole waar Engels die „aangebore" taal van die leerlinge was, hoofsaaklik op die W.W.Rand en Pretoria;
- (b) Skole waar Hollands dit was, hoofsaaklik op die platteland;
- (c) Skole waar sommige Engels en ander Hollands gepraat het, hoofsaaklik die plattelandse dorpe. In hierdie skole is voorsiening gemaak deur parallelklasse onder Std. IV. Die ander en mees gewone metode was om tweetalige onderwysers te gebruik.

Die Direkteur maak hier terloops die opmerking: "forced segregation is opposed to unity in the nation." Tot sover het die Engelse kind die voordeel gehad van een medium, nl. Engels, terwyl die Afrikaanse kind twee gehad het, nl. Hollands tot Std. III en daarna Engels.

Die Direkteur sou natuurlik liever almal deur Engels-medium laat leer het ter wille van die "unity of the nation," want hy beweer verder dat "there is probably little loss," d.w.s. waar Afrikaanse kinders deur Engels-medium geleer word, "because it must be remembered that the children under discussion (d.w.s. uit voorgaande groep (c) skole) live in an environment where English is a prevalent language" (nl. op die plattelandse dorpe!!)

Hy gaan voort: "on the whole, I believe, that even in these border-line cases the educational progress and development is not suffering, and *that* after all is the only thing that really matters. The sooner the recurrent discussion of the medium problem disappears or is relegated to its proper subordinate position the better." Dit was natuurlik die maklikste manier om die hele saak op the los: laat almal deur Engelsmedium leer, want die Afrikaanse kind ly daar geen skade deur nie, en basta!

Dit was die houding wat 'n opvoedkundige aan die hoof van sake om die Wet uit te voer, ingeneem het. Geen wonder dat duisende Afrikaanse kinders deur Engels-medium hul onderwys ontvang het nie.

Die Direkteur maak verder tereg die opmerking oor parallelklasse: "that there is a real danger that the purity of both languages may suffer from their close juxtaposition in the schools and in the common life of the

community.....and one has only to spend an hour in a school classroom or playground to have it unpleasantly emphasized." 'n Mens kan die stelling hier neerlê, sonder enige vrees vir teenspraak, dat dit juis die Hollandse (Afrikaanse) taal was wat van 1900 tot omtrent 1920 die meeste gely het, wat die suiwerheid betref.

HOOFSTUK VII.

Onderwys in die O.V.S. sedert 1910.

In 1910 het dr. W. J. Viljoen Direkteur van Onderwys in die O.V.S. geword. Daar was baie ontevredenheid in sake Artikels 14, 15 en 16 van die Skoolwet van 1908 en die interpretasie daarvan deur die Onderwysdepartement.

Dr. Viljoen het 'n nuwe interpretasie daaraan gegee. In sy *Memorandum on the teaching of English and Dutch as languages and their use as Media of Instruction in the Public and Aided Private Schools of the O.F.S. under the School Act, 1908*, sê hy bv.: "It is further provided that in these classes (up to Std. IV) the other language, which is not the medium of instruction, may be gradually introduced in order to accustom the ears of the children to the sounds of the second language which it is assumed most of them will ultimately learn.

It should be clearly understood that, in dealing with these classes the question is not one of mere formal instruction in a language. Whilst it is doubtless desirable that pupils who intend to learn both languages should become familiar with the sounds and simple idioms of the second language at an early stage, in order to assist them in obtaining a thorough grasp of the second language for use as an auxiliary medium in the more advanced stages of their education, the main object of the teacher

at this stage should be to reach the intelligence or thinking faculty of the child, so that the instruction given may not be merely memorised, but thoroughly assimilated.”

Met betrekking tot skole met Afrikaans- en Engels-sprekende leerlinge sê hy dat parallelklasse in seker groter skole prakties mag wees, dog hy sien finansiële besware daarteen en vervolg: “It may reasonably be doubted whether such an arrangement would conduce ultimately to the best interests of the pupils or the community at large.” Hy sê dan: “The more practical and commendable alternative is to provide for the instruction of the English-speaking and Dutch-speaking children in the same class, and, as far as possible, by the same teacher.” Hy los m.i. egter nie die praktiese moeilikheid in verband met beide media in dieselfde klas op nie.

Wat die posisie bokant Std. IV betref, sê hy egter: “If found advisable and possible both English and Dutch could be used as media in these subjects, and the notes could be dictated in both languages so as to enable the English-speaking pupils to take down their notes and do their exercises and tests in English and the Dutch-speaking pupils in Dutch. In this way Dutch and English would be equal media of instruction for such class, whilst no hardship would be inflicted on the individual pupils.” Hierdie prosedure word feitlik vandag nog in sekondêre skole in die O.V.S. gevolg waar daar geen parallelklasse bestaan nie en is volgens my beskeie mening nie veel werd vanuit ’n suiwer opvoedkundige oogpunt beskou nie. Daar is hoofde van skole wat meen dat dit vandag meer om taktiese redes gedoen word.

Hierdie interpretasie van dr. Viljoen het algemeen byval gevind en is in werking gestel deur Wet No. 13 van 1910, n.l.

I. Wat medium betref:

- (a) Moedertaalonderwys tot en met Std. IV;
- (b) Bokant Std. IV tot by Matrikulasie moet drie hoofvakke deur elke medium geleer word.

II. Wat Engels en Hollands as tale betref:

- (a) Onder Std. IV informele onderwys in die taal wat nie die medium is nie;
- (b) Bokant St. IV formele onderwys in altwee tale.

Intussen het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom en Art. 137 van die Uniewet lê die beginsel neer dat die Engelse en Hollandse tale die twee offisiële tale sal wees en dat altwee absoluut gelykwaardig sal wees. Altwee sal gelyke vryheid, regte en voorregte besit en geniet.

Op 25 Nov. 1910 het die Volksraad 'n Gekose Komitee benoem om te rapporteer oor die verskillende Onderwysstelsels in die Unie om te sien of hulle in ooreenstemming was met die bepalings van Artikel 137 van die Uniewet. (*Report of Select Committee on Public Education*; Cape Times, Ltd., 1911, bl. 24). In hierdie rapport wys die komitee daarop dat in gevalle van ongelykheid, wat betref die twee offisiële tale, Engels in elke geval gunstiger en Hollands in elke geval minder gunstig behandel word. Die O.V.S. was die enigste provinsie waar altwee tale absoluut op gelyke voet gestaan het.

Die Komitee beveel as volg aan:

- A. "Instruction up to Std. IV should be in the home language, but parents shall have the right to claim

that their children shall have instruction in the second language as a subject and be gradually introduced and thereafter regularly used as a second medium in accordance with the intelligence of the child.

- B. Above Std. IV provision shall be made for instruction in both languages so that parents may choose either language as a subject and one or other as the sole medium of instruction, or parents may choose that the child shall be instructed in both languages as subjects and through both mediums.

Where no choice is exercised by a parent, the child shall be instructed through the language that is best known and understood by the child and as far as practicable the second language shall be taught as a subject and used as a medium."

Om in administratiewe moeilikhede te voorsien, beveel die Komitee aan:

1. Waar onder Std. IV die meerderheid in 'n klas of groep les ontvang deur een medium en die minderheid deur 'n ander medium, voorsiening gemaak moet word—

- (a) deur middel van parallelklasse as die minderheid minstens 15 leerlinge bedra;
- (b) in gevalle nie onder (a) voorsien nie, deur middel van onderwysers wat bevoeg is om in altwee tale te onderwys.

2. Bo Std. IV moet skole georganiseer word om te voorsien vir diegene wat—

- (a) Engels as die heersende medium verlang;
- (b) Hollands as die heersende medium verlang;

(c) Engels as medium in sekere vakke en Hollands as medium in sekere ander vakke verlang.

Die meduim, onder Std. IV gevolg, moet deeglik in ag geneem word by die organisasie van skole onder 2(a), (b) en (c).

Onder 2(a) en (b) moet verder voorsiening gemaak word vir die minderhede wat 'n ander medium verlang, mits die getalle nie minder as 10 vir elke klas of groep is nie, of anders deur deeglike tweetalige onderwysers.

In skole onder 2(c) sal die Skoolkommissie of plaaslike onderwysbestuur besluit hoeveel vakke deur Engels en hoeveel deur Hollands onderwys sal word en sal die wense van die ouers soveel moontlik in ag geneem word. Hierdie beslissing is onderworpe aan die goedkeuring van die Onderwysdepartement.

Waar twyfel bestaan oor die moedertaal van 'n kind, sal die ouer se beslissing finaal wees.

Genl. C. F. Beyers het 'n minderheidsrapport ingedien waarin hy beter aanbevelings maak. Waar die meerderheidsrapport voorstel dat altwee tale geleer word slegs waar die ouer dit eis, beveel genl. Beyers aan dat altwee tale geleer moet word, tensy die ouer beswaar maak.

Verder stem hy saam dat die ouer die reg sal hê om sy kind van onderwys in en deur die taal wat hy die beste praat en verstaan, vry te stel, maar die ouer sal hierdie vryheid alleen hê waar, volgens die oordeel van die Direkteur van Onderwys na oorleg met die Skoolkommissie of beherende liggaam, die kind nie daardeur sal skade ly in sy belange en opvoeding nie.

Hy het die toekoms goed raakgesien waar hy sê:
„There is a real danger that the mother tongue, where it is Dutch, may be too much neglected in the higher standards, not owing to any set choice on the part of the parents, but owing to force of custom in the minds of a great majority of those who take part in working our educational institutions and the dead weight of established procedure which has become fixed during the century prior to the Act of Union.”

Dit is presies wat daar in al die provinsies gebeur het, met miskien 'n uitsondering in die geval van die O.V.S., naamlik dat duisende Afrikaanssprekende kinders tussen 1910 en 1930 hul onderwys ontvang het deur Engels-medium en nie deur die taal wat hulle die beste praat en verstaan nie. En hoofde van skole, inspekteurs, ens., het doelbewus meegehelp om daardie toestand van sake te skep en aan te moedig, terwyl duisende ouers òf deur laksheid òf deur onkunde òf deur misleiding die hele toestand oogluikend laat voortduur het.

In Mei 1913 is Ord. No. 2 ter wysiging van Skoolwet No. 35 van 1908, as gevolg van voorgaande meerderheids-rapport, uitgevaardig.

Hierdie Ordonnansie wyk in verskillende opsigte af van die Wet van 1908, wat betref die medium- en taalbe-palings. Hier word ook werklik voorsiening gemaak vir die minderhede—

- (a) deur middel van parallelklasse indien die bestaande skoolorganisasie dit toelaat;
- (b) deur middel van parallelklasse in alle gevalle waar

die getal leerlinge wat die minderheid vorm, nie minder as 15 bedra nie tot en met Std. IV;

- (c) in alle gevalle wat nie onder (a) of (b) val nie, deur middel van onderwysers wat bevoeg is om in beide offisiële tale onderwys te gee.

In Stds. bo IV geld dieselfde bepalings, behalwe dat in (b) die getal leerlinge wat die minderheid vorm, nie minder as 10 leerlinge moet bedra nie.

In Stds. bo IV kan ouers kies of hulle Engels- of Hollandsmedium vir hul kinders begeer of altwee tale as media.

Indien 'n ouer in gebreke bly om 'n keuse te doen, sal die leerling in sy huistaal, d.w.s. die taal wat hy die beste praat en verstaan, onderwys ontvang en die tweede taal sal soveel moontlik gebruik word as medium van onderwys.

Om hierdie bepalings uit te voer, sou die organisasie van die onderwysstelsel moet ingerig word om voorsiening te maak vir:

- (a) Skole waarin Engels die vernaamste medium is;
- (b) Skole waarin Hollands die vernaamste medium is; en
- (c) Skole waarin die Engelse taal die medium van onderwys is in sommige en die Hollandse taal in ander vakke.

In alle gevalle moes behoorlik ag geslaan word op die medium van onderwys soos voorgeskrywe vir Stds. tot en met IV.

Waar altwee media gebruik word, sou die Raad of plaaslike onderwysbestuur besluit watter vakke deur elke

medium geleer moes word, of waar daar geen Raad of Bestuur was nie, deur die Departement self.

„De wensens der ouders moetens voor zover moegelyk worden in acht genomen by de uitvoering dezer subsektie, tensy daardoor afbreuk zou worden gedaans aan de degelykheid van het onderwys in 't algemeen.”

Wat die tale as vakke betref, bepaal die Ordonnansie dat elke leerling tot en met Std. IV deur sy huistaal onderwys moet ontvang en voldoende voorsiening moet gemaak word vir die onderwys in die tweede taal en „de tweede taal zal in de scholen aan elke leerling onderwezen worden, tensy de ouder van de leerling het anders verlang.”

Bo Std. IV word aan elke leerling in altwee tale onderwys gegee, tensy die ouer anders verlang.

Waar twyfel bestaan omtrent watter van die twee offisiële tale die huistaal is, sal die ouer se beslissing finaal wees.

Die grootste afwyking in hierdie Ordonnansie van dié van 1908 is die keuse van Engels- of Hollandsmedium na Std. IV en dat daar geen verpligting meer was om drie hoofvakke deur Engels- en drie hoofvakke deur Hollandsmedium te leer nie, hoewel die ouers nog altwee media vrywillig kon kies, en ook die feit dat 'n ouer om watter rede ook al vrystelling vir sy kind van die een of ander taal kon verkry.

In Junie 1914 het die Provinsiale Raad besluit dat, wat betref die medium van onderwys, Hollands ook Afrikaans sal insluit. Die plaaslike onderwysbesture sou besluit of Nederlands dan wel Afrikaans die medium sou wees,

terwyl die invoering van Afrikaans as taal, weens die gebrek aan geskikte handboeke, voorlopig agterweë sou bly (Sien Rapport van D.v.O., 1916).

In die Direkteur van Onderwys se jaarrapport oor 1917 maak die inspekteurs melding van die suksesvolle invoering van Afrikaans.

In Julie 1918 is dr. Viljoen wat Superintendent van Onderwys in die Kaapprovinsie geword het, as Direkteur opgevolg deur mnr. C. F. Schmidt.

Op 28 Mei 1920 het die Vrystaatse Provinsiale Raad Ord. No. 9 uitgevaardig wat al die vorige wette op onderwysgebied herroep het, o.a. No. 35 van 1908, Nos. 8 en 13 van 1910 en No. 2 van 1912.

In Hoofstuk III.C. oor tweetalige onderwys word in Art. 44 verklaar dat Afrikaans op gelyke voet gestel word met Nederlands en Engels.

Die taal- en mediumbepalings was egter dieselfde as dié van Ord. No. 2 van 1912.

In 1926 word mnr. Pellissier Direkteur van Onderwys.

In dieselfde jaar het die aangestelde Onderwyskommissie 'n rapport ingedien waarin hulle o.a. aanbeveel het dat meer nadruk gelê moes word op taalonderwys op die Normaalkollege, aangesien tweetaligheid in sekere beroepe 'n wettelike vereiste is en dit veral in die handel en nywerheid veelal die sleutel tot sukses is.

Die Kommissie beveel geen verandering in die bestaande taal- en mediumbepalings aan nie wat volgens hul mening opvoedkundig gesond en uitvoerbaar is.

Ordonnansie No. 15 van 1930 (wat in werking getree het op 1.11.30) was die eerste wat in Afrikaans deur die Goewerneur-generaal geteken is.

Die taal- en mediumbepalings bly onveranderd, behalwe dat in Art. 49, onderartikel 1, die Ord. bepaal dat die Std. van IV tot VI verhoog word.

Uit die jaarrapport van 1931 blyk dat daar in die O.V.S. drie soorte skole bestaan het:—

1. Skole waarin een van die offisiële tale uitsluitlik as voertaal gebruik word (hierdie soort skole het net op Bloemfontein en op Kroonstad bestaan);
2. Skole met parallelklasse, d.w.s. die leerlinge ontvang hul onderwys deur hul moedertaal in afsonderlike klasse;
3. Skole waar die minderheidsgroep te klein is om parallelklasse te stig en waar die enigste uitweg is dat altwee offisiële tale as voertaal gebruik word in alle klasse waar daar leerlinge uit die minderheidsgroep teenwoordig is.

Hierdie skole word in die kleiner dorpies gevind waar die Engelssprekende gemeenskap maar klein is en in sommige plaasskole waar Engelssprekende leerlinge teenwoordig is. Die Direkteur noem in sy rapport hierdie soort skole: dubbelmediumskole.

In 1931 was daar 45,084 leerlinge op skool, waarvan 12.6% deur Engels- en 72.6% deur Afrikaans- en 14.8% deur dubbelmedium onderwys ontvang het.

Die rapport gee 'n verdere indeling:—

<i>Voertaal.</i>	<i>Plaasskole. Primêre afdelings in dorpskole.</i>	<i>Middelbare afdelings in dorpskole.</i>	
Afrikaans	541	38	16
Engels	—	3	2
Parallelklasse	17	27	2
Dubbelmedium	70	17	44

Die leerlinge van hierdie skole word as volg ingedeel:

<i>Skole.</i>	<i>Engels.</i>	<i>Voertaal. Afrikaans.</i>	<i>Dubbelmedium.</i>
Plaas-	1.3%	90.2%	8.5%
Dorp-	19%	62.8%	18.2%
Alle skole.. . .	12.6%	72.6%	14.8%

Daar was in 1931 twee leerlinge wat nie Engels en tien wat nie Afrikaans geleer het nie.

Ons sien uit hierdie syfers dat die meeste leerlinge deur Afrikaansmedium leer, maar dat daar nie minder as 131 skole met dubbelmedium bestaan nie.

Omdat die jaarrapport onduidelik is op die punt van suiwer dubbelmediumskole, is 'n brief aan die Sekretaris van die Vrystaatse Onderwysdepartement hieroor gerig. In sy antwoord (d.d. 11.8.37) sê hy: „Dit kan dus aangeneem word dat by die 44 dorpskole met middelbare afdelings die dubbele medium toegepas word, d.w.s. sekere vakke word deur middel van Afrikaans en sekere vakke deur middel van Engels gedoseer.”

„Wat betref die 70 plaasskole en 17 dorpskole met primêre afdelings,” verklaar die Onderwysdepartement, „kan aangeneem word dat daar in genoemde skole beide

Engels- en Afrikaanssprekende kinders aanwesig is, en dat elke leerling sy onderrig in sy huistaal ontvang, deur middel van onderwysers wat bevoegd is om onderrig deur middel van albei offisiële tale te gee.”

In antwoord op die bewering dat die Afrikaanssprekende leerlinge van die O.V.S. vinnig eentalig, nl. uitsluitend Afrikaanssprekend begin te word, sê die Vrystaatse Direkteur van Onderwys in sy jaarrapport van 1932 die volgende:—

1. Elke Afrikaanssprekende kind in die O.V.S. leer Engels van die laagste klas af tot hy die skool verlaat;

2. Elke jaar bestudeer 'n groot aantal Afrikaanssprekende leerlinge Engels op die Hoër Graad vir Junior Sertifikaat en Matriek, wat nie die geval met een Engelssprekende kind is ten opsigte van Afrikaans nie;

3. Baie van hulle bestudeer Engels as 'n hoofvak vir B.A.;

4. Eksamenresultate bewys dat hulle niks swakker in Engels is as leerlinge van die ander provinsies nie. Ter stawiing hiervan word die volgende tabel gegee om die persentasie aan te toon wat in Engels sak in die O.V.S. en in die Unie in Junior Sertifikaat en Matriek:—

		1928.	1929.	1930.	1931.	1932.
O.V.S. }		3.28	8.7	8.3	10.8	3.6
Unie }	Matriek.	3.2	8.2	7.0	22.7	8.7
O.V.S. }	Junior	16.3	13.2	6.5	17.4	13.3
Unie }	Sertifikaat	19.9	16.0	7.7	20.1	16.1

Die volgende tabel toon die getal punte aan in Matriek vir Engels in die eksamen in 1932 behaal:—

	Oor 75%	60—75%	50—60%	40—50%	33—40%	Gesak
O.V.S.	13.2	38.4	22.1	16.7	6.0	3.6
Unie	14.5	40.1	20.1	14.0	5.8	8.7

Die volgende tabel is vir Junior Sertifikaat:—

O.V.S.	6.0	14.9	19.1	22.6	24.1	13.3
Unie	5.7	14.1	18.5	22.1	22.9	16.1

Hierdie syfers loënstraf die bewering dat Engels in Afrikaansmediumskole swak is. Toe Afrikaans in 1917 as medium ingevoer is, was daar ongetwyfeld 'n neiging vir Engels om 'n daling te toon, omdat Engels tot dusver die medium was, maar bostaande tabelle toon ongetwyfeld die neiging aan dat Engels weer styg en dit is bepaald beter as wat mens kon verwag.

HOOFSTUK VIII.

Transvaal sedert 1910.

In die vorige hoofstuk is reeds breedvoerig uitgewei oor die meerderheids- en minderheidsrapport van die Gekose Komitee in 1910 deur die Volksraad benoem.

Net soos die Direkteurs van die ander provinsies het ook die Transvaalse Direkteur van Onderwys meegehelp met die opstel van rapporte aan die Gekose Komitee, wat betref die toestande in Transvaal.

Een van die beginsels neergelê op die Konferensie van Direkteurs in 1910 was: „Het beginsel dat zoover mogelijk het onderricht gegee zal worden door middel van de taal, die het best door den leerling gesproken en verstaan wordt.” Op daardie Konferensie het geblyk dat, met uitsondering van Natal, dit die algemene wens was om absolute gelykheid aan Hollands en Engels volgens Artikel 137 van die Suid-Afrika-Wet te gee en die kind in staat te stel om deur sy moedertaal klaar te leer.

Die meerderheidsrapport van hierdie Komitee was ook die grondslag van Ordonnansie No. 5 van 1911 wat op 1 Jan. 1912 in werking getree het.

Die meerderheidsrapport beveel o.a. aan dat „ouders het recht zullen hebben te eisen dat aan hun kinderen de taal die niet de huistaal is, zal worden onderwezen als een vak.”

Die Provinsiale Raad het egter op hierdie punt gemeen

dat die Smutswet van 1907 beter was, nl. dat die Hollandse taal aan elke kind geleer moes word, tensy die ouer die wens uitspreek om sy kind aan daardie onderwys te onttrek. (Engels was natuurlik vir almal verpligtend).

Die Provinsiale Raad regverdig hul handelwyse deur te verwys na die feit dat die Smutswet gedurende die afgelope vyf jaar goed gewerk en dat die meeste Engelse kinders Hollands geleer het. Waarom nou die ouer die reg gee om te kies of eis, terwyl hy nou net kan weier?

Hierdie sogenaamde Rissikordonnansie verhoog die Standaard van III na IV, wat betref verpligte medium. Verder wyk die Ordonnansie belangrik af van die Smutswet deur die ouer na Std. IV die reg te gee om die medium te kies, nl. of Engels of Hollands of altwee.

Nou was Engels as uitsluitlike medium na Std. III nie meer van krag nie. Die ouer kon nou self die medium na Std. IV kies.

Indien altwee media gekies word, kon die Skoolrade bepaal watter vakke in Engels en watter in Hollands onderwys moes word met goedkeuring van die Departement.

Hierdie bepaling kom in die meeste opsigte ooreen met Ord. No. 2 van 1912 van die O.V.S. wat trouens ook hoofsaaklik die Gekose Komitee se rapport van 1910 as grondslag het.

Die Rissikordonnansie maak Hollands sowel as Engels verpligtend, waar geen vrystelling deur ouers gevra word nie. Hierdie Ordonnansie het natuurlik die parallelklasse in skole baie vermeerder bo Std. IV. Op die end van 1912 was daar:

61 skole met suiwer Engelsmedium,
48 „ „ „ „ Hollandsmedium,
327 „ „ „ beide media, d.w.s. skole met parallel-
klasse.

Onder Std. IV was daar toe:

41 skole met Engelsmedium,
159 „ „ „ Hollandsmedium,
437 „ „ „ altwee media.

Die 48 skole met Hollandsmedium het maar omtrent 12% van al die skole bedra en was meestal kleiner buiteskole.

Om aan die Rissikordonnansie gevolg te gee, is die mediumvraagstuk in Johannesburg en Pretoria opgelos deur afsonderlike Hollands- en Engelsmediumskole.

In die Hollandsmediumskole was Hollands wel die eerste maar lank nie die enigste medium nie, want in die hoër klasse was Engelsmedium nog oorheersend.

Afsonderlike skole is volgens die Direkteur van Onderwys goed uit die oogpunt van taal. In plaas van 'n tweemediumskool kon die minderheid, hetsy Hollands- of Engelssprekendes, na 'n skool gaan met die regte moedertaalmedium. Op hierdie skole word die taal suiwerder gehou, maar tog wil hy wys op die gevolge van afskeiding. Hy beweer dat die ideaal dat Engelse en Afrikaanse kinders langsmekaar op die skoolbanke sit laat vaar moes word. Hierdie ideaal sou 'n mens vanuit 'n breë nasionale oogpunt toejuig, maar seker nie as dit moet geskied ten koste van die Afrikanerkind nie, soos dit was tot 1912.

Die ander vorm wat skole aangeneem het, was parallel-klasse in dieselfde skool.

Die Transvaalse Direkteur wys op twee onafskeidelike nadele van parallelklasse:

1. Daar is soms meer as een klas per onderwyser (-es), veral waar die minderheid baie klein is.

2. Die moeilikheid om Hollands- en Engelssprekende kinders op taalgebied ongeveer op dieselfde hoogte te bring teen die tyd dat hulle aan die end van Std. IV kom, sodat hulle daarbo in die meeste vakke tegelyk onderwys kan word.

Wat hierdie tweede nadeel betref, gaan die Direkteur blykbaar uit van die standpunt dat die meeste Afrikaanse ouers na Std. IV Engelsmedium sou kies. Hy beweer verder dat parallelklasse egtër beter is as die sogenaamde tweektalige onderwys wat dan die een, dan die ander medium gebruik, soos trouens in sekere skole in Transvaal en veral in die O.V.S. die gebruik was.

So was daar bv. die Noordskool in Potchefstroom wat die een dag Engels en die ander dag Hollands as ver naamste medium gebruik het. Volgens die jaarverslag van die Direkteur was daar nêrens 'n geval waar dan die een en dan die ander medium by dieselfde les gebruik is nie; of as daar so'n geval was, behoort dit nie te gewees het nie. Hierdie soort gevalle het nogal dikwels in die O.V.S. se skole voorgekom.

Die Rissikordonnansie skep duidelik net twee soorte skole:

1. Enkelmediumskole met òf Hollands òf Engels as voertaal;

2. Dubbelmediumskole waar Hollands bv. as eerste medium gebruik word, terwyl Engels geleidelik as tweede

medium ingevoer word, ooreenkomstig die keuse van die ouers. Later word in hierdie skole enkele vakke deur Hollands- en ander vakke deur Engelsmedium onderwys.

In die hoër skole met dubbelmedium word gewoonlik Latyn, Wiskunde en Natuurwetenskap deur Engels-, en Duits, Geskiedenis en Aardrykskunde deur Hollandsmedium onderwys.

In dieselfde rapport meen die Direkteur twee groot nadele van die uitsluitende Hollandsmediumskool te sien:—

1. Dis 'n hinderpaal vir die plattelandse kind om nie goed Engels te ken nie;

2. As die kind 'n ambag wil leer, is sy gebrek aan kennis van Engels 'n groot beswaar. (Hierdie besware word m.i. egter nie uit die weg geruim deur parallelmediumskole nie).

Wat was die toestand in Transvaal nadat die Rissikordonnansie vier jaar lank in swang was?

Blykens die jaarrapport van die Transvaalse Onderwysdepartement (1915) was die toestand as volg:—

Skole met Engelsmedium alleen	89
„ „ Hollandsmedium alleen	50
„ „ Engels- en Hollandsmedium	194
„ „ Engels- en Hollandsmedium waar die grootste gedeelte van die werk deur Hollandsmedium gedoen word	363
	<hr/>
Totaal	696
	<hr/>

Ongeveer die helfte van die Transvaalse kinders ontvang in 1915 hul onderwys deur Engelsmedium; by die

ander helfte word die grondslae gelê deur Hollandsmedium, maar die grootste meerderheid van hierdie helfte ontvang 'n mate onderrig deur Engelsmedium, veral waar hulle na 'n middelbare skool of afdeling gaan.

Op die buiteskole was die onderwys byna sonder uitsondering tweetalig, d.w.s. een vak deur Engels- en 'n ander vak deur Hollandsmedium deur dieselfde onderwyser.

Daar was ook skole waar die een onderwyser Engels- en 'n ander Hollandsmedium gebruik het en hierdie wyse van organisasie het die Direkteur as die beste beskou.

Op die dorpskole is van parallelklasse gebruik gemaak en in dorpe waar die Engelse kinders 'n klein minderheid gevorm het, is klasse gegroepeer. Die Direkteur verklaar dat Engelse ouers hulle liever aan hierdie metode onderwerp het as om hul kinders deur Hollandsmedium te laat leer. Trouens in daardie dae, en selfs vandag nog in die groot stede, was dit niks besonders vir duisende Afrikaanse kinders om nog deur Engelsmedium hul onderwys te ontvang nie, maar selde of nooit is daar gevalle aangetref waar 'n Engelse kind deur Hollandsmedium geleer het nie.

In die groot sentrums soos Pretoria en die W.W.Rand het parallelskole, d.w.s. Enkelmediumskole, meer ontwikkel as parallelklasse.

Die Direkteur spreek die mening uit dat Enkelmediumskole opvoedkundig baie beter was as parallelklasse, wat betref die taal. Hulle is meer homogeen en die kinders is gewoonlik, wat taalkennis betref, taamlik gelyk. Maatskaplik, meen hy, is aan hierdie soort afskeiding nadele verbonde.

In 1917 was die getal leerlinge wat vrystelling ontvang het en wat medium betref, as volg:—

	Vrystelling van Engels	Vrystelling van Holl.	Eng. med.	Holl. med.	Gedeeltes- uk Eng. en Holl.
Dorpskole	70	1,722	35,177	10,852	6,350
Buiteskole	126	151	1,218	23,997	8,482
Middelbare Skole	—	132	1,878	—	320
Midd. Afde- lings van Laer skole	—	2	394	282	378

Uit hierdie syfers blyk duidelik hoe ongesond die toestand nog in 1917 was, wat betref medium vir Afrikaanse kinders, veral op die dorp- en middelbare skole.

In die Kaapprovinsie was die toestand baie hagliker. Vergelykenderwyse gee ons die onderstaande tabel uit die rapport van die „Education Language Commission” van 1915 (Malherbe: *Education in S.A.*, -bls. 415):

Ras	Aantal Leerlinge op Skool	Uitsluitlik of Hoofsaaklik Engels- medium	Hollands- medium	Al twee media op gelyke basis	Al twee media in onbekende eweredigheid
Afr.	47,230	38.9%	31%	8.7%	11.4%
Eng.	26,362	94.9%	.6%	1.99%	2.5%

Daar was op skool 26,362 Engelse en 47,230 Afrikaanse leerlinge. Van die 26,362 Engelse leerlinge het 94.9% uitsluitend of hoofsaaklik deur Engelsmedium geleer. Van die 47,230 Afrikaanse leerlinge het slegs 31% deur Hollandsmedium geleer. .6% Engelse leerlinge het deur Hollands-

en 38.9 Afrikaanse leerlinge het deur Engelsmedium geleer. 1.99% Engelse leerlinge en 8.7% Afrikaanse leerlinge het deur altwee media op 'n gelyke basis geleer. 2.5% Engelse en 11.4% Afrikaanse leerlinge het deur altwee media geleer in onbekende eweredighede.

Intussen is in Transvaal 'n Onderwyskommissie aangestel en hulle het 'n rapport ingedien in Des. 1917 (*Report of the Education Commission, 21.12.17*). Dit was as gevolg van 'n aanbeveling van hierdie Kommissie dat Afrikaans in 1918 ingevoer is.

Hierdie Kommissie het ook ingegaan op die voor- en nadele van Enkel- en Parallelmediumskole en het hom o.a. uitgespreek ten gunste van aparte skole vir Engels- en Afrikaanssprekende kinders.

Hierdie rapport word vollediger bespreek in die laaste hoofstuk.

In 1918 word Afrikaans ingevoer en in 1919 kry ons die volgende gegewens:—

	Eng. med.	Afr. med.	Holl med.	Gedeeltelik Engels en Afr.	Gedeeltelik Engels en Holl.
Dorpskole	34,928	10,865	3,344	4,238	3,223
Buiteskole	1,080	20,969	4,181	6,698	4,222
Hoër Skole	6,282	196	146	695	391
1921.					
Dorpskole	37,154	18,452	587	6,272	161
Buiteskole	948	33,392	288	8,106	222
Hoër Skole	7,054	1,040	221	1,342	154

Terwyl in die 3 jaar (1919-21) die leerlinge wat Hollands as voertaal gebruik het, verminder het met omtrent 6,000 (vermoedelik het hulle oorgeslaan na Afrikaans), het dié

wat deur Engelsmedium geleer het, met 2,866 vermeerder, en dié deur Afrikaansmedium met 20,854.

Hierdie groot vermeerdering van leerlinge wat Afrikaans as voertaal gebruik het in 1921 (in die dorpe omtrent 8,000 en op die platteland omtrent 12,000), kan nie toegeskrywe word aan vermeerdering in die geboortesyfer alleen nie, maar vir die grootste gedeelte aan Afrikaanse leerlinge wat vroeër Engels as voertaal gebruik het en toe Afrikaans as voertaal gevolg het.

Die Afrikanervolk het veral sedert 1914-1915 meer en meer nasionaal-bewus geword en die verskillende Afrikaanse taal- en kultuurbewegings het hul deel daartoe bygedra. Die invoer van Afrikaans as taal en as medium het natuurlik ook 'n swaar gewig in die skaal gelê. Sedert dié tyd het die politieke toestand van die land ook ingewerk op ander gebiede, o.a. die onderwysgebied. Die heer Adamson is intussen opgevolg as Direkteur deur mnr. Scott en hy weer deur dr. N. M. Hoogenhout.

Die voertaalvraagstuk het nog van tyd tot tyd ter sprake gekom. Die taalklousule van die Smutswet, soos gewysig deur die Rissikordonnansie, het in die praktyk nog steeds moeilikhede opgelewer. Op 'n Inspekteurskonferensie in 1929 is die Onderwysdepartement gevra om regsadvies in te win ten opsigte van die interpretasie van die wetsbepalings. Dit is gedaan. Die Departement van Justisie het op 9 Sept. 1930 die Onderwysdepartement van regsadvies gedien.

As gevolg hiervan is Departementele Omsendbrief No. 11 van 1932 aan Inspekteurs, Hoofde van Skole en Skoolrade uitgestuur.

Dit bevat die deskundige advies wat kortliks hierop neerkom. Die Wet laat die kwessie van aanvanklike beslissing onbepaal. Die praktyk dat die ouer 'n verklaring in sake sy huistaal moet maak, is 'n gerieflike gebruik. As die verklaring van die ouer vals is, kan die Departement, na hy hom daarvan oortuig het, die kind deur middel van sy ware huistaal laat onderwys. As die ouer hierteen beswaar maak, moet hy 'n mandamus van die Hof kry om die betrokke amptenaar te gelas om deur middel van die ander taal les te gee. Die wet van „huistaal as voertaal by die onderwys” lê 'n verpligting op die Departement in die belang van die kind. Die enigste funksie van die ouer is om oortuigende bewys te lewer wat die huistaal is as daar twyfel bestaan. Verder het die ouer geen keuse in die saak nie.

Die Uitvoerende Komitee het by wyse van Resolusie No. 291 besluit „dat regulasies vir die toepassing van die wetsbepalings ooreenkomstig die ingewonne regsadvies opgestel en aan die Uitvoerende Komitee vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê moes word.” Voor dit gedaan is, is Omsendbrief No. 55 van 1932 uitgestuur om definitiewe voorstelle te vra in verband met die gevraagde regulasies. Onderwysersverenigings en inspekteurs het daarop geantwoord. Na oorweging is op 3 Nov. voorstelle aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en op 22 Nov. (by wyse van Resolusie No. 3606) is die volgende regulasies, vervat in Omsendbrief No. 89 van 1932, goedgekeur en bekragtig.

„Hoofde van Laer Skole moet in verband met die toelating van leerlinge ten opsigte van die medium van instruksie die volgende prosedure in ag neem:—

A. Leerlinge wat vir die EERSTE keer op 'n goewermentskool toegelaat word:—

(i) Die Hoof moet homself, so nodig, in oorleg met die betrokke klasonderwyser, oortuig deur middel van 'n mondelinge (en/of skriftelike) toets watter van die twee offisiële tale die beste verstaan word en die gemaklikste deur die leerling gebruik word en derhalwe as die huistaal van die toe-te-late leerling beskou kan word.

(ii) As daar geen twyfel omtrent die saak bestaan nie, moet die hoof so'n leerling onmiddellik tot die klas of groep toelaat, waartoe die leerling kragtens sy huistaal behoort.

(iii) As daar enige twyfel bestaan om tot 'n besluit te kom, moet hy die leerling tydelik inskrywe en hom na goedvinde in 'n klas of groep plaas en die Inspekteur en ouer of voog dienooreenkomstig kennis gee.

(iv) Die Inspekteur moet die skool binne 'n maand na ontvangs van genoemde kennisgewing besoek om die punt in kwessie te beslis.

(v) As die Inspekteur nie in staat is om die saak te beslis nie, moet 'n verklaring van die ouer of voog met betrekking tot die huistaal van die leerling op die voorgeskrewe vorm (T.O.D. 328) verkry word en sodanige beslissing is finaal.

B. Leerlinge wat nie vir die eerste keer op 'n goewermentskool toegelaat word nie:—

(i) Indiwiduele leerlinge wat van een goewerment-skool na 'n ander oorgeplaas word, moet deur die medium onderwys word, waardeur hulle in die skool of klas waaruit hulle oorgeplaas is, onderwys ontvang het, uitgesonderd

in sulke gevalle waar geen reëling vir klasse of groepe gemaak was om onderrig deur middel van die huistaal te ontvang nie.

Sodanige gevalle moet behandel word soos in A.

(ii) In gevalle waar te eniger tyd 'n reëling gemaak is vir parallelklasse of parallelskole, moet die Inspekteur van Skole in oorleg met die Skoolhoof 'n ondersoek instel en daaromtrent rapporteer aan die Direkteur (d.i. betreffende die toestand in die algemeen) wat dan omtrent die prosedure wat gevolg moet word by die indeling van die leerlinge oor die verskillende klasse of skole, sal beslis."

Die toestand op die end van 1932 met betrekking tot voertaal was as volg:—

	Eng. med.	Afr. med.	Ned. med.	Afr. en Eng. med.
Stad en dorpskole	48,223	33,966	142	2,898
Buiteskole	1,375	42,966	—	3,788

Kort na die invoer van bostaande regulasies het hulle die onderwerp van 'n regsgeding geword in die sgn. de Bruyn-saak.

In 1933 is 'n kind van 'n sekere de Bruyn van 'n Engelsmedium- na 'n Afrikaansmediumskool op die W.W. Rand oorgeplaas op grond van bostaande regulasies, nadat 'n Inspekteur van Onderwys die kind kragtens die regulasies getoets en gevind het dat sy Afrikaans beter as Engels verstaan het. Die ouer was ontevrede en het daar 'n hofspraak van gemaak. Die uitspraak van die hof was dat die vader se beslissing om die kind na 'n Engelsmediumskool te stuur, finaal was, aangesien haar huistaal sowel

Afrikaans as Engels is. (Uitspraak, Appèlhof; 29 Maart 1934; *Die Vaderland*, 29-3-34).

In 1934 het die Transvaalse Provinsiale Raad Ordonnansie No. 17 van 1934 ter wysiging van die „Onderwys (Taal) Amendement Ordonnantie” van 1911 uitgevaardig. ’n Nuwe sub-artikel is toegevoeg waarby die woord „huistaal” nader omskryf is en die betekenis gekry het van „De taal welke de leerling het best verstaat”.

Die prosedure wat in twyfelagtige gevalle gevolg moet word, word as volg bepaal:—

Art. 8, sub-artikel (1):

„Behoudens de bepalingen van sub-artikel (2) van dit artikel, moet de beslissing wat betreft de taal welke de huistaal van een leerling wordt beschouwd, bij de onderwijzer berusten, met dien verstande dat waar een ouder, de voogd van genoemde leerling zijnde, zich verongelijkt gevoelt met de beslissing hierin van de ondewijzer, hij gerechtigd is om zich binnen een tijdperk van dertig dagen vanaf de datum van zodanige beslissing op de Inspekteur te beroepen. Nadat zodanige beroep gedaan is, moet de Inspekteur na degelik onderzoek, de zaak beslissen. Zijn beslissing moet aan de ouder en onderwijzer schriftelik worden mede gedeeld en is afdoende.”

Sub-artikel (2):

„In alle gevallen waarin, uit hoofde van het feit dat de leerling ongeveer evenveel kennis van de twee talen bezit, de onderwijzer twijfelt welke de huistaal van de leerling is, moet hij de beslissing wat betreft de taal welke de huistaal van de leerling word beschouwd, naar de

Inspekteur verwijzen. Indien de Inspekteur na degelik onderzoek—

- (a) oortuigd is dat de leerling ongeveer evenveel kennis van de twee talen bezit, moet hij de ouder verzoeken om te beslissen welke taal als de huistaal van genoemde kind moet worden beskouwd. De beslissing van de ouder wanneer aldus verzocht, moet schriftelik geskieden en is afdoende;
- (b) niet zodanig oortuigd is, moet hij, in overleg met de onderwyser en de ouder de zaak beslissen en de beslissing van de Inspekteur moet schriftelik geskieden en is afdoende.”

Sub-artikel (3):

„Voor de doeleinden van dit artikel betekent — ,onderwyser' de hoofdonderwyser van een publieke skool bij wie een ouder aansoek doet om opname van zyn kind voor de eerste maal en ,Inspekteur' de skoolinspekteur behorende tot het personeel van het Provinsiale Onderwysdepartement binnen wiens distrikt zulk een skool gelegen is; terwyl onder ,ouder' ook een voogd inbegrepen is.”

Toe die vorige wette neergelê is dat die kind tot by Std. IV deur sy huistaal onderwys moet word, was dit nooit die bedoeling van die wet om die reg van keuse van medium aan die ouer te gee nie, behalwe na Std. IV.

Daar is egter, veral op die W.W. Rand, soveel misbruik hiervan gemaak, hoofsaaklik deur Afrikaanse ouers om hul kinders na Engelsmediumskole te stuur, dat die outoriteite hierdie kwessie deur hul inspekteurs strenger begin toepas het.

Ordonnansie No. 17 van 1934 gee die ouer nou die reg

om sy kind se huistaal te beslis, alleen waar die Inspekteur van oordeel is dat die kind altwee tale ewegoed ken. Die ouer kan derhalwe nie meer sy kind deur 'n medium laat leer wat nie die beste deur hom verstaan kan word nie en daar is nou die vooruitsig dat die Afrikanerkind hom sal bevind in die skole waar hy die beste vordering sal kan maak, mits die hoofonderwysers eerlik te werk gaan.

Die woorde „moedertaal” en „huistaal” is ongelukkig nooit in die Onderwyswet van 1907 en die Rissikordonnansie nader omskryf nie. Die bedoeling was egter seker „die taal wat die kind die beste praat en verstaan”. In die O.V.S. het genl. Hertzog in 1908 daarvoor gesorg dat huistaal beteken: die taal wat die kind die beste praat en verstaan.

Daardie vae woorde „moedertaal” en „huistaal” het al die moeilikheid in Transvaal in die later jare veroorsaak.

Ord. No. 17 van 1934 bepaal eindelijk dat huistaal die taal is wat die kind die beste verstaan. Dis ten minste nou definitief. Al is 'n kind se ouers altwee Afrikaanssprekend maar die kind verstaan Engels beter as Afrikaans, dan is die kind se huistaal Engels en omgekeerd.

Miskien sal dit hier nie heeltemal onvanpas wees om 'n bietjie uit te wei oor hierdie woorde „moedertaal”, „huistaal” en „taal wat die kind die beste verstaan” nie.

Die woord „moedertaal” is klaarblyklik nie 'n geskikte woord om die taal van die kind te bepaal nie. Die moeder se taal kan Frans of Duits wees, terwyl die kind miskien Engels of Afrikaans praat. Daar is honderde moontlike kombinasies. Die woord „huistaal” is net so onbevredigend.

As ons die opvoedkundige beginsel aanneem dat 'n kind die beste leer deur middel van die taal wat hy die beste praat en verstaan, dan deug die woord „huistaal” glad nie.

Ons het baie gevalle waar die ouers en kinders tuis Afrikaans praat, maar daar hulle in 'n suiwer Engelse omgewing woon en hul kinders dus baie met Engelse in aanraking kom voor skoolgaande leeftyd, praat en verstaan hulle oënskynlik beter Engels as Afrikaans en skyn dit opvoedkundig juis dat hulle deur Engelsmedium moet leer. Maar, aangesien dit hoofsaaklik gaan oor die vorm waarin 'n kind se gedagtegang van geboorte af gegiet is, is dit psigologies te betwyfel of hy werklik die tweede taal beter beheers as Afrikaans en derhalwe behoort so'n kind tog deur medium van Afrikaans te leer.

Daar is egter ook ouers wie se omgangstaal in werklikheid Afrikaans is, maar wat tuis net Engels praat en gevolglik praat en verstaan hul kinders beter Engels as Afrikaans. Uit 'n suiwer sielkundige standpunt behoort hulle dan deur Engelsmedium onderrig te word, maar aangesien die doelstelling van alle opvoeding en onderwys nie net die intellektuele vorming beoog nie, maar ook wel die sosiale sowel as die nasionale vorming, begaan sulke ouers, wat die nasionale milieu betref, 'n onherstelbare fout deur hul kinders deur 'n vreemde medium op te voed.

Soortgelyke toestande kry ons ook ten opsigte van Engelssprekendes. Engelse ouers woon in 'n suiwer Afrikaanse omgewing. Hulle praat met hul kinders tuis Engels, maar die kinders praat beter Afrikaans, omdat hulle gedurig met Afrikaanse maatjies speel.

Dit is trouens die uitleg van die omskrywing van die woord „huistaal” in die Ordonnansie van 1934.

Die omskrywing van „huistaal” in die Ordonnansie is m.i. nog onbevredigend en kan nog moeilikhede oplewer. Die woord „huistaal” moet m.i. omskrywe word as „die taal wat die kind die beste praat en verstaan”.

Dis tog ’n alledaagse verskynsel dat iemand ’n taal kan verstaan sonder om juis in staat te wees om dit ook te praat. Die omgekeerde is egter nie moontlik nie. As jy ’n taal kan praat, dan moet jy hom ook noodwendig verstaan. Lê die gesonde opvoedkundige beginsel dan nie juis in die *praat en verstaan* van ’n medium en nie alleen in die *verstaan* daarvan nie? Is dit nie moontlik om ’n kind by toelating tot ’n skool te vind wat ’n sekere medium kan verstaan en tog hierdie medium minder goed kan praat as die ander nie? Indien wel, dan lê die keuse van medium by die „praat en verstaan” en nie by die „verstaan” alleen nie. Hoe dit ook al sy, behoort die huistaal, duidelikhedshalwe, m.i. omskrywe te word as „die taal wat die kind die beste praat en verstaan”, want dis seker moeiliker om by ’n kind te bepaal of hy die een medium beter kan verstaan as die ander, as om te bepaal watter een hy die beste praat. Die toets van „uitdrukking” is seker in hierdie opsig veiliger en sekerder as die van „indruk”. By die praat van ’n taal is die kind aktief; by die verstaan daarvan is hy meer passief. In antwoord op ’n vraag kan die kind maklik die indruk wek dat hy die taal verstaan, terwyl dit in werklikheid nie eintlik die geval is nie. Ons weet bv. van baie gevalle waar Afrikaanse ouers hul kinders vooraf sekere antwoorde in Engels van buite laat

leer om op dié wyse die indruk te wek dat hul huistaal Engels is.

Die volgende tabelle toon die toestand aan op die end van 1935, wat betref medium.

Indeling van Transvaalse leerlinge in skole vir blankes volgens voertaal.

1934:

	<i>Engels</i>	<i>Afrikaans</i>	<i>Deels Eng. Deels Afr.</i>	<i>Totaal</i>
Stad- en dorpskole	48,728	39,092	1,781	89,601
Plattelandse skole	1,216	44,213	2,455	47,884
	<u>49,944</u>	<u>83,305</u>	<u>4,236</u>	<u>137,485</u>

I. 1935:

	<i>Engels</i>	<i>Afrikaans</i>	<i>Deels Eng. Deels Afr.</i>	<i>Totaal</i>
Stad- en dorpskole	50,784	42,364	1,355	94,503
Plattelandse skole	1,299	45,177	1,623	48,099
	<u>52,083</u>	<u>87,541</u>	<u>2,978</u>	<u>142,602</u>
	groei 2,139	groei 4,236	verlies 1,258	groei 5,117

Persentasie van die totale getal leerlinge in elke Std. volgens voertaal:

II. Std.	<i>Eng.</i>	<i>Afr.</i>	<i>Deels Afr. Deels Eng.</i>	<i>Totaal</i>
Grd. I:	7.1	12.1	4.9	10.1
II:	9.0	11.5	3.9	10.5
Std. I:	11.6	12.9	5.9	12.3
II:	11.2	11.8	6.1	11.5
III:	11.5	11.6	9.2	11.5
IV:	12.1	11.3	14.0	11.6
V:	12.0	11.0	18.6	11.5
VI:	10.9	9.6	17.0	10.2
Vorm II:	8.7	3.9	6.9	5.0
III:	4.1	2.1	8.1	3.0
IV:	2.1	1.2	2.9	1.5
V:	1.7	1.0	2.5	1.3
	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>

III. Betreklieke getal leerlinge in elke klas, met Std. I as 100 geneem, volgens voertaal:

Std.	Eng.	Afr.	Dubbelmedium	Totaal
I:	100.0	100.0	100.0	100.0
II:	97.0	91.5	104.0	93.5
III:	98.8	89.8	155.1	93.6
IV:	104.0	87.8	236.4	94.9
V:	103.2	85.6	315.3	94.0
VI:	94.1	74.8	287.5	83.6
VII:	58.1	30.7	116.5	41.0
VIII:	35.0	16.4	137.5	24.1
IX:	18.0	9.0	48.9	12.5
X:	15.0	7.7	42.0	10.6

IV. Betreklieke getal leerlinge in elke klas van Middelbare Skole, met Std. VI as 100, volgens voertaal:

Std.	Eng.	Afr.	Dubbelmedium	Totaal
VI:	100.0	100.0	100.0	100.0
VII:	61.8	41.0	40.5	49.1
VIII:	37.3	22.0	47.8	28.8
IX:	19.1	12.0	17.0	14.9
X:	15.9	10.3	14.6	12.6

V. Alle skole vir blankes, dorp en platteland: laer en hoër.

Std.	Eng.	Afr.	Dubbelmedium
Gr. I:	3,698	10,546	147
II:	4,697	10,088	115
Std. I:	6,020	11,263	176
II:	5,837	10,301	183
III:	5,949	10,119	273
IV:	6,283	9,886	416
V:	6,210	9,645	555
VI:	5,662	8,422	506
VII:	3,497	3,457	205
VIII:	2,110	1,850	242
IX:	1,082	1,012	86
X:	900	871	74
	<hr/>	<hr/>	<hr/>
	52,083	87,541	2,978
	<hr/>	<hr/>	<hr/>

VI. Net laer Skole: Platteland.

	Eng.	Afr.	Dubbelmedium
	188	6,341	125
	156	5,368	89
	172	6,090	144
	183	5,510	155
	159	5,691	205
	180	5,458	235
	128	5,262	352
	120	4,580	271
	8	589	33
	5	248	14
	—	16	—
	—	24	—
	<hr/>	<hr/>	<hr/>
	1,299	45,177	1,623
	<hr/>	<hr/>	<hr/>

VII. Laer dorpskole alleen:

	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
Grd. I:	3,510	4,205	22
II:	4,541	4,720	26
Std. I:	5,848	5,173	32
II:	5,654	4,791	28
III:	5,790	4,428	68
IV:	6,083	4,428	181
V:	6,082	4,383	203
VI:	5,542	3,842	235
VII:	3,489	2,868	172
VIII:	2,105	1,602	228
IX:	1,082	996	86
X:	900	847	74
	50,784	42,364	1,355

VIII. Hoër Skole alleen:
voorb. afd.

	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
	—	—	—
	222	—	—
	274	—	—
	266	—	—
	267	—	—
	262	—	—
	266	—	—
	828	109	—
	2,539	1,961	134
	1,757	1,309	168
	1,071	935	86
	890	796	74
	8,642	5,110	462

IX. W.W. Rand-Oos,
Hoër Skole.

Vorm	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
I:	—	—	—
II:	406	115	—
III:	263	87	—
IV:	111	58	—
V:	83	44	—
	863	304	—

W.W. Rand-Sentraal,
Hoër Skole.

Vorm	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
I:	808	39	—
II:	1,295	224	—
III:	935	150	—
IV:	553	108	—
V:	444	99	—
	4,035	620	—

W.W. Rand-Wes,
Hoër Skole.

Vorm	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
I:	—	—	—
II:	144	177	—
III:	91	60	—
IV:	57	32	—
V:	53	29	—
	345	238	—

X. Pretoria, Hoër Skole.

Vorm	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
I:	—	—	—
II:	362	237	—
III:	239	141	—
IV:	200	106	—
V:	169	85	—
	970	569	—

XI. Hoër Skole op die Platte-
landse Dorpe.

Vorm	Eng.	Afr.	Dubbel-medium
I:	20	70	—
II:	332	1,268	134
III:	229	871	168
IV:	150	631	86
V:	141	539	74
	872	3,379	462

XII. W.W. Rand voorb.
afd.

	Eng.	Afr.	Dubbel- Medium
rd. I:	—	—	—
II:	222	—	—
Std. I:	274	—	—
II:	266	—	—
III:	267	—	—
IV:	262	—	—
V:	266	—	—
VI:	—	—	—
VII:	—	—	—
VIII:	—	—	—
XI:	—	—	—
X:	—	—	—
	1,557	—	—

XIII. Privaat-
skole.

	Eng.	Afr.	Dubbel- Medium
	585	9	28
	322	—	6
	255	—	10
	154	—	12
	151	—	3
	194	—	5
	148	—	3
	165	—	4
	158	—	—
	100	—	—
	100	—	—
	135	—	—
	2,469	9	71

XIV. Ondersteunde
skole vir blankes.

	Eng.	Afr.	Dubbel- Medium
	90	—	23
	115	—	17
	144	12	—
	131	7	—
	151	9	—
	123	7	—
	151	7	—
	137	7	—
	90	—	—
	74	—	—
	45	—	—
	28	—	—
	1,243	49	40

XV. Rooms Katolieke
Skole.

Net groottotale:

	Eng.	Afr.	Dubbel- Medium
	6059	—	879
Seuns:	2,796.	—	—
Meistes:	4,142.	—	—

Indiërskole.

	Eng.	Afr.	Dubbel- Medium
	1,663	34	65

Skole vir Gekleurdes
en Indiërs.

	Eng.	Afr.	Dubbel- Medium
	2,986	2,530	1,828

Klassifikasie in skoolraadsdistrikte volgens voertaal:

Distrik	Dorp- skole	Distrik- skole	Eng.	Afr.	Dubbel- medium
Barberton	1	21	429	1686	121
Bethal	1	25	87	1409	16
Bloemhof	3	14	157	1461	28
Carolina-Belfast	4	17	222	1320	28
Ermelo	2	24	328	1696	68
Heidelberg	3	29	396	2080	101
Klerksdorp	3	18	200	1755	24
Lichtenburg	3	??	119	4484	—
Lydenburg	1	22	73	1382	75

Distrik	Dorp- skole	Distrik- skole	Eng.	Afr.	Dubbel- medium
Marico	1	32	60	2142	271
Middelburg	2	36	265	2549	84
Pietersburg	2	29	280	1671	60
Plet Retief	1	11	123	624	54
Potchefstroom	5	33	460	2822	42
Potgietersrust	1	15	105	1318	52
Pretoria (dorp)	35	3	5007	5944	40
Pretoria (distrik)	2	75	195	4767	61
Rustenburg	1	65	139	4417	97
Schweizer-Reineke	1	30	—	1734	12
Standerton	2	28	132	1779	68
Ventersdorp	1	24	—	1514	67
Vereeniging	2	29	539	1679	74
Wakkerstroom	3	12	174	1200	106
Witbank	2	18	514	1095	104
Waterberg	1	53	122	2493	48
W.W. Rand-Sentraal	83	4	21171	7834	178
u.W. Rand-Oos	46	9	8452	9198	121
W.W. Rand-Wes	19	1	3094	3230	243
Witwatersberg	—	24	36	1658	79
Wolmaransstad	1	32	293	1797	67
Zoutpansberg	1	24	265	1687	40
Zwartruggens	1	42	4	2006	89

Uit hierdie tabelle kan ons o.a. sien dat daar na Std. IV 'n geleidelike vermeerdering van leerlinge wat deur Engelsmedium leer, plaasvind, vermoedelik toe te skrywe aan die reg van die ouers om die medium te kies.

Nieteenstaande die feit dat daar byna tweemaal soveel leerlinge deur Afrikaans- as deur Engelsmedium leer, vind ons gemiddeld die helfte minder leerlinge wat na Std. VI en tot Std. X deur Afrikaansmedium leer. Dit kan nie alleen aan die feit dat daar meer Engelse as Afrikaanse kinders die hoër klasse besoek, toegeskrywe word nie, maar seker ook daaraan dat daar nog honderde Afrikaanse leerlinge is wat hul onderwys in die hoër klasse deur Engelsmedium ontvang (vgl. tabel III).

HOOFSTUK IX.

Vorige Ondersoekings oor die Taalvraagstuk i.s. Moeder- en Andertaalonderwys.

„Moedertaal” word hier gebruik in die sin dat dit die eerste taal is wat die kind aan sy moeder se knie leer, d.w.s. die eerste menslike taal waarmee hy uiting gee aan sy psigiese behoeftes, gevoelens, ens., en gevolglik die taal wat hy nie alleen die beste praat en verstaan nie, maar die taal waarin hy uiting kan gee aan sy diepste gewaarwordinge. Dis die taal waarin jy dink. En hoe dink 'n mens? John Dewey beweer (*How we think*, Hoofstuk XVI) dat daar drie tipiese gesigspunte aangevoer word met betrekking tot die verhouding tussen die taal en die denkproses, nl.

1. dat die twee identiek is;
2. dat woorde die bedekking, die klere, is van die gedagte — woorde is nie nodig vir die gedagte self nie, maar om die gedagte tot uiting te bring;
3. dat, hoewel die taal nie die gedagte self is nie, dit vir die denkproses net so nodig is as vir die gedagte-wisseling.

Hierdie laaste standpunt is dié van Dewey. Taal sluit natuurlik hier meer in as net die geskrewe en gesproke woord — dit sluit ook in gebare, afbeeldings, gesigsbeelde, bewegings van die vingers, ens., ens. — trouens enigiets

wat opsetlik en kunsmatig gebruik word as 'n teken. Die belangrikste is natuurlik die *betekenis* wat aan die tekens en simbole geheg word. Dis juis in hierdie opsig dat dit so nodig is vir die kind om sy onderrig, altans sy aanvangsonderwys, deur sy moedertaal te ontvang, aangesien die betekenis van die woorde in daardie taal vir hom meer verstaanbaar is as dié van die woorde van 'n vreemde medium. Die gedagte handel nie soseer met dinge nie as wel met die betekenis van die dinge en wat hulle suggereer, en dit is veral in die abstrakte denke dat woorde van besondere waarde is.

Ons verstandelike en morele ontwikkeling hang byna heeltemal van taal af, soos Mellone dit uitdruk: "While thought is prior to language, thought could make no progress without embodying itself in language" (*Elements of Psychology*, p. 434).

As ons nagaan hoe 'n vreemde taal die gedagte beïnvloed, vind ons dat daar by 'n woord in die moedertaal „weerneming” is terwy daar by die woord in die vreemde taal slegs „gewaarwording” is¹⁾. Die vreemde woord laat ons twyfel, aangesien die bekende assosiasies nie soos by die moedertaalwoord aanwesig is nie.

In die *Language Medium Question* van C. H. Schmidt toon hy aan dat eksperimente deur Cattell die bewys lewer dat "a foreign language is more slowly perceived than the own-tongue" (bl. 29). Dit is van toepassing op gesigswaarneming en miskien nog meer op gehoorswaarneming. As 'n kind dus deur 'n vreemde medium leer, moet hy meer

1) Waarneming („perception”) en Gewaarwording („sensation”). Sien Schmidt: *The Language Medium Question* (bl. 28).

aandag skenk aan die vorm van die woorde as aan die inhoud en betekenis. Dit gebeur selfs wanneer die kind 'n vreemde taal self leer. Schmidt het deur proewe bewys dat wanneer 'n kind deur 'n vreemde medium geleer het — al ken hy die vreemde taal ook hoe goed — sy gemiddelde reaksietyd op 'n prikkel in die vreemde medium langer is as in sy eie. Die assosiasies in die vreemde medium is ook nie helder genoeg omlyn nie. Die idee, die gedagte kan bepaald en duidelik wees, maar die woord om dit uit te druk, is onbekend; of die woord is bekend, maar die betekenis daaraan geheg is vaag en onbepaald; en daar is selfs volgens Schmidt (bl. 33) 'n derde moontlikheid, nl. die woord en die idee kan bekend wees, maar is nie nou genoeg aan mekaar verbonde nie.

Hy wys verder daarop dat ook die belangstelling en oplettendheid ontbreek wanneer 'n kind deur 'n vreemde medium geleer word (bl. 40). Belangstelling gaan aan die oplettendheid vooraf, en dat hy 'n taal het met die nodige assosiasies en belangstelling, is juis een van die vernaamste dinge in die hande van die onderwyser wanneer 'n kind vir die eerste maal op skool kom. Leer die kind deur 'n vreemde medium en alles word doodgesmoor.

Aangesien 'n kind wat deur 'n ander taal as sy moedertaal leer, die vreemde woorde moet waarneem, hulle met betekenis moet assosieer en dan die begrip as 'n geheel vasvat, gaan die vreemde medium hom nie alleen sy belangstelling en oplettendheid laat verloor nie, maar dit mat hom nog bowendien baie af. Die gedurige skommelings tussen woorde en inhoud vereis baie konsentrasievermoë

en keurprosesse en gevolglik meer geestelike inspanning, sodat die vermoeienisfaktor nie kan uitbly nie. Schmidt (bl. 43) het dan ook deur toetse bewys dat daar minder vermoeienis is wanneer 'n kind deur sy moedertaal leer.

Waar die taak van die onderwyser om die kind van kleinsaf te leer dink, alreeds moeilik is, word dit baie moeiliker as die kind nog boonop deur 'n vreemde medium moet leer. Dr. Eybers van die Unie-Onderwysdepartement vat die hele probleem pittig saam waar hy sê: „Dis moeilik om te dink, dat 'n ouer kan dink, dat sy kind kan leer dink, as hy in 'n vreemde taal moet leer dink.”

As ons wil ontwikkel, moet ons ons gedagtes maklik en duidelik kan weergee. Deur diskussies, gesprekke, debatte, ens., ens., word ons geestesaktiwiteite geprikkel — daar moet ekspressie of uiting wees. Uit eie ervaring weet ons dat daar so goed as geen uiting van gedagtes is by 'n kind wat dit moet doen deur 'n taal wat nie sy eie is nie. James, die psigoloog, sê: “There is no impression without expression.” (*Talks to Teachers*).

Gaan ons na wat die posisie is in Suid-Afrika, België Wallis, Kanada, Indië en al die lande wat met twee- en meerdertaligheid belas is, vind ons orals dieselfde gevolgtrekkings (C. H. Schmidt: *The Language Medium Question*, bl. 65 vlg.). Sowel mondeling as skriftelik ly die kind wat deur 'n ander taal as sy moedertaal onderwys ontvang. Hierdie kinders is gewoonlik meer as 'n jaar vertraag, het min uitdrukkingsvermoë deur die vreemde medium, belemmer ook daardeur hul eie taal, het min oorspronklikheid en word op alle moontlike maniere gestrem. (Schmidt, bl. 56). 'n Vreemde medium het die neiging om tot

papegaaiwerk te lei en dit op sigself is een van die nadeligste gevolge vir die kind.

As ons die geskifte van Dewey oor die verhouding van die moderne skool tot sy eie omgewing, nl. die huis, nagaan, dan word alle assosiasies van die huisomgewing in die skool verbreek deur 'n vreemde medium.

Dr. Adler sê: "In everyone there is a will to power, a desire to shine in some direction, but at the same time people can easily become discouraged and develop an inferiority complex." (*Internationale Zeitschrift für Individual Psychologie*, Mai 1924). Die abnormale psigologie leer ons ook van die „Bestand”¹⁾ wat 'n kind kan ontwikkel deur gedurige mislukkings. Het die Afrikaanse kind nie in die verlede baie mislukkings gely deurdat hy verplig was om deur Engelsmedium te leer nie? Daar is mense wat beweer dat 'n groot deel van die Afrikaanse kinders aan 'n minderwaardigheidsgevoel ly. Het die vreemde medium psigologies nie baie daartoe bygedra nie?

Deur ondersoekingswerk in Wallis gedoen, kom D. J. Saer in *The effect of bilingualism on intelligence* (*British Journal of Psychology*: Vol. XIV, Part I, July 1923) o.a. tot die volgende slotsom:—

1. "Monoglot children in rural districts in Wales show a considerable superiority over bilingual children in the same districts when tested by the Binet-scale of intelligence.
2. University students coming from rural areas in Wales show the same differentiation in a test of intelligence.

1) „Bestand”. Deur gedurige mislukkings, bv. op skool, word die kind se prestasie en ook sy strewe na 'n ideaal ingekrimp en so ontwikkel hy dan in verkeerde rigtings by wyse van kompensasie-akte.

3. This difference appears to be of a permanent nature.
4. In rural districts the sharpest rise in the curve for vocabulary tends to occur with monoglot children at 8 or 9 years of age, while this is postponed to 10 or 11 years in the case of bilingual children.
5. The range of vocabulary of monoglots is higher than that of bilingualists.
6. When writing English the Welsh bilingual child uses his memory to recall alternate word symbols in the language instead of his reasoning power, etc.
7. In the tests for dextrality the bilingualists were found to be much more confused than monoglots both in rural and in urban districts.
8. Children in urban districts tested by the Binet-scale for intelligence show an inconsiderable difference between monoglots and bilingualists.
9. Mental confusion is seen to exist in bilingual children to a higher degree than in monoglot children even in urban areas.
10. It is suggested that the greatest influence on the mental confusion, occurring in bilingualism, is exerted by the language used by bilingual children in their play and in their free association with youthful companions, when that language is not also that in which they are first taught at school."

Uit bostaande aanhalings blyk weer dat die kind nie alleen ly as hy deur 'n vreemde medium leer nie, maar dat die tweetalige kinders selfs minder presteer as eentaliges.

Met betrekking tot die voertaalvraagstuk bly daar nog

'n belangrike aspek oor, nl. dié van kultuuraangeleenthede. Die taal dra die kultuur in die algemeen en die moedertaal in die besonder dra die nasionale kultuur. Die taal en die denkproses hang so nou saam dat hulle saam groei of saam agteruitgaan.

Ballard sê: "Training in the mother-tongue in which a child thinks and dreams—becomes the first essential of schooling and the finest instrument of human culture."

Om deur 'n vreemde medium te leer, is nie alleen opvoedkundig-sielkundig verkeerd nie, maar werk ook histories-nasionaal nadelig op die volksiel in. Dit werk denasionaliserend op die gees van die kind. Jy wil hom deur 'n vreemde medium inlei in 'n vreemde kultuur wat hy nie begryp nie. Waar die kind in sy eie omgewing met sy eie kultuurgoedere gedurig in aanraking kom, wil jy hom op skool deur 'n vreemde medium die vreemde kultuur laat indrink.

Die produkte van hierdie soort onderwys kan nie veel anders as nasionaal-ontaardes wees nie. Wil jy 'n kind oplei tot 'n nasiegetroue, denkende burger van die land met 'n rotsvaste karakter en persoonlikheid, word hierdie einddoel die beste bereik deur die moedertaal.

Daar is geleerdes wat selfs beweer dat die opdringing van 'n vreemde medium, veral dié van 'n kultureel sterker volk, tot geesteskonflikte lei wat 'n geweldig nadelige invloed moet uitoefen op die karaktervorming. Wat was die posisie in Suid-Afrika in die verlede en is dit in baie opsigte vandag nog met betrekking tot Engels en Afrikaans? Tuis praat die kind Afrikaans met ouers en matertjies en ontwikkel op die wyse 'n liefde en respek

vir sy eie taal; sodra hy egter op skool kom, word sy taal as minderwaardig beskou — hy moet deur Engels-medium leer en Nederlands as taal aanleer. Sy eie taal is kombuistaal — goed genoeg om bevele aan die diensbodes in te gee. Kom hy later in die samelewing, dan vind hy daar ook geen plek vir sy eie taal nie. In die handel en nywerheid is dit alles Engels, in die opgevoede kringe word deur sy eie mense Engels gepraat, in sy Kerk hoor hy Hooghollands, in die Staatsdiens is alles Engels. Wat 'n geweldige skok kry hy nie om te sien en te voel dat sy eie taal so bespot en geminag word nie!

Het dit alles nie 'n geweldige denasionaliserende invloed op hom nie? Laat dit hom nie totaal ontaard nie? Wek dit nie by hom 'n minderwaardigheidsgevoel op nie? Soos Saer, Smith en Hughes in *The bilingual Problem* van Wallis sê: "As things are at present, the most attractive books and the lessons on things of moment in the new universe that opens out to his view beyond his immediate environment are all in English. He soon learns that the powers that rule the country, and the squires who own the land in his district are all English-speaking, and respected strangers visiting his village also speak English. He may be taught that Welsh is a noble language, but in spite of any patriotism and loyalty instilled into his mind, he must be possessed by a perplexity on account of these conflicting matters whether that perplexity be a conscious or an unconscious one, it would in either case have an influence on his mind. Here, surely, we find a favourable ground for the development of an unconscious conflict between sentiments. The sense of inferiority

haunts the life of the typical child." Ons kan hierdie woorde een vir een toepas op die Suid-Afrikaanse toestand. Gelukkig verbeter hulle al meer en meer en kom die volk hoe langer hoe meer tot sy eie nasionale bewus-syn terug.

Al die ondersoekings dan op hierdie gebied deur Saer, Smith, Hughes, Williams, Schmidt en ander lei net tot een gevolgtrekking, nl. dat moedertaalonderwys opvoedkundig, sielkundig, kultureel en nasionaal die gesondste is.

HOOFSTUK X.

Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole.

Aangesien hierdie woorde—Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole—deur verskillende persone en rapporte met verskillende betekenis gebruik is en word, wil ons hier definieer wat met hierdie terme bedoel word.

1. 'n Enkelmediumskool is 'n skool waar net een taal as medium gebruik word, hetsy Afrikaans, hetsy Engels. Ons het derhalwe of 'n suiwer Afrikaans- of 'n suiwer Engelsmediumskool. In hierdie skole word alle vakke deur die eerste taal as medium geleer, behalwe die tweede taal as taal.

2. 'n Parallelmediumskool is 'n skool waar parallelklasse bestaan, d.w.s. een deel van die skool ontvang alle vakke deur Afrikaans- en die ander deel alles deur Engelsmedium. 'n Parallelmediumskool is dus niks anders nie as twee Enkelmediumskole onder een hoof en in een gebou.

3. 'n Dubbelmediumskool is 'n skool wat net soos in die geval van Parallelmediumskole deur sowel Afrikaanse as Engelse kinders besoek word, met hierdie verskil egter dat die Afrikaanse en Engelse leerlinge in dieselfde klas-kamer en langsmekaar op dieselfde banke sit en *almal* sommige vakke deur Afrikaans- en ander deur Engelsmedium geleer word. Verder is hulle gehuisves onder een dak en staan hulle onder die leiding van een hoof.

Oppervlakkig beskou, is die enigste verskil tussen 'n Enkel- en 'n Parallelmediumskool dit:

(a) In 'n Enkelmediumskool sit bv. 'n seun van der Merwe in 'n suiwer Afrikaans- en 'n seun Jones in 'n suiwer Engelsmediumskool, elkeen met sy eie aparte skool, organisasie en hoof. Van der Merwe leer alles deur Afrikaans en Engels net as taal en Jones leer alles deur Engels en Afrikaans net as taal.

(b) In 'n Parallelmediumskool sit van der Merwe en Jones in dieselfde skool, maar nie in dieselfde klaskamer nie. Jones leer hier nog alles deur Engels- en van der Merwe alles deur Afrikaansmedium, maar die skool is onder een dak en staan onder die leiding van een hoof. Dit is dus twee Enkelmediumskole wat onder dieselfde dak en dieselfde hoof staan. Die Hoof van hierdie skool kan van huis-uit Afrikaans- of Engelssprekend wees, maar behoort in elk geval deeglik tweetalig te wees.

Die groot verskil tussen 'n Parallel- en 'n Dubbelmediumskool is egter dit: in 'n Dubbelmediumskool sit van der Merwe en Jones in dieselfde kamer en langs mekaar op dieselfde bank. Jones leer bv. die helfte van die vakke deur Engels- en die ander helfte deur Afrikaansmedium en van der Merwe doen dieselfde. Die hoof van hierdie skool kan van huis-uit Afrikaans- of Engelssprekend wees, maar behoort deeglik tweetalig te wees.

Daar bestaan vandag in die O.V.S. en Transvaal suiwer Enkel- en ook Parallelmediumskole. Daar bestaan egter geen suiwer Dubbelmediumskole nie, maar daar is wel Parallelmediumskole waarin die dubbelmedium in seker klasse toegepas word, d.w.s. daar is skole waar

Engelse en Afrikaanse kinders in seker klasse in dieselfde klaskamer sit en dan sommige vakke deur Engels en ander deur Afrikaans as voertaal leer.

Hierdie toestande kry ons by enkele Parallelmediumskole waar daar bv. te min Engelse en Afrikaanse leerlinge die skool besoek om aparte Engels- en Afrikaansmediumklasse te stig.

Ons kry ook in die O.V.S. skole op enkele plattelandse dorpe waar die Engelse bevolking die groot minderheid vorm en waar dan een of meer sekondêre vakke in sekere klasse deur Engelsmedium gegee word om die Engelse minderheid tegemoet te kom, terwyl al die ander vakke deur Afrikaansmedium gedoseer word.

Dit was alleen vroeër, onder die Hertzogwet van 1908, dat ons suiwer Dubbelmediumskole aangetref het waar die Wet bepaal dat drie hoofvakke deur Hollands- en drie hoofvakke deur Engelsmedium geleer moes word.

Die nuutste bepalings insake medium en taal van sowel die O.V.S. as Transvaal gee die ouers die keuse na Std. IV van

- (a) òf Engelsmedium,
- (b) òf Afrikaansmedium,
- (c) òf beide media,

maar soos reeds gesê, niteenstaande hierdie keuse, vind ons vandag geen suiwer Dubbelmediumskole nie.

Watter van hierdie drie tipes skole behoort ons in die O.V.S. en Transvaal te stig? Is die Enkel- of die Parallel- of die Dubbelmediumskool die gewenste vir die Afrikaanse en Engelse gemeenskap van ons volk? Watter soort skool sou opvoedkundig en nasionaal die beste wees

om ons leerlinge op te lei tot goeie, selfstandige burgers van die Unie van Suid-Afrika?

Daar is kampvegters vir al drie tipes.

Die een sê: laat ons suiwer Enkelmediumskole hê, want daarin leer elke deel van die bevolking deur sy eie taal, daarin word die kultuur, geskiedenis en tradisies van elke deel gehuldig en daarin lê die heil van ons hele volk.

Die ander sê: laat ons Parallelmediumskole hê, want daarin word die opvoedkundige beginsel van moedertaal-onderwys gehandhaaf en, vanuit 'n breë nasionale standpunt beskou, skei jy nie die twee bevolkingsgroepe nie, maar bring hulle bymekaar op dieselfde skool en so bewerkstellig jy 'n samewerking en samesmelting van die twee dele tot een groot Suid-Afrikaanse volk.

Die derde sê: laat ons suiwer Dubbelmediumskole hê, want op Enkelmediumskole word die Afrikaanse en Engelse kinders geskei, wat nie juis bereken is om goeie samewerking te verkry nie, en op Parallelmediumskole het jy 'n kunsmatige samesmelting en samewerking wat wel op papier goed lyk, maar in die praktyk die rasseverskille eerder aksentueer. As die twee bevolkingsgroepe tog uiteindelik moet saamwerk en saamsmelt, dan is die breë nasionale standpunt belangriker as die suiwer opvoedkundige; dan bring 'n mens hulle werklik saam in een klas-kamer en op een bank en waar die twee tale op absoluut gelyke voet behandel word, leer elkeen die ander se taal, kultuur en tradisies waardeur en respekteer. Hierdie stelsel sal verder die voordeel hê dat almal dan taamlik deeglik tweetalig sal wees.

Hierdie vraagstuk van voertaal en organisasie sluit

noodwendig die vraagstuk van tweetaligheid in en dit sal nie onvanpas wees om kortliks op hierdie vraagstuk in te gaan nie, want in die praktyk skyn die groot beswaar teen Enkelmediumskole juis te wees die onbevredigende toestand van die tweede taal op daardie skole; en die swak gehalte, veral van Engels as tweede taal, skyn die handels- en nywerheidswêreld slapelose nagte te besorg.

Wat die tweetaligheid (Afrikaans en Engels) in Suid-Afrika betref, kan ons die volgende grade of stadia onderskei:—

1. *Eentaliges* (hetsy Afrikaans- of Engelssprekendes).

'n Eentalige kan ons definieer as iemand wat die tweede taal nie genoegsaam ken om eenvoudige vrae in hierdie taal oor doodgewone sakies uit die alledaagse lewe te verstaan nie. Onder hierdie groep val die meeste plattelandse kinders voor skoolgaande leeftyd en die allerjongste kinders uit stedelike en nywerheidsentrums.

2. *Tweetaliges van (a) die laagste graad.*

Onder hierdie groep val diegene wat heel eenvoudige vrae in die tweede taal kan verstaan, maar nie in staat is om antwoorde in hierdie taal te gee nie. Onder hierdie groep kan ons 'n deel van die plattelandse volwassenes en baie plattelandse kinders, na die eerste paar maande op skool, reken, sowel as 'n aansienlike deel van die ouer Engelse bevolking en nuwe Engelse immigrante.

Hulle kan die tweede taal so'n bietjie verstaan, maar glad nie praat nie.

(b) *Gemiddelde Tweetaliges*: Onder hierdie groep val diegene wat hul eie taal goed praat en verstaan. Hul

kennis van die tweede taal is egter van so'n gehalte dat hulle dit taamlik kan lees en verstaan, maar die spreektaal is nog maar gebrekkig. Hulle kan hulleself egter taamlik verstaanbaar maak. Hierdie onvolmaaktheid kan hoofsaaklik toegeskrywe word aan gebrek aan geleentheid om die taal vlot te leer praat. Hulle kom te veel in aanraking met 'n eentalige omgewing en kry nie kans om hul teoretiese kennis in die praktyk te beoefen nie, want per slot van rekening leer 'n mens 'n taal praat deur dit gedurig te gebruik.

Onder hierdie groep kan 'n mens die meeste skoolkinders uit min of meer eentalige omgewings plaas.

(c) *Deeglike Tweetaliges*: Dis mense wat tuis hul eie (en soms ook die tweede taal) praat en wat al 'n groot mate van vlotheid in die tweede taal bereik het, hetsy deur verdere studie, hetsy deur in 'n tweetalige omgewing te woon, hetsy deur veelvuldige gebruik van die tweede taal. Hierdie groep sou ons beskou as deeglik tweetalig.

(d) *Die super-tweetaliges*: Dis mense wat die tweede taal net so vlot en maklik as hul eie kan gebruik en wat selfs die diepste gewaarwordinge in die tweede taal baie goed kan vertolk. Dis die egte taalkundig-aangelegde mense en van hierdie soort tweetaliges het ons in Suid-Afrika maar bloedweinig.

'n Mens sou die verskillende grade van tweetaligheid nog fyner kon uitwerk, maar vir die onderhawige aspek van die saak is hierdie vyf grade voldoende.

As ons nou van tweetaligheid praat, watter graad beoel ons? Is die doel van ons onderwys en wetgewing om die hele nasie deeglik tweetalig te maak soos bv. dié

onder 2 (c)? Of moet ons tevrede wees as ons met die massa gemiddelde tweetaligheid bereik?

Is die tyd wat in die skole aan die twee tale opgeoffer word (omtrent 10 uit die 25 uur per week in die laerskole), eweredig aan die voordele wat daaruit getrek word? Sou die algemene peil van ontwikkeling nie verhoog kon word deur minder tyd aan die tweede taal te bestee en sodoende die massa 'n laer graad van tweetaligheid te besorg nie? Moet ons ideaal nie liever wees dat elkeen sy eie taal deeglik ken en praat en die tweede taal net goed verstaan nie? Daar is talle van gevalle bv. op plattelandse dorpe, waar die Afrikaanse vrou heel vriendskaplik met 'n Engelse op haar stoep in Afrikaans sit en gesels, terwyl die Engelse dit in Engels doen. Elkeen praat sy eie taal en altwee verstaan mekaar goed en — nota bene — daar gaan geen rassehaat of afguns mee gepaard nie. As die hele volk sover gebring kan word dat elkeen sy eie taal praat, maar altwee tale verstaan, en dat die een die ander nie in die hare vlieg as hy nie in sy taal antwoord nie, dan het ons die hele rassekwessie so goed as opgelos.

Tweetaligheid behoort m.i. nie te beteken dat iemand altwee tale moet kan *praat* nie, maar wel altwee kan *verstaan*. As iemand dan 'n vergadering toespreek in Afrikaans of in Engels, moet die gehoor hom goed kan volg sonder daardie onnodige en oorbodige vertalery of oorsêery wat die gemoedere opsweep. Vandag is ons egter nog baie ver van daardie toestand af, want antwoord iemand in Afrikaans as hy in Engels aangespreek word, of omgekeerd, dan word daar ander motiewe aan toegedig

en op dié manier word die rassegevoel wakker gehou. Daar is niks wat die gemoedere so opswEEP as juis taal-aangeleenthede nie.

Die Imperiale Onderwyskonferensie van 1927 sê o.a. in hul rapport: "Delegates suggested that some improvement in the situation might be effected if English were more commonly taught (in British Colonies etc. where the vernacular is the home language) as a language of impression rather than as a language of expression, i.e. by concentrating on the power to read and understand English without insisting that the student shall be able to express his own thoughts fluently in spoken or written English." 'n Baie verstandige voorstel hierdie, maar die meeste afgevaardigdes het nie saamgestem nie.

Daar word nog gedurig, veral op die W.W.Rand, gejeremieer oor die swak Engelse spreekkennis van Afrikaanse kinders met die oog op indiensneming (want die handels- en nywerheidstaal is ongelukkig vandag nog hoofsaaklik Engels). As die eis gestel word dat almal die twee tale moet kan verstaan, maar dat elkeen sy eie taal kan of mag praat, dan is die moeilikhede van die handels-wêreld ook opgelos. Hierdie toestand sal egter seker nooit verkry word nie, want die Engelse handelswêreld sal steeds vlotheid in die mondelinge gebruik van Engels eis.

Aangesien tweetaligheid die prys was wat betaal moes word vir die unifikasie van die vier provinsies, moet daar 'n ander oplossing gesoek word.

Watter voor- en nadele lewer Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole nou op? Uit die rapport van die

Transvaalse Onderwyskommissie van 1917 word sekere aanbevelings gemaak, wat betref Enkel- en Parallel-mediumskole.

In par. 115 spreek die Kommissie die sienswyse uit dat ons nog te naby die gebeurtenisse van die afgelope honderd jaar staan om onpartydig en kalm oor die loop van sake te oordeel. Die geskiedenis moet derhalwe onderwys word deur onderwysers wat min of meer die sienswyse toegedaan is van die groep ouers wat kinders by hulle op skool het en hierdie argument beskou hulle as ten gunste van Enkel-mediumskole vir Afrikaanse en Engelse kinders afsonderlik.

Die kwessie van die stigting van Enkel- of Parallel-mediumskole hang baie af van die aantal leerlinge in 'n gegewe gebied. Die Kommissie beveel, as gevolg van hul waarneming van skole deur die hele provinsie en die algemene verlange van Afrikaanssprekendes, die stigting aan van aparte Enkelmediumskole waar enigsins moontlik. Waar die skoolbevolking van albei bevolkingsgroepe klein is, moet om verskillende redes Parallelmediumskole kom. Oor die algemeen is dit vir organisasiedoeleindes moontlik om in die groot en digbevolkte gebiede en op die platteland Enkelmediumskole te hê, terwyl op sommige van die plattelandse dorpe waar 'n klein minderheid van een of ander groep woon, Parallelmediumskole nodig sal wees.

Die vraag kom hier by ons op of dit wenslik is om aparte skole te stig. Oor die algemeen kan die volgende aangevoer word ten gunste van aparte Enkelmediumskole:

1. Die meeste onderwysers is vanuit 'n breë opvoedkun-

- dige standpunt ten gunste van aparte Enkelmediumskole.
2. Vanuit 'n breë opvoedkundige standpunt is aparte skole ongetwyfeld beter as parallelklasse, blykens die getuienisse voor die Onderwyskommissie van 1917.
 3. Dit word beweer dat 'n Engelssprekende onderwyser, al is hy ook tweektalig, nie die geestelike en sosiale lewensopvatting van Afrikaanssprekende kinders verstaan nie en dieselfde is van toepassing op die Afrikaanssprekende onderwyser en die Engelse kind.
 4. Vir aparte skole kan geskikter onderwysers verkry word.
 5. Die sosiale voordele van Parallelmediumskole is twyfelagtig.
 6. In Parallelmediumskole bly die twee rasse tog in aparte groepe.
 7. Kinders in 'n Enkelmedium- ontvang 'n beter opvoeding as wat hulle in 'n Parallelmediumskool kry.
 8. Die ondervinding het geleer dat parallelklasse nie die rasseverskille wegdoen nie, maar eerder aksentueer.
 9. Die minderheid in 'n Parallelmediumskool voel altyd dat hulle aan die meerderheid onderworpe is.
 10. In baie gevalle het die onderwyser die neiging om te veel nadruk te lê op die karaktertrekke van sy eie ras ten koste van dié van die ander ras.
 11. Kinders van die een ras is al te geneig om 'n verkeerde daad by 'n kind van die ander ras te veroordeel, nie soseer as 'n individuele mistrap nie, maar as 'n karaktertrek van sy ras.

12. Kinders wat in aparte skole waar die moedertaal die medium is, hul onderwys ontvang, word nie juis daardeur vyandiggesind in hul houding teenoor kinders van die ander ras nie.
13. Kinders in Enkelmediumskole kan ook die gevoelens en tradisies van die ander ras leer respekteer.
14. Dis nie moontlik en ook nie wenslik om kinders van die twee rasse wie se taal, godsdiens en tradisies so baie verskil, saam in een vorm te giet nie.
15. Samestelling van personeel en organisasie is doeltreffender in Enkelmediumskole.
16. Die suiwerheid van beide tale word beter gehandhaaf op Enkelmediumskole.
17. Die nou verband tussen taal en kultuur kan alleen behoorlik in Enkelmediumskole gehandhaaf word. Hier kan 'n sterker gevoel vir die kind se eie kultuurgoedere aangewakker word.
18. Die ontwikkeling van karakter en persoonlikheid geskied die beste op Enkelmediumskole.
19. Enkelmediumskole ondermyn nie noodwendig nasionale eenheid nie.
20. Tot dusver was die neiging van Engelse kant nog steeds om alles wat Afrikaans is, te verkleineer en as minderwaardig te bestempel. Solank hierdie neiging bestaan, is parallelmediumskole ongewens, want hulle bring wrywing.
21. 'n Parallelmediumskool is kleurloos. Dis vis nog vlees. Die hele personeel en leerlinge lewe gedurig onder die sterk indruk van die verskil in ras en die nood-

- saaklikheid om neutraal te bly. Geen van beide rasse kan hom vryelik *uitlewe* nie.
22. Die toon in 'n parallelmediumskool is of oorwegend Engels of oorwegend Afrikaans, al na die cachet wat die Hoof en die meerderheid op die skool afdruk.
 23. Die groot moeilikheid van 'n Parallelmediumskool is om 'n werklik simpatieke, onpartydige Hoof wat nòg Engels nòg Afrikaans maar sogenaamd Suid-Afrikaans voel en dink, te vind.
 24. Enkelmediumskole is die natuurlike rigting (vgl. T.O. en T.T.A.; A.N.S. en NUSAS; Afr. Univ. naas Eng. Univ.; Engelse naas Afrikaanse Kerke, ens., ens.).
 25. Die argument dat kinders op Parallelmediumskole beter tweetalig word, is onjuis, behalwe in sekere besondere gevalle.
 26. Dis nie moontlik om op 'n Parallelmediumskool waar die hooftaal verskil en die klasse tog geskei is, 'n saamhorigheidsgevoel te bewerkstellig nie.
 27. Op 'n Parallelmediumskool is daar meer kans vir botsings en misverstand en gevolglik rassegevoel.
 28. Die samewerking van ouers op 'n Parallelmediumskool is in die praktyk lank nie so ideaal as wat dit soms geskilder word nie.
 29. Dat 'n Parallelmediumskool die twee rasse op die speelgrond bymekaar bring, word nie in die praktyk bewaarheid nie.
 30. By die volwassenes kies die Afrikaner self sy Engelse vriende en omgekeerd. Waarom moet ons die kinders deur 'n Parallelmediumskool dwing om hul maats te kies?

Die volgende word gewoonlik aangevoer teen aparte Enkelmediumskole:

1. Hulle skei die kinders van die twee rasse in twee kampe wat, indien nie vyandiggesind teenoor mekaar nie, dan tog geen simpatie met mekaar het nie.
2. As hulle onder een dak is en met mekaar speel, dan leer hulle om mekaar se standpunte te verstaan en mekaar se gevoelens te respekteer.
3. As ons 'n sterk verenigde nasie wil opbou, hoe gouer die kinders van die twee rasse bymekaar gebring word, hoe beter.
4. In Parallelmediumskole sterf die rassegevoel 'n langsame dood.
5. Die kinders in parallelklasse leer om met mekaar te koöpereer en hierdie saamwerkgees sal later in die gemeenskap voortlewe.
6. In Parallelmediumskole meng die Afrikaanse en Engelse groepe vryelik met mekaar op die speelgrond. Hulle neem ook saam deel aan die georganiseerde speletjies van die skool en op dié wyse kom daar nouer kontak.
7. Kinders van Parallelmediumskole het meer kans om deegliker tweetalig te word as dié van Enkelmediumskole.
8. Aangesien Engels en Afrikaans as tale baie gemeenskaplike taalvorme het, help die een taal die ander op Parallelmediumskole.
9. Vanuit 'n bloot ekonomiese standpunt het die Parallel-

mediumskool in dieselfde dorp die voordeel bo aparte Enkelmediumskole.

10. In Parallelmediumskole word die opvoedkundige beginsel net so goed gehandhaaf, nl. onderwys deur die moedertaal as in Enkelmediumskole.

Dr. E. G. Malherbe sê in sy *History of Education in South Africa* (bl. 330): "The language question resolves itself into a problem for the Afrikaans-speaking child of making a choice between two alternatives:

- (a) Either to have a good knowledge of a language (English) of great literary and commercial value, and have lost part of a sound general education and possibly also the means of facile expression of thought,

or

- (b) to learn to think efficiently and express himself gracefully with regard to all the spheres of life to which the school introduces the child and possibly be a little less accomplished in the use of the other language (English).

The same alternative will, of course, have to be faced *mutatis mutandis* by the English-speaking child."

Die tweede alternatief is natuurlik verweg die gesondste en beste om te kies. Ontwikkeling van verstand, karakter en persoonlikheid is oneindig meer werd as die bedrewenheid in 'n tweede taal.

Hierdie stelling bepaal nog nie die wenslikheid of andersins van Enkel- of Parallelmediumskole nie .

Lê daar nie 'n middeveg tussen die twee uiterstes in

Dubbelmediumskole nie? En, indien wel, waar en wanneer moet die Dubbelmediumstelsel ingevoer word? Is daar enige voordele aan 'n Dubbelmediumstelsel verbonde?

Voor ons egter hierdie vrae beantwoord, wil ons eers die voor- en nadele van Enkel- versus Parallelmediumskole opsom en bespreek.

Soos reeds gesê, het die Transvaalse Onderwyskommissie (1917) in par. 133 uitspraak gelewer ten gunste van Enkelmediumskole. Dit wil ons voorkom asof die argumente voor en teen hierdie twee tipes van skole neerkom op —

- (a) die ongetwyfeld groter opvoedkundige doeltreffendheid van die Enkelmediumskool teenoor die
- (b) twyfelagtige sosiale voordele van die Parallelmediumskole.

Niemand twis meer oor die gesonde opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys nie en daar is nog net een bepaling in die Onderwyswette wat ten opsigte hiervan so spoedig moontlik verwyder moet word, nl. die keuse van medium na Std. IV. Die gesonde opvoedkundige beginsel is: moedertaalonderwys van Graad I af tot en deur die Universiteit in alle moontlike vakke en beroepe. En, waar die Staat vry laer en hoër onderwys verskaf, behoort daar geen keuse te wees wat betref medium nie. As die ouer sy eie medium wil kies, laat hom dan self daarvoor betaal in privaatskole.

Waar vandag nog wel oor getwis word, is aparte vs. parallelmediumskole.

As ons opsomming hierbo juis is, dan is daar maar een keuse, nl. Enkelmediumskole. Onderwys en opvoeding

sluit nie net verstandelike ontwikkeling in nie, maar is 'n voorbereiding vir die volle lewe — jou taal en kultuur, jou geskiedenis en tradisies, jou geestesgoedere, jou hele nasionale bestaan.

Daar skyn net twee groot argumente ten gunste van Parallelmediumskole te wees:

- (a) Dit lei tot nasionale eenheid deur die twee rasse bymekaar te bring, en
- (b) die sosiale en handelswaarde van die Engelse taal.

Die materiële wêreld skyn meer begaan te wees oor die kennis van en bedrewenheid in die Engelse taal as iets anders, terwyl dit die minste van alles behoort te wees, alhoewel die Afrikaanse gedeelte van die volk wel deeglik kennis daarvan moet dra om in die ekonomiese lewe 'n bestaan te maak.

Maar laat ons hierdie argument dat jy op 'n Parallelmediumskool die twee rasse bymekaar bring en daardeur nie alleen nasionale eenheid bevorder nie, maar hulle terselfdertyd deegliker tweetalig maak, 'n bietjie verder ontleed.

Laat ons die saak eers net vanuit die taalkennisstandpunt benader.

Ons het vandag oor die algemeen—

- A. Engelsmediumskole in 'n enkeltalige gebied,
- B. Afrikaansmediumskole in 'n enkeltalige gebied,
- C. Engelsmediumskole in 'n dubbeltalige gebied,
- D. Afrikaansmediumskole in 'n dubbeltalige gebied,
- E. Parallelmediumskole hoofsaaklik in dubbeltalige gebiede.

Die verhouding in taalkennis tussen die moeder- en die tweede taal vir sowel Engels- as Afrikaansmediumskole in enkeltalige gebiede is minder gunstig as in dubbeltalige gebiede, d.w.s. die kennis van altwee offisiële tale in dubbeltalige gebiede is meer gelyk as in die geval van enkeltalige gebiede. Of, met ander woorde, die leerlinge van sowel Engels- as Afrikaansmediumskole in dubbeltalige gebiede is taamlik gelyktalig, terwyl dié in enkeltalige gebiede nie gelyktalig is nie en liewer as tweetalig beskou kan word en wel as gemiddeld tweetalig.

Vergelyk die uitslag van die Toelatingseksamen tot Hoër Skole soos aangegee in die Transvaalse Jaarrapport van 1928, as volg:—

Skole soos aangegee—

Onder:— Engels Hoër: Afr. Laer: Afr. Hoër: Engels Laer.

A.	72%	64.6%		
B.			67.9%	66.3%
C.	50.5%	52.8%		
D.			58.1%	58.6%

Maar hierdie syfers wys aan die ander kant ook 'n baie ernstige tekortkoming, nl. dat die kennis van die moedertaal baie laer staan in dubbeltalige as in enkeltalige gebiede. Dit wys op 'n baie interessante verskynsel, naamlik die invloed wat die een taal op die ander uitoeven in dubbeltalige gebiede.

Die syfers vir suiwer Parallelmediumskole is ongelukkig nie verkrygbaar nie, maar uitgaande van die feit dat die Parallelmediumskool eintlik self 'n dubbeltalige gebied is, kan ons verwag dat die toestand daar min of meer dieselfde

sal wees as vir Enkelmediumskole is dubbeltalige gebiede. Uit hierdie gegewens kan 'n mens aflei —

- (a) dat die omgewing 'n groot invloed uitoefen op die taalkennis van die leerlinge, en
- (b) dat die bewering juis is, nl. dat die suiwerheid van beide tale in Parallelmediumskole ly, net soos in dubbeltalige gebiede.

Dit word beweer dat die kennis van Engels in Afrikaansmediumskole van 'n swak gehalte is, maar dieselfde is van toepassing op die Afrikaans van Engelsmediumskole en miskien nog in 'n groter mate. Oor die algemeen leer 'n kind 'n vreemde taal op skool nie praat nie; hy leer dit lees en skrywe. In die praktiese lewe is bedreweheid in die gebruik van 'n taal as spreektaal baie belangriker as bloot teoretiese kennis daarvan as skryftaal. Die kind leer die taal praat deur die gedurige gebruik daarvan en die omgang met ander, hetsy tuis, op straat of op die speelgrond. Ons weet dat die gebruik van 'n taal die maklikste aangeleer word deur middel van speletjies. Wat is die belangrikste faktor in verband met die aanleer van 'n taal, d.w.s. om dit te leer praat? Dit word gesê dat speletjies die belangrikste is, daarna die huisomgewing en dan eers die skoolomgewing. As die skoolomgewing dan baie wil bydra tot die leer praat van die tweede taal, moet die kinders van beide rasse op die speelgrond met mekaar in aanraking kom. Dit bring ons op ons tweede punt, nl. bring die Parallelmediumskool nou werklik die Engels- en Afrikaanssprekende kinders op die speelgrond bymekaar?

Die ervaring van onderwysers op Parallelmediumskole

leer dat 'n groot minderheid hulle totaal afsonder, hulle ongelukkig en minderwaardig voel en nie vryelik met mekaar op die speelgrond omgaan nie.

Gestel dat 'n mens die Parallelmediumskole so kan organiseer (wat in die praktyk onuitvoerbaar is) dat beide rasse min of meer 'n gelyke getalsterkte het, meng hulle dan vryelik met mekaar sodat, soos gesê word, hulle mekaar leer verstaan en respekteer?

Prof. Fife maak in sy *Tendencies in Education in East and South Africa, with particular reference to language questions* (1931) die volgende bewerings met betrekking tot die Unie van Suid-Afrika. Met betrekking tot die taalen mediumvraagstukke sê hy, word die situasie sedert 1910 deur albei rasse aangeneem, hoewel "obviously the greater sacrifices have had to be made by the English group." Met die oog op die geskiedenis van die hele saak is dit onverstaanbaar dat die professor soiets kan beweer. Hy is egter onpartydig genoeg as hy sê: "To the great development of Afrikaans, English, of course, opposes a position of unassailable importance as a world language, but is handicapped in furthering a specifically South African national culture by its overseas contacts." Nadat hy egter die Parallelmediumskool gehuldig het vanuit 'n nasionale oogpunt, beweer hy dat in sulke skole "the children are quite competent to understand and to converse freely, each using his own mother-tongue."

Hierdie laaste bewering wat *kursief gedruk* word, berus op twyfelagtige gronde. 'n Mens tref hierdie verskynsel in skole slegs by wyse van *uitsondering* aan. Oorsese onder-

soekers soos prof. Fife is geneig om te veel waarde aan argumente soos die volgende te heg: "Parents of English descent grumble because their children spend so many years learning a language that seems to have so little cultural worth." Hy sê darem verder "but there is certainly a disciplinary value to the English race in being obliged for the first time in history to apply itself with diligence to the acquisition of a foreign tongue up to a real standard of success!" Nieteenstaande die feit dat daar vandag 56 persent Afrikaans- en slegs 39 persent Engelsprekende (5 persent ander nasionaliteite) in Suid-Afrika woon, "the English are less content with its (bilingualism) workings than the Boers" volgens prof. Fife. Hoe swak ingelig die professor is, blyk uit die volgende: "Where men cannot be found among the S.A. Dutch to instruct in Universities, especially the natural sciences, they are imported from Germany and Holland, and not from England or Scotland as formerly."

Om die vraag te beantwoord of Parallelmediumskole nou werklik die twee rasse op die speelgrond bymekaar bring, is die volgende ondersoek in Transvaalse skole gedoen. Die onderstaande vraelys is gestuur aan 150 skole, laer en hoër skole, sowel as laer skole met middelbare afdelings. Aan al die Parallelmediumskole in Transvaal is vraelyste gestuur:

TRANSSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

PRETORIA, 25.5.37.

AAN HOOFDE VAN SKOLE:

Mnr. Edmund Botes van die Pretoria-Noord Afrikaans-mediumskool is tans besig om 'n verhandeling te skryf oor

die taalmediumkwessie met spesiale verwysing na Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole. Hy het die Departement om verlof gevra om die aangehegte omsendbrief aan sekere skole te stuur.

Die Departement beskou hierdie ondersoek as baie waardevol en u word vriendelik versoek om hom die gevraagde hulp te verleen deur so spoedig moontlik op sy vrae te antwoord.

(w.g.) H. H. G. KREFT.

Direkteur Transvaalse Onderwysdepartement.

Die Hoof,

.....Skool,
.....

Geagte Heer,

Met verwysing na bostaande brief van die Onderwysdepartement, wens ek u vriendelik te vra om tog so goed te wees om bygaande vraelys so volledig as moontlik te beantwoord. Ek wil u die versekering gee dat ek u hulp en opoffering baie op prys stel en wil u by voorbaat hartlik dank vir u antwoord.

Ek sluit 'n gefrankeerde koevert in en sal baie bly wees om u antwoord nie later as die 30ste. Junie te ontvang nie.

Nogmaals dank en kollegiaal die uwe,

EDM. BOTES.

VRAELYS.

1. Het u 'n Enkelmediumskool? Is u medium Afrikaans of Engels?
2. As u 'n Parallelmediumskool het, sê asb. watter klasse

ontvang hul lesse deur Afrikaans- en watter deur Engelsmedium:

Afrikaans: Stds.:

Engels: Stds.:

3. As u 'n Dubbelmediumskool het, d.w.s. waar sekere vakke deur Afrikaans- en ander vakke deur Engelsmedium geleer word, sê dan asb. in watter klasse word die dubbelmedium gebruik:

In die volgende klasse word altwee media gebruik:

In hierdie klasse word die volgende vakke deur Afrikaansmedium geleer:

In hierdie klasse word die volgende vakke deur Engelsmedium geleer:

4. Daar is op die rol: leerlinge.
Hiervan is in die Engelse klasse,
en in die Afrikaanse klasse.
Hoeveel van die leerlinge wat in die Engelse klasse sit, is feitlik Afrikaanssprekend?

Hoeveel van dié wat in die Afrikaanse klasse sit, is feitlik Engelssprekend?

5. Op u speelgrond sien u groepies kinders saamspeel, bv. bok-bok, albasters, ringetjies, ens., ens. Neem tog asb. so'n groepie waar, liefs 'n groepie van 8 tot 10 of meer, en beantwoord dan die volgende vrae:—

a. Wat speel hulle op daardie oomblik?

b. Hoeveel van hulle sit in *dieselfde klaskamer?* (nie klas nie).

- c. In watter Std. sit dié onder (b)?.....
- d. Hoeveel van hierdie groep wat saamspeel, sit nie in *dieselfde klaskamer nie*? (nie klas nie).
- e. In watter Stds. sit hierdie kinders onder (d)?
- f. Hoeveel van hierdie onder (e) sit in *dieselfde klaskamer*?
- g. Hoeveel van die groepie onder (d) is tuis of elders *maats* van daardie leerlinge onder (b)
- h. Nou het u gegee hoeveel van die saamspelende groepie in *dieselfde klaskamer* sit en ook hoeveel tuis of elders *maats* van dié onder (b) is. Hoeveel van die groepie bly nou oor?
- i. Hoe verklaar u dit dat hierdie groepie wat oorbly, saamspeel met dié onder (b) en (g)?
-
-
-
- j. Van die groep wat saamspeel, is Engels-en Afr.spr.
- k. As dit 'n groepie uit die Eng.med. klasse is, speel die Afr.spr. leerlinge wat in die Eng. klasse sit, met hul saam?
- l. Praat die groepie dan Engels?
- Praat die Afr.kinders wat saamspeel, dan Engels of Afrikaans?.....

6. As die Afr. en Eng.spr. kinders op 'n Parallelmed.skool op die speelgrond met mekaar praat, praat die Eng.kind met die Afr.kind Engels of Afrikaans?
- a. Antwoord die Afr.kind in E. of A?.....
- b. As die Afr.kind die Eng.kind aanspreek, praat hy Eng. of Afr.?
- c. Antwoord die Eng. kind in A. of E.?.....
7. 'n Sekere oorsese professor beweer dat op parallelmed-skole die volgende baie maal plaasvind: Die Afr.kind spreek sy Eng.maats in Afr. aan en die Eng.maats antwoord in Eng. en omgekeerd. Het u al hierdie verskynsel by u leerlinge opgemerk?
-
-
8. Daar is mense wat beweer dat Eng. en Afr.sprekende kinders op 'n parallelmed.skool *vryelik* met mekaar op die speelgrond omgaan, terwyl ander beweer dat die neiging grotendeels is vir die kinders om klas vir klas, d.w.s. as klasmaats, saam te speel, en dat derhalwe Eng. en Afr.sprekende kinders wat nie in dieselfde klas of klaskamer sit nie, nie bymekaar gebring word nie. Wat is u *ervaring*, d.w.s. u *eie* ervaring?
-
-
9. As u Afr.spr.kinders in Eng. klasse het, speel die Afr.

kinders gewoonlik en meestal met hul Eng. klasmaats saam of speel hulle liever met die Afr.kinders uit die Afr.klasse saam?

10. Hoe vergelyk die Afrikaans van die Eng.spr.kinders op u parallelmediumskool met die Engels van die Afr.spr. kinders?

11. Is u as onderwysman ten gunste van suiwer Eng. en suiwer Afr.med.skole of van Parallelmediumskole, d.w.s. waar Eng.kinders deur Eng. en Afr. kinders deur Afr.med. geleer word of van Dubbelmediumskole waar sowel Eng. as Afr. sprekende kinders sommige vakke deur Engels- en ander vakke deur Afrikaansmedium moet leer?

Ek is ten gunste van

en wel om die volgende redes:

.....

.....

.....

.....

Handtekening van Hoof.....

THE TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT.

PRETORIA, 25.5.37.

TO PRINCIPALS OF SCHOOLS:

Mr. Edmund Botes of the Pretoria North Afr.Med. School is writing a treatise on the Language Medium Question with special reference to Single, Parallel and Dual Medium Schools.

He has asked the Department's permission to send the enclosed circular to certain schools.

The Department considers this research work very valuable and you are kindly requested to assist him by answering his questions as soon as possible.

(Signed) H. H. G. KREFT.

Director Transvaal Education Department.

(Translation)

The Principal,

.....School,

Dear Sir,

With reference to the above letter from the Education Department I shall be very much obliged if you will be kind enough to complete the attached questionnaire as fully as possible.

I wish to assure you that I appreciate your assistance very much indeed and thank you in anticipation for your kindness.

I enclose a stamped envelope for your reply and I shall be glad to receive it not later than 30th June.

Yours gratefully,

EDM. BOTES.

QUESTIONNAIRE:

1. Is yours a Single Medium School? Is the med. English or Afr.?
2. If you have a Parallel Med. School, kindly state the medium of the different classes:

Eng.med. in Stds.:

Afr.med. in Stds.:

3. If you have a Dual Med. School, i.e. one where some subjects are given through the English and other subjects through the Afr.medium, please state in which classes both media are used:

Both media are used in Stds.:

In these classes the Eng.med. is used for the following subjects:

.....
and the Afrikaans med. for the following subjects:

4. On the roll: pupils. Through the Eng.Med. are taught pupils and through the Afr.Med. pupils.

How many of the pupils in the Eng.med. classes are *really* Afrikaans-speaking?

How many in the Afr.med. classes are really English-speaking?

How many or what percentage of Afrikaans-speaking pupils in your English classes do you consider fully bilingual for the purpose of receiving their instruction through the English medium?

5. On your playground you daily find small groups of children playing games, spontaneously organised by the pupils themselves. Will you kindly make a special observation of such a group, preferably one of from 8 to 10 or more pupils, and kindly answer the following questions:

- a. What game are they playing at that particular moment?
- b. How many of this group are taught in the *same classroom*? (not classes):
- c. In what Stds. are those under (b)?
- d. How many of this group are *not* taught in the *same classroom*?
- e. In what Stds. are those under (d)?
- f. How many of those under (e) are taught in the same classroom?
- g. How many of the group under (d) are chums of those under (b) either at home or elsewhere?
- h. Now you have given me how many of the whole group are taught in the *same classroom* and how many are chums at home or elsewhere of those under (b). How many of the group now remain? e.g. If the group consists of 10 pupils and 7 are taught in the same classroom and 2 are chums of some of the 7 pupils, there would be 1 of the group over.
- i. How do you account for the fact that this remaining group is playing together with those under (b) and (g)?
.....
- j. Of the whole group.....are English- and
are Afr.-speaking.
- k. If this group consists of pupils of an Eng.med.class. do the Afr.-speaking pupils who are also in the Eng.-med.class, play with them?
- l. Does the group then speak English?
Do the Afr.-speaking pupils who play with them, speak

- English or Afrikaans?
6. If Eng. and Afr. speaking pupils in a Parallel Med. School converse with one another on the playground, does the Eng.-speaking child speak English to an Afr.-speaking child or Afrikaans?
 He usually speaks
- a. Does the Afr. child answer in Eng. or in Afr.?.....
- b. If the Afr. child addresses the Eng. child, does he speak Eng. of Afr.?
- c. Does the Eng. child answer in Eng. of in Afr.?.....
7. A certain professor from overseas alleges that the following very often takes place on the playground of a Parallel Med. School: The Afr. child addresses his Eng. chum in Afrikaans and the Eng. child replies in English and vice versa. Have you ever noticed this? Is it a common occurrence in your Parallel Med. School?
-
-
8. Some people contend that Eng. and Afr. children in a Parallel Med. Sch. *mix freely* with one another on the playground, while others maintain that the pupils are more inclined to play together class by class, i.e. as class-mates, and that therefore Eng. and Afr. children, who are *not* taught together in the *same classroom*, are not brought together on the playground? What is your own experience?

-

9. If you have Afrikaans-speaking pupils in your English classes, do they *usually and mostly* play with their English classmates or do they prefer to play with Afr. children from the Afr. classes?

.....
.....

10. How does the standard of your English pupils' Afrikaans compare with your Afrikaans pupils' English?

.....

11. Are you, as an educationalist, in favour of pure English and pure Afrikaans Medium Schools

or

Parallel Medium Schools, i.e. schools where the English pupils are taught through the Eng.Med. and Afrikaans pupils through the Afr. Med.

or

Are you in favour of Dual Medium Schools, i.e. schools where both Eng. and Afr. children are taught in the same classroom, some subjects being given through the English and others through the Afr.Med.?

I am in favour offor the following reasons:

.....
.....
.....
.....

(Signature of Principal)

Die doel van vrae 1 en 2 was om presies te wete te kom of dit 'n Enkel- of 'n Parallelmediumskool was, met die verdeling in klasse van die Parallelmediumskole.

Vraag 3 se doel was om uit te vind hoeveel en watter skole werklik dubbelmediumklasse in Transvaal het.

Die informasie onder vraag 3 moes verder leiding gee met die oog op die later bespreking van die moontlike invoering van Dubbelmediumskole.

Sowel vraag 2 as 4 is gestel, omdat die verhouding en die aantal leerlinge in die Afr. en Eng. klasse m.i. die gevolgtrekkings van vraag 5 veral in 'n groot mate moet beïnvloed.

Die vernaamste doel van vraag 5 was om vas te stel of leerlinge die neiging toon om liever as klasmaats saam te speel, d.w.s. klas vir klas, en of hulle, afgesien van klasse, vryelik meng. Hierdie vraag is van toepassing op al drie tipes skole, maar die waarnemings, veral in Parallel- en Dubbelmediumskole, sou m.i. baie waardevol en interessant wees.

Vraag 7 se doel was om die bewerings van prof. Fife te toets en het ook betrekking op vraag 5 (e) en vraag 6.

Vraag 8 is gestel om te sien om die ervaring van hoofde van skole ooreenstem met die waarnemings onder vraag 5.

Vraag 9 is gestel veral met die oog op die bespreking van Dubbelmediumskole.

Vraag 10 was bedoel om die invloed van die een offisiële taal op die ander te toets.

Die doel van vraag 11 spreek vanself.

Die uitslag van hierdie ondersoek was as volg:—

	Uitge- stuur.	Terug- ontvang.	Waar- nemings gemaak onder vraag 5.	Kan ge- bruik word.	Kan nie gebruik. word nie.
Afr.Med.Skole:	Skole. 75	Skole. 36	43	29	14
Eng.Med.Skole:	39	21	18	15	3
Hoër Skole:	11	7	7	7	—
Parallelmed.skole:	25	18	19	17	2
Totaal	150	82	87	68	19

'n Deel van die terugontvange lyste moes vir hierdie ondersoek ongelukkig om verskillende redes uitgeskakel word: hulle was of glad nie beantwoord nie of te onvolledig om van nut te wees of die waarnemings is nie behoorlik gedoen nie, bv. sommige waarnemings was as volg:

5(a) Albasters.

(b) 6

(c) Std. IV.

(d) 2

(e) Std. III

(f) 2

(g) 4

Hierdie opgawe is verkeerd, omdat (g) hoogstens 2 leerlinge kan wees in ooreenstemming met (d) en verder kan (b) plus (g) nooit meer wees as (b) plus (d) nie. Hier is nog 'n voorbeeld van 'n verkeerde opgawe:

5(a) Tol.

(b) 3

(c) Stds. III en IV A.M. (gekombineerde klas).

- (d) 7
- (e) Stds. VI, IV E.M. en V A.M.
- (f) 2
- (g) 2
- (h) 3
- (j) 4 Engels- en 11 Afr.Spr.

Hier word begin met 'n groep van 10, nl. (b) + (d), en die waarnemer skei uit met 'n groep van 4 + 11, nl. 15 onder (j).

As volgens (b) 3 in dieselfde klaskamer sit en 2 onder (g) is maats van die 3 onder (b), d.w.s. tesame 5, dan moet daar van die groep van 10 nog 5 oorbly en nie 3 nie.

Die vrae is juis so gestel dat die waarnemings matematis getoets kan word sonder dat die waarnemer dit feitlik weet, om sodoende seker te maak dat die waarnemings behoorlik gedoen en aangeteken is.

Die gegewens is dan ook behoorlik gekontroleer en daar is gevind dat 19 van die 87 waarnemings nie geklop het nie en hulle moes om voor-die-hand-liggende redes verwerp word.

Hier volg nou tabelle van die waarnemings as volg:

A: Afrikaansmediumskole: Hierdie tabel gee:

No. van die Skool;

(a) die getal leerlinge op die rol,

(b) die getal in die groep wat saamspeel,

(c) die getal in die groep wat in *dieselfde klaskamer* sit,

(d) die getal in die groep wat *nie* in *dieselfde klaskamer* sit *nie*,

(e) die getal onder die groep (d) wat tuis of elders maats is van die groep onder (c),

(f) die totale getal leerlinge wat òf in *dieselfde klaskamer* sit òf/en maats van hulle is.

(g) die persentasie van die hele groep wat òf in *dieselfde klaskamer* sit òf maats van hulle is.

Skool	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)
1	432	3	2	1	1	3	100 %
		6	2	4	2	4	66 $\frac{2}{3}$ %
		10	6	4	2	8	80 %
		8	4	4	1	5	62 $\frac{1}{2}$ %
		3	3	0	—	3	100 %
		3	2	1	1	3	100 %
		3	2	1	—	2	67 %
2	278	7	3	4	2	5	71 %
3	595	8	6	2	2	8	100 %
		7	4	3	2	6	85 $\frac{1}{2}$ %
		9	6	3	1	7	78 %
		6	4	2	—	4	67 %
		8	8	0	—	8	100 %
		6	2	4	2	4	67 %
		5	3	2	2	5	100 %
4	540	4	2	2	2	4	100 %
		9	7	2	—	7	78 %
		9	6	3	2	8	89 %
		10	10	0	—	10	100 %
		16	13	3	—	13	86 %
6	391	16	11	5	2	13	86 %
		8	6	2	2	8	100 %
		8	6	2	2	8	100 %

Skool	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)
8	250	9	9	—	—	9	100 %
9	515	—	almal	—	—	—	100 %
10	208	11	6	5	1	7	63 %
11	572	—	almal	—	—	—	100 %
12	560	10	8	2	2	10	100 %
13	615	7	5	2	2	7	100 %
14	72	16	6	10	4	10	62 %

Uit hierdie gegewens kan ons die volgende aflei:

1. Die totale getal leerlinge waaruit die waarnemings gemaak is, bedra 5564.
2. 14 Skole het 29 waarnemings gemaak wat gebruik kan word. 14 Skole het waarnemings gemaak wat nie gebruik kan word nie. 8 Skole het geen waarnemings gemaak nie.
3. Uit die 29 waarnemings is daar:

(a)	14	gevalle	waar	die	spelende	groep	vir	100%	bestaan	uit	klasmaats	of	as	maats	tuis	of	elders.	
(b)	19	"	"	"	"	"	oor	80%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
(c)	22	"	"	"	"	"	"	70%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
(d)	29	"	"	"	"	"	"	60%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
							OF											
(a)	14	"	"	"	"	"	vir	100%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
(b)	14	"	"	"	"	"	"	90—100%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
(c)	5	"	"	"	"	"	"	80—90%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
(d)	3	"	"	"	"	"	"	70—80%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"
(e)	7	"	"	"	"	"	"	60—70%	"	"	"	"	"	"	"	"	"	"

4. Van al die groepe saam speel die leerlinge vir 86.5% klas vir klas, d.w.s. as klasmaats of as maats tuis of elders.
5. Uit die gegewe antwoorde op vraag 5(i) blyk dat die res 13.5% nie as klasmaats of as maats tuis of elders saamspeel nie, maar òf omdat 'n deel van hulle die

vorige jaar klasmaats was, òf omdat hulle volgens ouderdom, d.w.s. geestlike ouderdom, by die groep pas, òf omdat hulle 'n besondere behendigheid in die spel het, ens.

6. Van die 14 skole het 7 hoofde vraag 8 van die vraelys beantwoord en 5 van hulle se ervaring is dat die leerlinge liever as klasmaats saamspeel. Die ander hoofde het die vraag nie beantwoord nie, omdat hulle gemeen het dat die meeste vrae nie op 'n Enkelmediumskool van toepassing was nie, maar alleen vir Parallelmediumskole bedoel was. Dit was jammer, want vrae 5 en 8 is op enige tipe skool van toepassing.

Hier volg nou die tabel vir Engelsmediumskole in dieselfde volgorde, behalwe dat a(i) die getal Afrikaanssprekende leerlinge gee wat in die Engelse klasse sit en (h) die verhouding aangee tussen die Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge wat in die groep saamspeel in die skole wat Afrikaanse leerlinge op die rol het.

B. Engeslmediumskole:

Skool	(a)	(a)1	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)	Eng.	Afr
1	183	12	8	6	2	2	8	100%	100%	—	—
2	217	—	11	10	1	1	11	100%	—	—	—
3	590	10	8	5	3	2	7	88%	100%	—	—
4	516	159	12	9	3	2	11	92%	64%	36%	—
5	—	—	26	17	9	7	24	92%	—	—	—
6	—	16	11	8	3	2	10	91%	100%	—	—
7	80	14	10	8	2	—	8	80%	90%	10%	—
8	395	—	—	all	—	—	—	100%	—	—	—
9	368	40	10	6	4	3	9	90%	60%	40%	—
10	286	—	12	7	5	3	10	83%	—	—	—
11	192	—	11	8	3	2	10	90%	—	—	—
12	127	2	8	8	0	—	8	100%	100%	—	—
13	416	69	11	8	3	3	11	100%	73%	27%	—
14	361	—	9	6	3	3	9	100%	—	—	—
15	58	15	—	all	—	—	—	100%	82%	18%	—

Uit hierdie gegewens kan ons die volgende aflei:—

1. Die totale getal leerlinge waaruit die waarnemings gemaak is, bedra 3,789.
2. 15 Skole het 15 waarnemings gemaak wat gebruik kan word. 3 Skole het waarnemings gemaak wat om dieselfde redes soos vir die Afrikaansmediumskole nie gebruik kan word nie. 3 Skole het geen waarnemings gemaak nie.
3. Uit die 15 waarnemings is daar:

(a)	7	gevalle	waar	die	spelende	groep	vir	100%	bestaan	uit	klasmaats	of	as	maats	tuis	of	elders.
(b)	5	"	"	"	"	"	"	oor	90%	"	"	"	"	"	"	"	"
(c)	3	"	"	"	"	"	"	"	80%	"	"	"	"	"	"	"	"
OF																	
(a)	7	"	"	"	"	"	"	"	100%	"	"	"	"	"	"	"	"
(b)	12	"	"	"	"	"	"	vir	90—100%	"	"	"	"	"	"	"	"
(c)	3	"	"	"	"	"	"	"	80—90%	"	"	"	"	"	"	"	"
4. Van al die groepe saam speel die leerlinge vir 93.7% klas vir klas, d.w.s. as klasmaats of as maats tuis of elders.
5. Uit die gegewe antwoorde op vraag 5(i) blyk dat die res (6.3%) saamspeel uit eie belang, bv. broers of susters wat nie in dieselfde klaskamer sit nie, ens.
6. Van die 15 skole het twee hoofde vraag 8 beantwoord en altwee se ervaring is dat die leerlinge liever klas vir klas saamspeel. Die meeste van die ander het die vraag nie beantwoord nie, omdat hulle gemeen het dat die meeste vrae net op Parallelmediumskole van toepassing was.
7. Uit die antwoorde op vraag 5(k) blyk dat die Afrikaanse kinders wat in die Engelse klasse sit, vryelik

met hulle Engelse klasmaats saamspeel. Dit blyk ook uit die tabel onder hoof (h), bv. Skool No. 4, No. 9 en No. 13, dat die verhouding in die groep tussen Engels- en Afrikaanssprekende kinders taamlik ooreenslaan met die verhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge op die rol. 'n Mens moet hier egter nie uit die oog verloor dat die skole almal suiwer Engelsmedium is nie en dat die Afrikaanse kinders in daardie skole alles deur Engelsmedium leer.

Uit hierdie tabel blyk ook dat daar van hierdie skole met Afrikaanse kinders is waar die spelende groep vir 100% uit Engelse kinders bestaan, maar in hierdie gevalle kan dit toegeskrywe word aan die feit dat daardie besondere groep geen Afrikaanssprekende klasmaats het nie.

8. Uit die tabel onder die hoof a(1) kan 'n mens, tussen hakies, aflei dat daar nog skole is waar die Wet in sake 'moedertaalonderwys gruwelik ontduik word.

Die volgende tabel gee besonderhede in verband met enkele hoër skole as volg:—

Skool:	Medium:	Rol:	Afr. leerlinge:	Eng. leerlinge:	Dub-belmed.:	Kommentaar op vraag 8.
1	Eng.	577	89	488	—	mix freely.
2	Parallel	282	226	56	20	meng alleen waar Eng. en Afr. leerlinge in dieselfde klas gegroeppeer is, d.w.s. in die Dubbelmedium-klasse.
3	Afr.	406	406			
4	Eng.	514	75	439	—	Classes tend to get together.
5	Afr.	156	152	4		

Skool:	Medium:	Rol:	Afr. leerlinge:	Eng. leerlinge:	Dubbelmed.:	Kommentaar op vraag 8.
6	Afr.	306	275	31	Dubbel-med. in 'n paar vorms.	Ja, hulle meng vryelik.
7	Parallel	328	232	96	—	Hulle meng ' nie vryelik nie, behalwe in gevalle waar Eng. kinders in dieselfde koshuis met Afr. kinders saamwoon. Die neiging is om as klasmaats saam te speel.

Uit hierdie gegewens kan ons aflei:—

1. Waar 'n klein minderheid Afrikaanse kinders op 'n Engelsmediumskool is met 'n groot Engelssprekende meerderheid, daar meng hulle taamlik vryelik.
2. In die geval van hoër skole met parallelmedium meng hulle alleen vryelik waar hulle in dubbelmediumklasse sit, of in dieselfde koshuis woon, anders nie.

C. Die volgende tabel gee besonderhede in verband met Parallelmediumskole as volg:—

Skool: getal leerlinge wat deur Afrikaans-, Engels- en/of dubbelmedium onderwys ontvang.

Die spel waarmee die groep besig was.

- A: getal in die spelende groep.
- B: getal leerlinge wat in dieselfde klaskamer sit.
- C: getal leerlinge wat nie in dieselfde klaskamer sit nie.
- D: getal leerlinge wat maats is van die onder A of tuis of elders.
- E: getal leerlinge in die groep wat in dieselfde klaskamer sit of maats van hulle tuis of elders is.

- F: Persentasie van die hele groep wat in dieselfde klas-kamer sit of maats van hulle tuis of elders is.
- G: Die verhouding in % van Afrikaans- en Engels-sprekende leerlinge wat in die groep saamspeel.
- H: Die ervaring van hoofde van skole i.v.m. vraag 8, nl.
(a) Klasse speel as klasmaats en/of as maats tuis.
(b) Kinders meng taamlik op die speelgrond.
(c) Kinders meng vryelik op die speelgrond.
- I: Ervaring van Hoofde i.v.m. vraag, nl. of Afrikaans-sprekende leerlinge wat in die Engelse klasse sit, met hulle eie Engelse klasmaats saamspeel.

C. Parallelmediumskole.

Skool:	Afr. Eng. dub.-medium:	Spel:	A	B	C	D	E	F	G		H			I
									Afr.	Eng.	(a)	(b)	(c)	
1.	215: 91: —	—	—	—	—	—	—	—	70%	30%	—	ja	—	ja
2.	104: 27:179?	Albasters	—	almal	—	—	—	100%	0%	100%	ja	—	ja vir dubb. med.	—
3.	—: —: 28?	Riemspring	10	4	6	4	8	80%	60%	40%	—	—	dito	ja
4.	102:215: —	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	ja (house system)	—	ja
5.	446: 56: —	Albasters	10	6	4	4	10	100%	100%	0%	ja	—	—	ja
6.	134:200: —	—	—	—	—	—	—	—	100%	0%	ja	—	—	ja
7.	509:115: —	Albasters	6	4	2	2	6	100%	66%	34%	ja	—	—	ja
8.	18: 20: 17	Voetbal	22	11	11	7	18	82%	45%	55%	—	ja	ja vir dubb. med.	—
9.	541: 65: —	Gesels	13	7	6	4	11	84%	54%	46%	—	ja	—	—
10.	563: 77: —	Bok-bok	—	almal	—	—	—	100%	100%	0%	ja	—	—	ja
11.	410: —: 56	Albasters	9	6	3	2	8	89%	—	—	—	—	ja vir dubb. med.	—
12.	140: 45: —	Ringetjies	8	6	2	2	8	100%	100%	0%	ja	—	—	—
13.	335:307: —	Albasters	10	8	2	2	10	100%	20%	80%	ja	—	—	ja
14.	257: 38: 95	Bok-bok	10	9	1	1	10	100%	100%	0%	—	—	—	—
15.	516: 16: —	Wasters	7	7	—	—	7	100%	100%	0%	—	—	ja	—
16.	109: 92: —	Albasters	10	6	4	2	8	80%	60%	40%	—	ja	—	ja
17.	396: 63: —	(a) Albasters	12	6	6	—	6	50%	75%	25%	ja	—	—	—
		(b) —	10	8	2	—	8	80%	80%	20%	ja	—	—	—
		(c) Riemspring	12	4	8	7	11	91%	66%	34%	ja	—	—	—
		(d) —	8	5	3	2	7	87%	63%	37%	ja	—	—	—

(bus-maats)

Uit bostaande gegewens kan 'n mens die volgende aflei:

1. Die totale getal leerlinge waaruit die waarnemings gemaak is bedra 6.591 waarvan 4.795 leerlinge deur Afrikaans-, 1.427 deur Engels- en 369 deur dubbel-medium hul onderwys ontvang.
2. 14 Skole het 17 waarnemings gemaak wat gebruik kan word. 4 Skole het of geen waarnemings gemaak nie of die gegewens was foutief.
3. Uit die 17 waarnemings is daar:

(a)	8 gevalle	waar die spelende groep vir 100%	bestaan uit klasmaats of as maats tuis of elders.
(b)	16	„ „ „ „ „	oor 80% „
(c)	1 geval	„ „ „ „ „	vir 50% „
			OF
(a)	8 gevalle	„ „ „ „ „	„ 100% „
(b)	9	„ „ „ „ „	„ 90—100% „
(c)	16	„ „ „ „ „	„ 80—100% „
(d)	1 geval	„ „ „ „ „	„ 50% „

Hierdie een geval: Skool No. 17 (a) is die enigste groot uitsondering in hierdie tabel. In hierdie skool het vier verskillende onderwysers(-esse) die waarnemings gemaak en die Hoof rapporteer oor geval (a) as volg:—

„Waargeneem deur 'n gegradueerde onderwyser met baie min ondervinding.” Aangesien hierdie geval so ver afwyk van al die ander Parallelmediumskole en selfs ook van die ander drie waarnemings in dieselfde skool gemaak, is ek geneig om hierdie waarnemings as onbetroubaar te beskou, maar hulle word tog ingesluit en meegetel in al die berekenings.

4. Van al die groepe saam speel die leerlinge vir 89.6% klas vir klas, d.w.s. as klasmaats of as maats tuis of elders.

5. In die helfte van die 14 skole het die groep bestaan uit 100% Afrikaans- of 100% Engelssprekende leerlinge, d.w.s. daar is geen menging hoegenaamd nie.

In een van hierdie skole (No. 6) is die verhouding tussen Engelse en Afrikaanse leerlinge byna 50—50, en tog is daar geen menging nie.

Die groottotaal van die verhouding tussen Afrikaanse en Engelse kinders werk uit op 72%—28%.

6. In die gevalle van Skole Nos. 3 en 8 is die verhouding taamlik gelyk en altwee skole het vir die grootste gedeelte dubbelmediumklasse waar Engelse en Afrikaanse leerlinge in dieselfde klaskamers sit.
7. In die gevalle van Skole Nos. 1, 7, 9 en 17 is die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge omtrent 3 : 1. Almal is plattelandse dorpskole waar daar 'n nouer omgang is tussen Afrikaanse en Engelse kinders buite die skool. Die voorstedelike Skool No. 16 het leerlinge van ouers wat min of meer dieselfde beroep het en op taamlik gelyke sosiale voet staan.

Skole Nos. 2, 5, 6 en 13 (d.i. 4 van die 100 persenters) is geleë in groot en/of industriële sentrums waar die skeiding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes deur ekonomiese of ander omstandighede meer in die hand gewerk word.

8. 14 Hoofde het vraag 8 beantwoord onder die hoof H (a), (b) en (c). Agt van hulle se ervaring is dat leerlinge geneig is om as klasmaats saam te speel; vyf van hulle is van oordeel dat die omgang op hulle skole

tussen Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge nie vryelik is nie, maar slegs gemiddeld.

Een hoof (Skool No. 15) verklaar dat hulle vryelik met mekaar omgaan, maar slegs 4 van die 16 leerlinge in die Engelse klasse is werklik Engelssprekend, d.w.s. uit die 532 leerlinge is slegs 4 suiwer Engelssprekend.

Een hoof (Skool No. 4) verklaar dat die gemiddelde omgang tussen Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge op sy skool toegeskryf moet word aan die „House System” wat hy daar ingevoer het. Die omgang is dus nie vryelik of selfs natuurlik nie, maar kunsmatig. Volgens die waarnemings speel in 16 uit die 17 gevalle die leerlinge vir oor die 80% as klasmaats saam.

9. Die hoofde van Skole Nos. 2, 3, 8, 11 en 15 wat almal in 'n sekere mate dubbelmediumklasse het, verklaar dat die omgang tussen Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge vryelik is, alleen wat betref die dubbelmediumklasse.
10. Op vraag 9 het 10 hoofde geantwoord en al tien verklaar dat die Afrikaanssprekende leerlinge wat in die Engelse klasse sit, vryelik omgang maak met hulle Engelse klasmaats.

Met betrekking tot die vraag of leerlinge vryelik omgang met mekaar op die speelgrond en of hulle liever klas vir klas saamspeel, blyk uit die gegewens van die drie tipes skole dat die neiging by leerlinge is om vir oor die 80% klas vir klas as klasmaats saam te speel.

Afrikaansmediumskole . . .	86.5%
Engelsmediumskole . . .	93.7%
Parallelmediumskole . . .	89.6%
Gemiddeld	89.9%

(Sê maar 90%).

As 'n mens enige waarde aan hierdie waarnemings kan heg, wat betref die vry, spontane spel op skoolspeelgronde, dan moet ons tot die gevolgtrekking kom dat kinders vir omtrent 90% klas vir klas of as klasmaats saamspeel. As dit die geval is, en hier moet ons veral die gegewens van die reeds bestaande Parallelmediumskole goed in ag neem, dan kan daar geen sprake wees dat Parallelmediumskole die twee rasse op die speelgrond bymekaar bring nie.

Dat hierdie waarnemings bewys dat kinders liever klas vir klas speel, is m.i. heeltemal natuurlik. Kinders in dieselfde klaskamer ontwikkel gemeenskaplike belange; „soort soek soort” ook op die speelgrond. Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge soek mekaar nie doelbewus op die speelgrond op nie.

Die gemeenskaplike belange soos bv. taal, godsdiens, tradisie, speletjies, ens., bring die leerlinge bymekaar en nie die een of ander tipe skool nie. Dit spreek vanself dat leerlinge in dieselfde klaskamer gemeenskaplike belange moet ontwikkel, afgesien van hul gemeenskaplike belange buite die skool.

Ons maak hieruit die gevolgtrekking dat, as ons hoofdoel is om die twee rasse bymekaar te bring, die oplossing seker nie in Parallelmediumskole lê nie, maar eerder in Dubbelmediumskole.

Die meeste mense redeneer teoreties en op papier dat Parallelmediumskole die middel is om die twee rasse bymekaar te bring. Bostaande praktiese waarneming bewys dat „the wish is father to the thought”.

Wat die gegewens m.i. bewys, is dat die twee rasse wel bymekaar gebring word en kan word deur Dubbelmediumskole of -klasse waar die Afrikaans- en Engelsprekende kind in dieselfde klaskamer en op dieselfde skoolbank sit.

Kinders is van nature nie rassehaters nie; daar is by hulle selfs nie 'n kleurlyn solank as hulle klein is nie. Die rassegevoel wat daar by groter kinders later te bespeur is, ontstaan as gevolg van die houding van die omgewing waarin hulle opgroei. Dus, as dit waar is, kon die kinders van die twee rasse op die skole wel bymekaar gebring word, wanneer 'n mens by hulle gemeenskaplike belange kan ontwikkel; en hierdie gemeenskaplike belange word die beste ontwikkel as hulle op skool in dieselfde klaskamer en op dieselfde skoolbank sit en die twee offisiële tale gemeenskaplik gebruik word. Die enigste soort skool wat aan hierdie vereistes kan voldoen, is die Dubbelmediumskool.

Taal is seker een van die grootste faktore om mense bymekaar te bring of van mekaar af te hou. As Afrikaansprekende kinders Engelssprekendes vermy, dan moet die oorsaak vir die grootste gedeelte gesoek word in die gebrek aan 'n gemeenskaplike taal. Die Afrikaanse kind voel dat hy nie behoorlik tuis is in Engels nie en vermy dus sy Engelse medeskoolier, en omgekeerd. Sodra die een die

ander se taal goed praat en verstaan, dan verdwyn daardie skeidingsfaktor en kan hulle vryelik met mekaar omgaan.

In 'n Dubbelmediumskool waar die vakke 50/50 deur die twee offisiële tale gegee word, sal die leerlinge mekaar se taal beter leer verstaan en respekteer, en met die ontwikkeling van ander gemeenskaplike belange sal hulle vryelik met mekaar omgaan, soos trouens bewys word uit bostaande waarnemings.

As die hoofdoel van ons onderwys dus tweetaligheid is en die bymekaarbring van die twee rasse, sou ons die invoer van Dubbelmediumskole bepleit, sê vanaf Std. VII. Dit sal natuurlik wetenskaplik beproef moet word tot hoever 'n kind deur sy moedertaal moet leer voor hy deur die tweede taal sy onderwys kan ontvang sonder stremming in sy verstandelike ontwikkeling.

Maar al sou ons aanneem dat dit ons hoogste doel is, dan nog sou die vraag ontstaan of die invoer van genoemde soort skole dwarsdeur die Unie prakties moontlik is. En indien prakties moontlik, sou dit wenslik wees?

Die hoofdoel van ons skole is seker nie tweetaligheid nie en ook nie die opsetlike bymekaarbring van die twee rasse nie. Dis waar dat die opvoeding nie net die verstandelike ontwikkeling insluit nie, maar in die breedste sin ook die geestelike, morele en sosiale ontwikkeling. Ons wil ook van die kinders getroue en goeie burgers maak en derhalwe is dit noodsaaklik dat die twee rasse in vrede en liefde saamwoon; maar ons glo nie aan 'n semi-gedwonge samelewing nie. Ons glo nie aan 'n kunstmatige samesmelting nie.

Dis prakties ook nie moontlik om dwarsdeur die Unie

Dubbelmediumskole in te voer nie. Sou dit nou verstandig en gesond wees om bv, in 'n eentalige gebied waar 95% van die skoolgaande leerlinge Afrikaanssprekend is, daardie kinders die helfte van die skoolvakke deur Engelsmedium, of waar 95% Engelssprekend is, die helfte van die vakke deur Afrikaansmedium te laat leer? Die enigste moontlike gebiede waar daardie soort skool ingevoer kan word, is in dubbeltalige gebiede, maar hier is dit nie nodig nie, altans nie met die oog op tweetaligheid nie, want die leerlinge in daardie gebiede is alreeds tweetalig. Dit sou miskien van belang wees om een of meer Dubbelmediumskole in sulke gebiede deeglik op die proef te stel en waar te neem wat die uitwerking daarvan sal wees op o.a. die vrye omgang tussen die twee rasse, die invloed van die een taal op die ander met betrekking tot kennis en suiwerheid, watter vakke deur die een en watter deur die ander medium geleer moet word, ens.

Hier het ons nog 'n verdere praktiese moeilikheid, nl. om te bepaal watter vakke òf deur Afrikaans òf deur Engels geleer moet word. Dis betreklik maklik om vier van die vakke te bepaal, nl. Afrikaans deur Afrikaans- en Engels deur Engels-, wat vanself spreek, en verder kan Latyn deur Engels- en Duits deur Afrikaansmedium geleer word, aangesien hulle in nou verband met mekaar staan. Maar wie en hoe gaan 'n mens bepaal of Matesis wel deur Afrikaans- of deur Engelsmedium geleer moet word? En wat van Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurwetenskap, ens., ens.?

'n Verdere praktiese moeilikheid in verband met Dubbelmediumskole is dieselfde as dié van 'n Parallel-

mediumskool, nl. die Hoof. Die toon van die skool is òf oorwegend Engels òf oorwegend Afrikaans, al na gelang van die stempel wat die hoof en die meerderheid daarop afdruk, tensy die hoof 'n soort neutraliteit bewaar wat grotendeels kunsmatig is. Soos van tevore gesê, is een van die groot moeilikhede om die werklik simpatieke, onpartydige Hoof te kry wat nog Afrikaans nog Engels dink en voel.

Ons is m.i. nog te naby aan die gebeurtenisse in die geskiedenis van die afgelope eeu om absoluut neutraal te wees wanneer dit op stuk van sake kom. En al sou die hoof nog so'n uiters neutrale houding inneem, is daar altyd ouers van die uiterste partye wat partydigheid aan die een of ander groep in sy optrede wil toeskrywe. Ons wil almal graag samewerking hê, maar kry ons dit in die praktyk? Het die onlangse Radiovraagstuk nie weer bewys hoe die algemene publiek oor rassesake en tweetaligheid dink en voel nie? Daar is geen verdraagsaamheid nie. Die een wil die ander se standpunt nie raaksien nie.

'n Mens vrees dat die Dubbel- en Parallelmediumskool, vanuit al die praktiese moeilikhede daaraan verbonde beskou, alleen dan suksesvol sal wees wanneer die Engelman op nasionale gebied in die breedste sin van die woord net sover van Engeland af staan as die Afrikaner van Holland af.

Laat ons hier 'n paar staaltjies gee van 'n hoof van 'n Parallelmediumskool waar die getal Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge taamlik gelyk is. Die bron waaruit hierdie gegewens verkry is, is baie betroubaar.

Die hoof is Engelssprekend en die meerderheid van

die skoolkommissie ook. Die verhouding in getalsterkte tussen Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge word nie weerspieël in die verhouding op die skoolkommissie nie.

Op hierdie skool is Engels- en Afrikaanssprekende onderwysers werksaam. Die skool besluit om 'n konsert te organiseer. Die personeel kom ooreen dat die nommers op die program 50-50 in Engels en Afrikaans sal wees. Die konsert word gegee. Alle toesprake en aankondigings geskied in Engels. Die konsert eindig met die sing van „God save the King”. Daar is ontevredenheid en die gevoelens loop hoog.

Die volgende keer word weer 'n konsert georganiseer. Die Afrikaanssprekende onderwysers eis dat „Die Stem van Suid-Afrika” ook op die end gesing sal word. Die hoof weier op grond van die feit dat „Die Stem” nie 'n offisiële volkslied is nie. Die saak word na die skoolkommissie verwys. Die skoolkommissie stem toe „as an act of grace” dat „Die Stem” gesing sal word. Op die aand na „God save the King” gesing is, word „Die Stem” op 'n ou gekrapte grammofoonplaat gespeel, en dit word verder beweer dat die hoof moeite gedoen het om die ding so te skommel dat dit op 'n fiasko uitgeloop het.

Met die volgende konsert word op alles gewys en met toestemming van die hoof besluit om by hierdie geleentheid „Die Stem” ook behoorlik te sing.

Na almal plegtig „God save the King” gesing het, het die onderwyseres wat op die klavier begelei het, byna flou geval toe die hoof aankondig: „Aangesien almal nie „Die Stem” ken nie, sal ons ten besluite sing „Welk een vriend is onze Jezus!”

Dis wel 'n uiterste geval, maar toon tog die mentaliteit aan. Die verhouding op Parallelmediumskole is vandag heelwat verander, maar daar bestaan agter die skerms nog nie die gewenste verhouding tussen personeel en leerlinge om die regte resultate te lewer nie.

En nou die laaste vraag: Al is dit prakties moontlik om Dubbelmediumskole in te voer, is dit wenslik? Nee, seker nie. As ons die algemene opvoedkundige beginsels van moedertaalonderwys aanvaar, dan is dit onlogies en inkonsekwent om later oor te slaan na 'n vreemde medium. Afgesien van die opvoedkundige beginsel, is die verskil in taal, godsdiens, tradisie, geskiedenis en kultuur tussen die twee rasse op hierdie stadium nog te groot om 'n onnatuurlike samesmelting met dwang te probeer bewerkstellig. Dit help ook nie om op een gebied saam te smelt en op al die ander gebiede te skei nie. Kerke, verenigings, ens., ens., loop op die oomblik almal parallel, d.w.s. apart, en elke ras ontwikkel sy eie taal en kultuur, sonder om daardeur noodwendig rassehaat aan te kweek.

Die grootste argument ten gunste van Parallelmediumskole is die bewering dat die twee rasse daardeur bymekaar gebring word en vryelik met mekaar omgaan. Die waarnemings en ervaring bewys dat dit net in die teorie die geval is, maar nie in die praktyk nie.

As ons die voor- en nadele van die drie tipes skole, nl. Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole, oorweeg, dan skyn die Parallelmediumskool die ongeskikste van die drie te wees, hoewel dié soort skool in sekere gebiede en uitgaande van die beginsel van moedertaalonderwys nie heeltemal uitgeskakel kan word nie.

Die suiwer Enkelmediumskool met moedertaalmedium tot en met die Universiteit is m.i. die natuurlikste en gesondste soort skool op die huidige oomblik van ons volksontwikkeling.

Uit die voorgaande kom ons ten slotte tot die volgende algemene gevolgtrekkings:—

1. Moedertaal en huistaal behoort in die onderwyswette gedefinieer te word as „die taal wat die kind die beste *praat en verstaan.*”
2. Wat die medium betref, behoort die ouer geen keuse in Staatskole tot en met Vorm V te hê nie.
3. Parallelmediumskole bring die twee rasse nie op die speelgrond bymekaar nie en gevolglik bevorder hulle ook nie in die praktyk deeglike tweetaligheid nie. Hulle moet geduld word alleen waar praktiese omstandighede die stigting van Enkelmediumskole verhinder.
4. As ons die gesonde opvoedkundige beginsel van moedertaalmedium aanvaar, dan is Dubbelmediumskole onlogies en ongesond.
5. Suiwer Enkelmediumskole is opvoedkundig-sielkundig sowel as godsdienstig-nasionaal die natuurlikste en gesondste vir beide blanke rasse in die Unie van Suid-Afrika.

BIBLIOGRAFIE.

- Aucamp, A. J. *Bilingual Education and Nationalism* (1926).
 Botes, Edm. *Stemreg in die Unie van Suid-Afrika.*
 (M.A.-verhandeling, 1927.)
- Cory, G. E. *The Rise of South Africa.*
 Dawes, T. R. *Bilingual Teaching in Belgian Schools.*
 Dewey, John. *How we think.*
 Fife, Prof. *Tendencies in Education in East and South
 Africa, with special reference to Language
 Questions* (1931).
- Gie, S. F. N. *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Deel I en II).
 Gunn, H. *The Language Question in the O.R.C.*
 Swanepoel, J. F. *The Teaching of the Second Language.*
 Lawrie, J. G. *Commonsense and Bilingualism.*
 (S.A. Quarterly, Dec. 1923.)
- Malherbe, E. G. *Education in South Africa. 1652—1922.*
 McKerron, M. E. *A History of Education in S.A. 1652—1932.*
 Schmidt, C. H. *The Language Medium Question. 1926.*
 do. *Onderzoek na die waarde van Afrikaans as
 medium van onderwys vir Afrikaansspre-
 kende leerlinge* (1919).
- Theal, G. M. *History of South Africa since 1795.*
 White, Brinsley. *The Language Question* (1926).
 Williams, James. *Mother-tongue and Other-tongue*
 (*Journal of Psychology*, July 1923).

RAPPORTE, ONDERWYSWETTE, ORDONNANSIES, ens.

- Rapporte van die Superintendent van Onderwys. S.A.R. tot 1899.
 do. do. do. Direkteur van Onderwys. (Tvl. en O.R.K.)
 1902-05.
 do. do. do. do. do. do. (Transvaal) 1906-1935.
 do. do. do. Superintendent van Onderwys (O.V.S.) tot
 1899.
 do. do. do. Direkteur van Onderwys (O.V.S.) 1907-1935.
 Rapport van die Onderwyskommissie 1926 (O.V.S.)
 do. do. do. do. 1917 (Transvaal.)
 Report of the Imperial Education Conference 1927.

Education Language Commission 1915 (Cape).
 Report of Select Committee on Public Education, 1911.
 The Yearbook of Education, 1932-1936.
 Onderwyswet van 1864 (O.V.S.) en van 1872 (O.V.S.)
 Ordonnansie van 1891 (O.V.S.) Wet No. 35 van 1908. (Hertzog-
 wet).
 Memorandum on the teaching of English and Dutch as
 languages and their use as media of instruction, etc.,
 under the School Act of 1908 by dr. W. J. Viljoen.
 Wet Nos. 8 en 13 van 1910. (O.V.S.)
 Ordonnansie Nos. 2 van 1912, 9 van 1920 en 15 van 1930 (O.V.S.)
 S.A.R. Regulasies van 1866 (Transvaal).
 Wet No. 4 van 1874 (Burgerswet.)
 Onderwyswette No. 10 van 1880 en van 1882 (du Toitwet.)
 Wet No. 8 van 1892 (Mansveltwet.) Volksraadsbesluite van
 1896.
 Wet No. 15 van 1896. Ordonnansies Nos. 7 en 27 van 1903.
 Petisie aan die Goew. en sy antwoord. (Sept. 1903) Ord. 29
 van 1905. Goewermentskennisgewing No. 1117 van 1905.
 Smutswet van 1907: Ord. No. 5 van 1911 (Rissikordonnansie):
 Ord. No. 17 van 1934.
 Omsendbriewe: 11 Febr.; 12 Mrt.; 1 Junie 1909 (O.V.S.): Nos.
 11, 55 en 89 van 1932 (Transvaal).
 Uitspraak de Bruyn-saak, Appèlhof: *Die Vaderland*, 29 Mrt.
 1934.
 Verskeie artikels oor die Taalvraagstuk in *Die Burger*, *Die
 Unie*, *Die Vaderland*, *The Daily Mail*, *The Sunday Express*,
Die Christelike Skoolblad, ens., ens.

REGISTER.

	bl.
A:	
Adamson, sir John	38, 72—74, 77
Adler, dr.	95
Anneksasieperiode	14
Argumente ten gunste van Enkelmediumskole	108—111
Argumente teen Enkelmediumskole	112—113
Argumente ten gunste van Parallelmediumskole	114
B:	
Ballard	97
Besluitskole	22
Beyers, genl. C. F.	60
Bosman, ds. H. S.	15
Brebner, eerw. John	11
Brebnerstelsel, karaktertrekke	11
Burgers, pres.	13
Burgersparty	16
Burgerswet, No. 4 van 1874	13
C:	
Cattel	92
Chamberlain, Joseph	23
Cory: <i>The Rise of South Africa</i> , 2e deel	9
C.N.O. Skole	34, 37
D:	
De Bruyn-saak	80
Dewey, John	91
Dubbelmedium in die O.V.S.	39
Duncan, Patrick	37
Du Toit, ds. S. J.	15
Du Toitwet, 1882	16
E:	
Education Language Commission (1915)	75
Eksamenresultate in Eng. en Afr. (O.V.S.)	67
Enkelmediumskole	22, 74

Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole	bl.
Enkel- en Dubbeltalige gebiede	8, 100 e.v.
Eybers, dr. G. W.	115 e.v.
F:	
Fife, prof.: <i>Tendencies in Education in East & South Africa, etc.</i>	94 118
G:	
Gekose Komitee	58, 69
Gematigde Party (dr. Lyle & dr. Bosman)	16
Goewermentskennisgewing No. 1117 van 1905	37
Groot Trek	10
Gunn, Hugh	45
H:	
Hertzogwet No. 35 van 1908	39, 50—51
Hofmeyr, Nico (Insp. van Skole)	34
Hollands as medium in Engelse skole	24
Hollands sluit Afrikaans in	63
Hoofvakke i.s. medium deur Eng. en Ned.	42
Hoogenhout, dr. N. M.	77
Huistaal	40, 81
I:	
Imperiale Onderwyskonferensie, 1927	107
Inspekteurskonferensie, Transvaal	77
J:	
James	94
K:	
Kommissie van Onderwys in S.A.R.	13
Konvensie van Bloemfontein	10
Konvensie van Sandrivier	10
Konsentrasiekampe	26
Kruger-du Toitparty	16
Krugerrégime	19
L:	
Lyle, dr., oor mediumvraagstuk	14
M:	
Malherbe, dr. E.G. <i>Education in S.A.</i>	10, 13, 16, 23, 29, 75, 113
Mansvelt, dr.	17, 20
Mansveltwet (No. 8 van 1892)	17, 33
McKerron, mev. M. E. <i>A History of Education in South Africa</i>	10, 25

Mellone	bl.
Milnerrégime	92
Moedertaal	9, 33
N:	83
Niewenhuize, Inspekteur	22
O:	
Omsendbrief aan Hoofde van Skole	119 e.v.
Omsendbrief van Dir. van Ond. (O.V.S.) i.s. Hertzogwet	45—47
Omsendbrief van Dir. van Ond. (Transvaal)	51
Omsendbriewe van Dir. van Ond. (Transvaal) Nos. 11 en 55 van 1932	78
Omsendbrief van Dir. v. Ond. No. 89 van 1932	79
Onderwyskommissie 1917 (Transvaal)	76, 108, 115
Onderwyskommissie 1926 (O.V.S.)	64
Onderwyswet No. 10 van 1880	15
Onderwyswet 1882	15
do. No. 8 van 1892	17
do. No. 15 van 1896	21
Ordonnansie van 1891 (O.V.S.)	12
do. No. 7 en 27	29
do. No. 29 van 1905	35
do. No. 5 van 1911 (Transvaal)	69
do. No. 2 van 1912 (O.V.S.)	61
do. No. 9 van 1920 (O.V.S.)	64
do. No. 15 van 1930 (O.V.S.)	65
do. No. 17 van 1934 (Transvaal)	81—83
P:	
Parallelklasse	22, 52, 54
Pellissier, mnr.	64
Petisie aan Goewerneur (O.V.S.) 1903	31
Provinsiale Raad (O.V.S.)	63
do. do. (Transvaal)	69
R:	
Rapport van Superintendent (S.A.R.) 1886	15
do. do. do. do. 1894	20
do. do. do. do. 1898	21
Rapport van Dir. v. Ond. (O.R.K. en Tvl.) 1902	26
do. do. do. (Transvaal) 1904	33
do. do. do. do. 1905-06	37
do. do. do. do. 1906-07	48
do. do. do. do. 1908-09	51
do. do. do. do. 1909-10	52

Rapport van Dir. v. Ond. (O.V.S.) 1916	bl.	64
do. do. do. do. 1917		64
do. do. do. do. 1931		65
do. do. do. do. 1932		67
do. do. do. (Transvaal) 1912		71
do. do. do. do. 1915		73
do. do. do. do. 1917		75
do. do. do. do. 1918		76
do. do. do. do. 1934-35		86
Rissikordonnansie (No. 5 van 1911)		70
Regsadvies aan Transvaalse Dept. van Ond. i.s. taalklousules		78
S:		
Saer, D. J., <i>The effects of bilingualism on the early development of the child</i>		15
Saer, D. J., <i>The effects of bilingualism on intelligence</i>		95
Saer, Smith en Hughes: <i>The bilingual Problem</i>		98
Sargant, E. B.		26—29
Schmidt, C. F.		64
Schmidt, C. H.		92, 94
Scott, H. A.		77
Selborne, Lord: <i>Memorandum on Language Question</i>		35
Skoolraadskonferensie, 1908		52
Smutswet (1907)		49 e.d.v.; 70
Somerset, Lord Charles		9, 23
Staatskole		22
Subsidies volgens Wet No. 8 van 1892		18
T:		
Taalproklamasie, 1822		9
Theal, G. M.		10
Tweede Vryheidsoorlog		10
Tweetaligheid (grade)		104—105
U:		
Unie van Suid-Afrika		69
V:		
Viljoen, dr. W. J.		56—57
Volksraadsbesluit i.s. taalbepalings, 1898		24
Vraagstuk in die O.V.S. en Transvaal, 1902-5 do. do. do. onder Verantw. Rege- ring 1907-1910		29 39

			bl.
Vraagstuk in die	Transvaal, onder Verantw.		
	Regering, 1907-1910 . . .	48	
do.	do. O.V.S. sedert 1910 . . .	56	
do.	do. Transvaal sedert 1910 . . .	69	
do.	do. O.V.S. voor 1872 . . .	9	
do.	do. do. 1872-1899 . . .	11	
do.	do. Transvaal, 1866-1872 . . .	13	
do.	do. do. 1872-1877 . . .	13	
do.	do. do. 1877-1881 . . .	14	
do.	do. do. 1882-1891 . . .	15	
do.	do. do. 1891-1899 . . .	17	
do.	tydens die oorlogsperiode 1899-1902	26	
Vorige ondersoekings	i.s. taalvraagstuk . . .	91	
W:			
W.W. Rand Council of Education		24,	25, 34
Ware, Fabian		29	

BYLAAG.

VERSLAG VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYS-KOMMISSIE 1939.

Twee-en-twintig jaar na die verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie van 1917 het die Provinsiale Raad weer 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel aangaande onderwyssake in Transvaal. Hierdie kommissie het in 1939 verslag ingedien. (T.P. No. 5 van 1939). Hoofstuk XIII handel oor Taalvraagstukke.

In die inleiding van hierdie hoofstuk vestig die kommissie die aandag op die bepaling in die Uniewet, nl. dat die twee landstale op gelyke voet moet staan en dat die beleid van die Provinsie Transvaal deur hierdie bepaling voorgeskryf word. Die kommissie maak hieruit die gevolgtrekking dat dit die plig van die Provinsiale Onderwysstelsel is om 'n sekere peil van tweetaligheid vir elke kind te bewerkstellig (par. 772). Hul beklemtoon verder die wenslikheid van tweetaligheid in Suid-Afrika, sowel op ekonomiese as op maatskaplike gebied. Hulle wys daarop dat die bepalings van die Ordonnansie, wat betref taalsake, onder drie hoofde ressorteer:—

(a) *Voertaal*: Die taal wat die kind die beste ken, moet die voertaal wees by die aanvangsonderwys. Na Std. IV

(Aangesien die voorgaande verhandeling oor die Taalmediumvraagstuk twee jaar voor die publikasie van die *Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie* (1939) klaar was, word hierdie Taalvraagstukverslag as 'n bylaag bespreek).

het die ouer die reg om die voertaal te verander. Deur middel van parallelklasse moet daar voorsiening gemaak word vir enige groep van minstens vyftien leerlinge in die laer standerds (minstens tien in die hoër klasse) wat òf die een òf die ander medium vereis. By gebrek hieraan moet tweetalige onderwysers verskaf word om die klas deur albei tale te onderrig. Verder kan skole opgerig word waarin òf die een òf die ander taal die heersende voertaal moet wees, of skole waarin albei tale as voertale gebruik moet word.

(b) *Taal as leervak*: Voorsiening moet gemaak word om elke leerling albei tale te leer, maar die ouer besit die reg om sy kind aan die onderrig in die tweede taal te onttrek.

(c) *Onderwysers*: Albei tale is opgeneem in die opleidingskursusse vir alle onderwysers; een taal kan in 'n laer graad gevolg word.

Die kommissie wys daarop dat die doel van die ordonansie is om 'n gelyke peil van bedrewenheid in albei tale te bewerkstellig. Dit is (tussen hakies) net moontlik in uitsonderlike gevalle en dan word dit sterk betwyfel of die skool dit kan doen.

Die kommissie beklemtoon die uiterste belangrikheid van huis- of moedertaal: „Die belangrike kulturele vak, die vak wat elke uur van die dag gebruik word en wat die grootste invloed op die karakter uitoeven, is die huistaal” (par. 776).

Die huistaal moet trouens „die vernaamste besitting van die kind bly, want dit is die middel waardeur sy persoonlikheid die hoogste ontwikkeling kan bereik en tot volle uiting kan geraak” (par. 776).

Met betrekking tot die toestand van kennis van die tweede taal verdeel die kommissie die kinders in Transvaal in vier groepe:—

- (a) Engelssprekende kinders in 'n Engelssprekende omgewing wat Engelsmediumskole bywoon,
- (b) Afrikaanssprekende kinders in 'n Afrikaanssprekende omgewing wat Afrikaansmediumskole bywoon,
- (c) Afrikaanssprekende kinders in 'n Engelssprekende omgewing wat Afrikaansmediumskole bywoon.
- (d) Engelssprekende kinders in 'n Afrikaanssprekende omgewing wat Engelsmediumskole bywoon.

Volgens die getuienis voor die kommissie bly die tweede taal swak in groepe (a) en (b). Sommige getuies het selfs beweer dat die tweede taal heeltemal onbevredigend is in daardie gevalle, veral om die tweede taal te praat. In die groepe (c) en (d) het die kinders in die reël, *danksy hul omgewing*, 'n goeie praktiese kennis van die tweede taal. Dis goed dat die kommissie die dank aan hul omgewing toeskryf, want dit is waar die kinders 'n taal leer praat en nie in die klaskamer nie, al sou 'n mens ookal so'n tweetalige omgewing op die skool skeep. Die kommissie vind egter dat die huidige toestand van die tweede taal oor die algemeen baie te wense oorlaat. Daar word beweer dat die ouers van skoolgaande kinders ontevrede is met die peil van tweetaligheid wat leerlinge behaal het wanneer hulle die skool verlaat.

Die Nasionale Buro van Maatskaplike en Opvoedkundige Navorsing het 'n verslag oor tweetaligheid voor die kommissie gelê waarin ses trappe van tweetaligheid vasgestel word uit hoofde van die kennis van die tweede taal.

Hierdie ses trappe kom taamlik ooreen met die vyf grade van tweetaligheid wat (op bls. 104 en 105) bespreek is. Hierdie ses trappe is kortliks as volg:—

1. Die bekwaamheid om 'n gewone gesprek of toespraak, in sowel sy skryf- as sy spreekvorm, intelligent te volg.
2. Die bekwaamheid om 'n verstaanbare gesprek met 'n redelike mate van vlotheid te voer.
3. Die bekwaamheid om die tweede taal korrek te skryf, d.w.s. om enige brief in daardie taal te kan beantwoord sonder ernstige verkragting van die idioom.
4. Korrekte en oortuigende seggingskrag, sowel in die spreek- as in die skryftaal. Die spraak moet vlot wees en die aksent en idioom sodanig dat hulle as gepaste voorbeelde kan dien vir ander om te volg.
5. Die trap wat bereik is deur diegene wat oor 'n groter vaardigheid en krag in die gebruik van albei tale beskik as 90% van die volk wat òf die een òf die ander taal as hul moedertaal gebruik.
6. Die ongenaakbare ideaal, nl. 100% volmaaktheid in albei tale.

Die bevinding van die opstellers van hierdie verslag is dat leerlinge wat skool op 16-jarige leeftyd (of Std. VIII) verlaat, trap 3 behoort te bereik. Dit moet egter nooit beskou word as die einddoel van die onderwys nie.

In par. 780 behandel die kommissie die oorsake van swakheid in die tweede taal, nl.:—

1. Eentaligheid van omgewing en die gevolglike gebrek aan geleentheid om die tweede taal te hoor en te praat.
2. Versuim om die tweede taal as voertaal te gebruik.

3. Die stadium waarop met die onderrig in die tweede taal begin word.
4. Die onderwyser(-es) se beperkte kennis van die tweede taal.
5. Gebrekkige onderwysmetodes.
6. Die gevoelshouding van die onderwyser(-es), die skool of die huis teenoor die tweede taal.
7. Die indeling van skole as (i) dubbelmedium, (ii) parallelmedium en (iii) enkelmedium.

Ter stawing van bogenoemde oorsake wys die kommissie op 'n kragtige faktor, nl. taalmilieu, d.w.s. die sosiale kontakte wat die kind se tweede taal praat; dit gee hom geleentheid om daardie taal gedurig te hoor en te beoefen. In par. 782 wil die kommissie so'n taalmilieu skep en beveel aan dat die tydelike oorplasing van kinders van die een taalomgewing na 'n omgewing waarin die ander taal oorheers, op alle moontlike maniere aangemoedig moet word.

Dat sulke tydelike oorplasinge die kennis van en die bedrewenheid in die tweede taal sal verbeter, val nie te ontken nie, maar of dit op massaskaal prakties uitvoerbaar is, is baie twyfelagtig. Verder sê die kommissie dat die huis kan help om so'n omgewing te skep deur die invoering van boeke en tydskrifte in die tweede taal en deur omgang met maats wat die tweede taal praat, aan te moedig. In verband met hierdie laaste punt het die volgende onlangs die aandag getrek. Afrikaanssprekende mnr. A. het sy kinders aangemoedig om met die Engelsprekende kinders van mnr. B. maats te maak met die oog op verbetering van hul Engels. Later rapporteer mnr. A. se kinders dat

hulle deur hierdie omgang niks Engels leer nie, want mnr. B. se kinders praat net Afrikaans, omdat mnr. B. graag wil hê dat hulle hul Afrikaans moet verbeter.

Verder beveel die kommissie aan dat die skool so'n milieu kan skep deur tussenskoolse debatte, sportbyeenkomste, ens., asook deur middel van geleentheidspraatjies in die tweede taal deur interessante besoekers. Met betrekking tot die oorsaak onder (2) is die kommissie van mening dat die moeilikheid betreffende die toepassing van die voertaal onder die huidige omstandighede in Transvaal blykbaar nie een is wat by wyse van besluit of ordonnansie finaal opgelos kan word nie, maar hulle meen tog dat die onderwysowerhede die leiding moet neem om die oplossing te verhaas en gevolglik betoog hulle dat aan die ouer in sake keuse van voertaal vryheid gelaat moet word, tensy sy optrede tot nadeel van sy kind strek. Die kommissie erken dat in die aanvangstadia die kind uitsluitlik deur middel van sy moedertaal onderrig moet ontvang en hulle beskou dat die huidige bepalings van die Ordonnansie (wysiging van 1934) op gesonde opvoedkundige beginsels gegrond is. Hulle beveel aan dat die Departement moet volhard in sy strewe om te verseker dat alle leerlinge tot die regte voertaal toegelaat moet word.

Waarom die kommissie aanbeveel dat die eindbeslissing (volgens Ord. No. 9 van 1934, waar die prinsipaal en ouer nie ooreenstem nie) nie by die inspekteur nie maar by die Direkteur van Onderwys moet berus, is nie al te duidelik nie, aangesien die Direkteur in so'n geval tog sy professionele raadgewers, nl. die inspekteurs, sal raadpleeg.

Met betrekking tot die reg wat ouers het om te eis

dat die tweede taal trapsgewyse ingevoer en daarna gereeld gebruik word as voertaal vir sekere vakke in ooreenstemming met die kennis van die leerling, beveel die meerderheidsverslag aan dat „die toekomstige beleid van die Provinsie moet wees om hom daarvoor te beywer dat albei tale as voertale gebruik word in alle skole, hetsy dubbel-medium, parallelklasse of afsonderlike skole,” nieteenstaande die getuies beweer dat hierdie reg so goed as nooit gebruik word nie en, as afsonderlike ouers dit sou eis, dit verwarring sou bring onder die huidige stelsel van afsonderlike skole. Met die oog op die onwenslikheid van so'n beleid sou dit onder die huidige omstandighede baie beter wees as daardie bepaling van die Ordonnansie, nl. die reg van die ouer om te eis dat die tweede taal as voertaal trapsgewyse ingevoer word, heeltemal geskrap word en wel omdat so'n beleid prakties onopvoedkundig is en tweedens omdat nog Afrikaans- nog Engelssprekende ouers oor die algemeen in die verlede van daardie reg gebruik gemaak het en derhalwe daardeur bewys het dat hulle dit nie verlang nie. Die feit bly nou eenmaal dat baie min ouers (seker nie 1% nie) hulle kinders van medium laat verander, selfs na Std. IV. Net so onprakties en onopvoedkundig is die aanbeveling (in par. 781) dat die tweede taal as voertaal na Std. V of VI in hoër skole ingevoer moet word.

Onder (3) word die stadium waarop die onderrig in die tweede taal begin word, aangevoer as een van die oorsake van swakheid in die tweede taal. Op hierdie punt het die Nasionale Buro twee punte voor die kommissie gelê, nl.:—

(a) Die optimum ouderdom waarop met die tweede taal 'n

- aanvang gemaak en die manier waarop dit voorgedra moet word, en
- (b) of die aanleer van 'n tweede taal op voorskoolse ouderdomspeil die geestesontwikkeling van die kind nadelig of andersins aantas.

Op (a) antwoord die Buro dat daar groot meningsverskil bestaan oor daardie vraagstuk. Die meeste navorsers meen dat die kind op 'n besonder vroeë ouderdom in sy skoollewe met die tweede taal kan begin, mits die aanvangsonderwys dieselfde metode volg as dié waarop die eerste taal aangeleer word. Die kind moet die tweede taal eers hoor, dan dit leer praat en eindelijk moet hy dit lees en skrywe. 'n Ander voorwaarde is dat die kind onder geen omstandighede die tweede taal moet leer lees en skrywe voor hy dit in die eerste taal kan doen nie. Dit is die gewone handelwyse in tweetalige lande waar hulle met die tweede taal in die laer skool begin. Die meeste lande wat nie tweetalig is nie, begin met die tweede taal in die middelbare skool of die hoogste klasse van die laer skool.

Op punt (b) vind die Buro na proefnemings dat daar geen geestelike vertraging is as gevolg van die vroeë aanleer van die tweede taal nie. (Sien bl. 95 e.v. oor hierdie vraagstuk).

Op grond van die bevindings van die Buro beveel die kommissie aan dat die tweede taal ingevoer moet word na die kind ses maande op skool is en dan net deur oor en oog by wyse van gesprekke, eenvoudige bevele, prente, verhale, ens. Daar moet geen dwang wees nie, dan sal die kinders later self begin deelneem aan die gesprekke.

Leeswerk moet nie ingevoer word voor die kind sy eie taal goed kan lees en begryp nie.* Skryfwerk en formele lesse in grammatika moet nie voor Std. III ingevoer word nie.

Niemand het op bloot opvoedkundig-sielkundige gronde beswaar teen hierdie aanbeveling nie, maar met die oog op die kommissie se aanbeveling dat die tweede taal geleidelik as *voertaal* ingevoer moet word, wonder 'n mens op watter stadium die kind bekwaam sal wees om deur medium van die tweede taal saam met kinders wat daardie taal as huistaal gebruik, sy verdere onderwys te ontvang, afgesien van ander faktore wat so'n beleid onwenslik maak. Hierdie bepaling in die Wet van 1907 om die tweede taal geleidelik in te voer om dit later as voertaal te gebruik, is in daardie dae opsetlik ingelas om uiting te gee aan die drang om onder daardie omstandighede dit moontlik te maak om Engels as enige voertaal te vergemaklik. Vandag is so'n stelling opvoedkundig sowel as maatskaplik onverdedigbaar en bepaald verouderd.

In par. 796 openbaar die Nasionale Buro die volgende verrassing: Van die kwekelinge wat die Afr. Normaalkolleges verlaat en na eentalige gemeenskappe gaan, bereik 'n derde in die finale jaar nie 'n Std. VI-peil in Engels nie; twee-derdes is onder die Std. VIII-peil in Engels. Dieselfde geld vir die Engelsmediumkolleges, wat betref Afrikaans.

Alle kwekelinge op die Normaalkolleges het minstens in Afrikaans B of Engels B in die Vorm V-eksamen geslaag. As bostaande bevindings waar is, hoe is dit dan moontlik vir 'n kandidaat om in Afrikaans B of Engels B in die

Matrikulasië-eksamen te slaag? As dit die werklike posisie is, dan is dit nie 'n geval van verbetering van die peil van Afrikaans of Engels op die Normaalkolleges nie (soos aanbeveel in par. 797), maar eerder op die hoër skole. 'n Mens is geneigd om te dink dat hierdie bevindings heelwat oordrewe is.

In par. 798 gee die kommissie aan die hand hoe die taalkwalifikasies van aspirant-onderwysers(-esse) verbeter kan word. Die voorsitter het sy stem verhef teen die aanbeveling dat die tweede taal as voertaal by minstens een hoofvak gebruik behoort te word. Hy gaan egter akkoord met die aanbeveling om proefnemings te doen in verband hiermee. Die beswaar is weer hier die opvoedkundige beginsel en die feit dat dit nie juis die kennis van die tweede taal aanmerklik sal verbeter nie.

Die kommissie het verder getuienis ingewin wat beweer dat die stadige vordering van die tweede taal op skole grotendeels te wyte is aan (i) die gevoelshouding van die onderwyser(-es) en die omgewing teenoor die taal, (ii) die gebrek aan eerbied vir die tweede taal wat van die huis na die skool oorgedra word, (iii) die houding van die hoof van die skool teenoor die tweede taal, (iv) onwilligheid om die tweede taal doeltreffend aan te leer en (v) die persoonlike gebrek aan kennis van die tweede taal wat weer op sy beurt van die gevoelshouding afhang. Hul bevinding is dan ook dat die gevoelshouding van die skool van die allergrootste belang is en dat daar waardering van albei kante behoort te wees.

'n Mens verstout jou om te verklaar dat, as so'n vryandige gevoelshouding in 'n groot mate aan Afrikaanse kant

bestaan, dit toegeskrywe moet word aan die beleid op onderwysgebied sedert 1902, nl. om die Afrikaanse kind deur sy onderwys te probeer verengels en hom derhalwe 'n minderwaardigheidsgevoel in sy eie taal en kultuur te laat ondervind; later het dan die reaksie ontstaan. Die selfde houding van Engelse kant teenoor Afrikaans is blykbaar die gevolg van die weiering van die Afrikaners om alles wat Engels is, vir soetkoek op te eet. In 'n ses-en-twintigjarige persoonlike ervaring as onderwyser in verskillende tipes skole, enkel- sowel as parallelmediumskole, het daar nog net een geval voorgekom waar 'n kind onwillig was om die tweede taal aan te leer. Hoewel daar seer seker gevalle van vyandige gevoelshouding teenoor die tweede taal sal wees, moet ons hulle as uitsonderings beskou, aangesien die meeste hoofde en onderwysers, altans in Afrikaanse skole, die aanleer van die tweede taal baie sterk aanmoedig, meer periodes op skool daarvoor afsonder en nie toelaat dat enige vyandige gevoelshouding van buite op die skool afgedruk word nie, en hierdie houding sal gehandhaaf word solank as tweetaligheid in Suid-Afrika 'n vereiste bly. Verder bewys die feit dat daar baie meer Afrikaans- as Engelssprekendes is wat tweetalig is, dat daar van Afrikaanse kant geen teenkanting is om die tweede taal deeglik aan te leer nie, maar waar hulle wel beswaar teen maak, is om die tweede taal as voertaal in die skole in te voer. 'n Mens vrees dat as dubbel- en parallelmediumskole op die bevolking afgedruk word sonder om die omgewings en praktiese moeilikhede in ag te neem, die gevoelshouding teenoor die tweede taal eerder verswak as versterk sal word.

In par. 803 en d.o.v. wy die kommissie baie aandag aan maatskaplike oorwegings. Hulle wys op die huidige rigting van dubbel-, parallel- en enkelmediumskole en vestig die aandag daarop dat, as ons taak alleen was om die beste metode vir die aanleer van die tweede taal te vind, die oplossing betreklik maklik sou wees, maar die vordering van die kind in sy ander skoolvakke moet ook in gedagte gehou word en dit maak die taak baie moeiliker. Die kommissie voel dat dit die maatskaplike en nasionale oorwegings, asook die organisatoriese vraagstukke, is wat die oplossing van hierdie probleem vir die teenwoordige in gevaar stel.

Die kommissie aanvaar die absolute ideaal van een volk vir Suid-Afrika en beskou dat die skool daadwerklik moet meewerk om hierdie ideaal te verwesenlik. In die besef dat daar twee bevolkingsgroepe in Transvaal is, elkeen met sy eie taal en tradisie, behoort dit nie die opvoedkundige beleid van die Provinsie te wees om die een aan te moedig ten koste van die ander nie, ewemin moet die onderwysstelsel misbruik word om die verwesenliking van daardie ideaal onnodig te verhaas. Aangesien hierdie beskouing van die kommissie vatbaar is vir misverstand, het die voorsitter gesê dat sy ideaal twee nasies is, elk met sy eie kultuur, wat hartlik saamwerk om die Suid-Afrikaanse volk as 'n staatkundige en ekonomiese eenheid op te bou.

Met betrekking tot die dubbelmediumskool sê die verslag: of die onderwyser nou by tussenpose albei tale gebruik, en of sommige vakke deur die een en ander

voertaal deur dieselfde onderwyser aangebied word, en of dieselfde werk op verskillende dae deur verskillende voertale gedoen word, die kenmerk van die dubbelmediumskool is dat die kinders van die twee groepe in dieselfde klas sit. Sommige getuies beweer dat die volgende voordele hierdeur verkry word, nl:—

1. „Dit maak dit moontlik om onderrig in die moedertaal in beperkte mate te reël vir afsonderlike leerlinge en vir baie klein groepe wat nie die oprigting van parallelklasse sal regverdig nie.”

Hierdie voordeel is bepaald baie twyfelagtig. Daarteenoor kan ons net so goed aanvoer dat in sulke gevalle die groot meerderheid aan die klein minderheid opgeoffer word, wat betref moedertaalonderwys. Buitendien is die dubbelmedium seker nie vir 'n hele skool 'n sine qua non net om vir daardie klein minderheid voorsiening te maak nie. Die onderwyswet bepaal reeds dat die skool voorsiening moet maak vir daardie minderheid deur middel van parallelklasse. Laat ons die stelling so formuleer: 'n skool het bv. 300 leerlinge waarvan slegs 50 deur die ander taal onderrig moet ontvang deur middel van parallelklasse volgens die bestaande Wet. Nou wil die kommissie hê die 250 leerlinge moet die dubbelmedium volg en sodoende die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys verkrag, ter wille van die klein minderheid. In so'n geval sal elke regdenkende en praktiese onderwysman daardie minderheid deur middel van parallelklasse in hul moedertaal hul onderrig wil laat ontvang. As die

minderheid so klein is dat geen aparte skool gestig kan word nie, dan is die parallelmedium opvoedkundig die gesondste.

2. „Dit bied leerlinge die geleentheid om die ander taal te hoor en aldus daarmee vertrouwd te raak.”

Enkelmediumskole bied ook daardie geleentheid, hoewel miskien in 'n mindere mate. Hierdie sogenaamde voordeel weeg egter nie op teen die nadeel van onderwys deur 'n vreemde medium nie. Hierdie geleentheid kan op baie ander maniere geskep word soos die kommissie bv. in par. 782 e.v. aan die hand doen en dit doen geen geweld aan die beginsel van moedertaalonderrig nie.

3. „Die maatskaplike betekenis daarvan is nl. dat dit die twee groepe kinders in noue aanraking met mekaar bring en sodoende die gewenste volkseenheid aanmoedig.”

Hierdie argument word breedvoerig op bls. 113 en 146 e.v. bespreek.

Ander getuies beweer weer dat dubbelmediumskole die volgende nadele besit:—

1. „Tensy die kinders in 'n klas almal omtrent dieselfde peil van bekwaamheid in albei tale bereik het, is daar verkwisting, soms aansienlike verkwisting, van energie by die onderrig. 'n Leerling wat agterlik is in die taal wat die meeste kinders in die klas gebruik, sal baie beter aandag geniet in 'n klas waar sy moedertaal as voertaal gebruik word.” 'n Mens kan hier byvoeg — ook 'n verspilling van kosbare tyd. Elke

praktiese onderwyser sal hierdie nadeel onderskryf, aangesien die leerlinge 'n jaar of meer agter is in die tweede taal. Buitendien is hierdie idee van dubbelmedium onprakties, verouderd en uit die bouse.

2. „Die onderwysers wat per slot van rekening die werk moet verrig, is as 'n liggaam nie gretig, of miskien soos sake vandag staan, nie bekwaam om hierdie plan te volg nie.”

Afgesien van die vraag of die onderwysers vandag bekwaam is of nie om hierdie plan doeltreffend aan te pak (volgens die Nasionale Buro besit die meeste onderwysers nie die nodige kwalifikasies in die tweede taal nie), is die onderwysers as liggaam daarteen bloot op grond van die opvoedkundige en sielkundige beginsel van moedertaalonderwys.

3. „Die maatskaplike betekenis daarvan is andersyds, na beweer word, dat dit daartoe strek om die verskil tussen die twee kulture wat langs mekaar in die land bestaan, kunsmatig uit te wis.”

Wat die beweerde maatskaplike voordele van dubbelmediumskole ookal mag wees, die praktyk in die afgelope veertig jaar, sowel op opvoedkundige as op sosiale gebied, om nie eers van die politieke gebied te praat nie, het onteenseglik bewys dat 'n kunsmatige samesmelting tot mislukking gedoem is. Dit help voorwaar nie om Afrikaans- en Engelssprekende kinders in een kraal te ja as hul ouers op kerklike, kulturele, sosiale en politieke gebied geskei is nie. Ons het nou eenmaal die twee hoofrasse in ons land, elk met sy eie

tradisie, kultuur en lewensbeskouings en wat dies meer sy, wat — soos die voorsitter van die kommissie dit uitdruk — hartlik saam kan werk om die Suid-Afrikaanse volk as 'n staatkundige en ekonomiese eenheid op te bou. Ons staan nog te na aan die geskiedenis van die afgelope eeu om samesmelting op elke gebied te wil forseer. Hierin lê m.i. die groot verskil tussen die meerderheids- en minderheidsrapporte, altans wat betref die maatskaplike gesigspunt, nl. die een aanvaar die absolute ideaal van een volk vir Suid-Afrika (in die hoop natuurlik dat die Afrikanerelement in die Engelse element opgelos sal word) en die ander aanvaar dit nie. As ons die samestelling van die kommissie ontleed, dan vind ons dat die Engelssprekende lede *en bloc* die meerderheids-, terwyl die Afrikaanssprekende lede almal die minderheidsrapport onderteken het ten opsigte van die voertaalvraagstuk. Moet ons miskien hieruit aflei dat die een die mening van die Engels- en die ander dié van die Afrikaanssprekendes verteenwoordig? En, as mnr. Kuschke wat ten gunste van enkelmediumskole getuig het, nie bedank het nie, was daar 'n meerderheidsrapport ten gunste van enkelmediumskole. As die twee groepe so eenparig en radikaal verskil op hierdie punt, kan dit dan bloot uit opvoedkundige oorwegings wees, of skuil daar iets anders agter? Watter beleid ookal aanvaar word, los dit die saak nog nie op nie, tensy die hele Unie daardie beleid onderskryf en nie net Transvaal nie. Dis 'n volksaak en nie 'n provinsiale aangeleentheid nie.

4. „As dit op 'n te vroeë stadium ingevoer word, is dit opvoedkundig ongesond” (par. 787). Dit staan soos 'n paal bo water.

Die kommissie het ook getuienis ingewin in sake voor- en nadele van parallelmediumskole of -klasse. Die getuies ten gunste van parallelmedium beweer:—

1. „Dit skep 'n tweetalige omgewing op die skoolgrond en in die personeelkamer wat die gedurige beoefening van die tweede taal aanmoedig.”

Hierdie bewering dat sulke skole die leerlinge op die skoolgrond bymekaar bring, is op grond van die ondersoekingswerk in Transvaalse skole hopelik vir goed die kop ingeslaan (sien bls. 119 e.v.). Wat betref die personeelkamer van parallelmediumskole (waar soiets werklik bestaan) waar die getalle min of meer 50—50 is, is die taalomgewing vir 'n goeie 90 persent eerder Engels as tweetalig. Ons ken almal hierdie situasie in die praktyk; as daar een Engelssprekende en vyf Afrikaanssprekendes in 'n kamer aan gesels raak, praat almal Engels; sommige hoflikheidshalwe, ander as gevolg van 'n meerderwaardigheidsgevoel en 'n klompie ongelukkig omdat hulle skaam is vir hulle eie taal.

2. „Dit bevorder die regte verhouding tussen die twee rasse en is 'n middel tot die uiteindelijke verwesenliking van die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika.”

Daar is weer ander wat beweer dat dit juis die teenoorgestelde verhouding skep en botsings veroor-

saak. Die klein minderheid is gewoonlik die lydende party.

3. „Die gesentraliseerde skoolstelsel sal die parallelklasplan bevorder, aangesien dit sal lei tot die ontmoediging van die oprigting van klein skole.”

Dit is in 'n sekere mate waar, maar of dit meer ekonomies is, moet nog eers beproef word. Sentralisasie is seker goed, maar dit kan ook te ver gevoer word, veral op die platteland waar die ouers reeds kla dat hierdie stelsel die verwydering van jong kinders uit die ouerlike woning en sorg meebring.

Hoe dit ookal sy, die beleid van enkelmediumskole word in hierdie werk bepleit, maar die stigting van parallelmediumskole of -klasse word nie afgekeur waar enkelmediumskole prakties onmoontlik is nie. Ons beskou dit dan as 'n noodsaaklike ewel.

Sommige getuies voer die volgende aan teen parallelmediumskole:—

1. „As die getalle Engels- en Afrikaanssprekende kinders baie ongelyk is, sal een groep ly, bv. waar Graad 1 tot Std. V voor een onderwyser gegroepeer word.”

Sulke toestande word wel aangetref en niemand sal ontken dat so'n groep skade ly nie. Hierdie en ander organisatoriese moeilikhede word soms deur die voorstanders van hierdie soort skole baie onderskat.

2. „In sommige gevalle is die maatskaplike komplikasies baie opvallend. Gebeurtenisse van geskiedkundige belang vir die een groep kan nie die belang by die ander groep wek nie. Daar moet ook duplikasie van

kinderorganisasies in dieselfde skool wees, by. Vortrekkers en Padvinders. Verder het so'n skool geen kulturele doel nie en belemmer die geestelike ontwikkeling van die kind."

Hierdie besware is baie aktueel. Gewoonlik is sulke skole kleurloos en pynlik neutraal. Die lede van die meerderheidsrapport kan egter hoegenaamd nie begryp waarom sulke skole geen kulturele doel kan hê nie. Tereg verklaar die kommissie dat die skool wat as kultuursentrum van sy gemeenskap dien, wat doelbewustheid in die lewe van die jeug bring, wat liggaams- en geestesgesondheid vir die opkomende geslag verseker en 'n drang na kennis in die bevolking skep, die ideale skool is. Hierdie ideale kan elke enkelmediumskool ongestoord nastreef, maar dis juis in so'n onding as 'n parallelmediumskool waar daardie hoë ideale nie uitgeleef kan word nie, want dis 'n kunsmatig geskape omgewing wat nog heet nog koud is maar lou, „en daarom sal ek hom uit my mond spu," waarsku die apostel. Dis die soort skool waar twee afsonderlike kulture en lewensbeskouings wat soms baie ver uitmekaar loop, teen wil en dank tot een saamgepers word. Laat die vrugte self tot rypheid ontwikkel. Dis 'n verkeerde beleid om hulle te forseer.

Die kommissie het ook nog sogenaamde teenstrydige getuienis geboekstaaf, nl.:—

- (a) of die skoolkinders werklik op die skoolgronde met mekaar meng, dan wel of hulle groepe vorm ooreenkomstig die taal wat hulle praat,

- (b) of die noue aanraking tot 'n beter verstandhouding strek, dan wel of dit wrywing veroorsaak,
- (c) of die bestaande skole met parallelklasse geslaagd is of nie.

Wat punt (a) betref, word in hierdie werk voldoende bewys gelewer dat die kinders nie op die speelgronde in enige soort skool vryelik met mekaar meng nie, maar dat hulle groepe vorm ooreenkomstig hul gemeenskaplike belange en wel oor die algemeen klas vir klas.

Wat betref punt (b), skyn die neiging nie juis tot nouer aanraking te wees nie, op grond van punt (a).

Of die bestaande parallelmediumskole geslaagd is of nie, moet eers wetenskaplik ondersoek word, maar op grond van gesonde beleid is hulle m.i. die minste geslaagd van die drie soorte skole.

Wat betref afsonderlike skole, het getuies die volgende aangevoer ten gunste daarvan:—

- (a) „Dis in afsonderlike skole moontlik om 'n hoof aan te stel wat in werklikheid beskou kan word as 'n verteenwoordiger van die ouers. Ingevolge enige ander reëling, onder die huidige toestande in Suid-Afrika, is dit baie moeilik om 'n applikant te vind wat al die ouers kan bevredig. In sekere mate geld dit ook die ander lede van die personeel.”
- (b) „Daar is geen onnodige kulturele stremming in die afsonderlike skool nie, wat vry is om in sy eie rigting te ontwikkel en om die gesigspunt van die ouers te verteenwoordig.”

As dit waar is, sou die kommissie sê dat dit van

elke oogpunt besien, uiters gevaarlik is. En waarom beskou die kommissie dit dan as so uiters gevaarlik? Hier is alleen sprake van kulturele ontwikkeling en aangesien ons in ons land tog twee kulture het, behoort hulle seker nie onnodig gestrem te word nie.

- (c) „Dit word beweer dat skoolkommissies wat homogene ouers verteenwoordig, met minder wrywing kan fungeer. Daar bestaan geen verwaarloosde minderhede nie.”

Elkeen wat prakties met hierdie sake kennis gemaak het, onderskryf hierdie bewering ten volle.

- (d) „Die organisasie van die aparte skool is makliker as dié van enige ander. 'n Groter keuse van vakke kan aangebied word wanneer die hele skool 'n taaleenheid is.” Niemand is bereid om hierdie bewering te ontken nie.
- (e) „In sekere gevalle strek die afsonderlike skool tot voordeel van die godsdienstige lewe van die skool.” Dit is waar, veral ten opsigte van die Afrikaansmediumskool.
- (f) „Die getuienis van die professionele opvoedkundiges was in die meeste gevalle ten gunste van afsonderlike skole.”

Hierdie professionele opvoedkundiges sluit sowel Engels- as Afrikaanssprekendes in. Verder is hulle ook in die meeste gevalle praktiese onderwysmanne en dit is geen wonder dat hulle ten gunste van enkelmediumskole is nie. Hulle weet en voel almal dat afsonderlike skole opvoedkundig en kultureel die meesgewenste is. (Sien ook bl. 108 e.v.).

Daar was ook getuienis teen afsonderlike skole :

- (a) „Aparte skole toon 'n sterk neiging in die rigting van eentaligheid.” (Sien bls. 108 e.v.).
- (b) „Die aparte skole hou die kinders apart en vertraag sodoende die gewenste volkseenheid.” Die minderheidsrapport gee m.i. afdoende antwoord op hierdie bewering.
- (c) „Die voortsetting van die enkelmediumskool is beslis teen die uitdruklike menings van die meeste getuies wat die skoolrade en die ouers verteenwoordig het.”

Die minderheidsverslag (par. 3) gee ook hier weer die regte antwoord.

Die Onderwyskommissie verklaar (in par. 816) dat die verdeling van kinders in twee kampe nie slegs die verlangde volkseenheid vertraag nie, maar bepaaldelik volksverdeeldheid in die hand werk en dat dit bowendien bevordering van tweetaligheid vertraag. Verder verklaar die kommissie dat die voordele van saamgroepering van kinders alleen dan behaal kan word wanneer die regte atmosfeer geskep is. As hierdie atmosfeer nie bestaan nie, moet ons erken dat meer kwaad as goed moontlik, selfs waarskynlik, gedoen sal word. Die gewenste atmosfeer kan slegs geskep word as die skoolhoof sowel tweetalig as simpatiek is.

Die kommissie verklaar dat parallelklasse tussen 1913-1918 mislukkings was, hoofsaaklik omdat die hoofde eentalig of onsimpatiek was. Daarom was die aanbeveling van die kommissie van 1917 ten gunste van afsonderlike skole geregverdig. Hierdie kommissie is egter oortuig dat

hierdie toestand van sake nie langer bestaan nie en dat genoeg hoofde van die regte soort beskikbaar sal wees.

Die onderwyskommissie beveel dus aan:—

- (a) „Dat dit die uitgesproke beleid van die Provinsie moet wees om die kinders van 'n dorp of deel van 'n dorp of distrik, ongeag hul ras, orals waar moontlik, in dieselfde skool te hou.”
- (b) „Dat geen verandering aangebring word in bestaande skole nie, tensy op versoek van die ouers.”
- (c) „Dat in die geval van nuwe skole die normale handelwyse moet wees die oprigting van skole met parallelklasse of dubbelmedium, behalwe in gevalle waar die bevolking feitlik homogeen is of waar die meeste ouers ten gunste van afsonderlike skole is.”
- (d) „Dat die grootste sorg gedra moet word dat, as hoofde van sulke skole, onderwysers gekies word wat nie alleen volkome tweetalig is nie, maar ook allesins geskik is.”

Die voorsitter, ds. Wm. Nicol, en mnre. Slabbert, Smit en Swart stem teen hierdie aanbeveling en dien 'n minderheidsverslag (No. 13) daarvoor in. Die kommissie sê:— „Selfs al is daar 'n geringe verlies van kennis (i.v.m. die onderrig van 'n vak in die tweede taal), voel die kommissie dat die wins wat betref tweetaligheid en gevolglik 'n beter verstandhouding tussen die twee rasse, ruimskoots sal vergoed vir hierdie verlies.” Die kommissie beveel derhalwe aan:—

- (a) Dat die toekomstige beleid van die Provinsie moet wees om hom daarvoor te beywer dat albei tale as

voertale gebruik word in alle skole, hetsy dubbelmedium-, parallelklasse of afsonderlike skole.

- (b) Dat dit die plig van die Departement moet wees om 'n skema uit te werk waardeur die tweede voertaal geleidelik ingevoer en daarna in alle skole in sommige vakke gereeld gebruik word.

Die voorsitter, ds. Wm. Nicol, en mnre. Slabbert, Smit en Swart stem teen hierdie aanbeveling en dien 'n minderheidsverslag (No. 13) in.

Die meerderheid het bestaan uit mnre. Cosser, Duthie, Stephen, Handel-Thompson en mej. Meeser (wat in die plek van dr. E. G. Malherbe na sy bedanking, benoem is). Mnr. Kuschke wat ten gunste van aparte skole met een voertaal is, het bedank voor die kommissie sy rapport ingedien het en sy plek is nie opgevolg nie.

Die kommissie beveel ten slotte aan „dat die Provinsie en die skole alle pogings moet aanwend om hierdie kinders buite die skool bymekaar te bring.”

MINDERHEIDSVERSLAG (No. 13).

deur die voorsitter, ds. Wm. Nicol, en mnre. Slabbert, Smit en Swart.

Teenoor voorgaande aanbevelings in die meerderheidsverslag het die voorsitter van die kommissie, ds. Nicol, en mnre. Slabbert, Smit en Swart 'n minderheidsverslag (No. 13) ingedien.

Hulle wys eerstens daarop dat, weens die bedanking van mnr. Kuschke as lid wat hom ten gunste van aparte skole voor die kommissie uitgespreek het, hulle rapport wat 'n meerderheidsrapport sou gewees het, nou 'n minder-

heidsrapport word. Hierdie lede verlang in hul rapport dat die ouers 'n mate van seggenskap i.v.m. die organisasie van die skool moet hê en hulle wil dat die administrasie met sy skole die kulturele ontwikkeling van Suid-Afrika moet eerbiedig en dien, en nie voorskryf nie. Verder maak hulle ernstig beswaar teen die gevolgtrekkings wat hul medelede (van die meerderheidsrapport) uit die getuënis omtrent die aparte skool gemaak het. Hierdie vier lede sê dat daardie getuënis oorweldigend ten gunste van die behoud van die aparte skool is. Hulle voer verder aan dat as hulle temidde van die stryd die saak nie suiwer objektief kan beskou nie, hulle kan antwoord dat die enigste oorsese getuë, prof. Peter Petersen van die Universiteit van Jena in Duitsland, hom beslis ten gunste van die aparte skool uitgespreek het. Hierdie buitelandse geleerde en opvoedkundige het tog seker nie belang by die saak nie en staan heeltemal objektief daarteenoor. Hierdie vier lede voer nog verder aan dat die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaanse deskundiges ten gunste van enkelmediumskole is—'n feit wat ook die meerderheidsverslag erken. Nie alleen is Transvaalse deskundiges oorweldigend ten gunste daarvan nie, maar ook die amp telike getuënis van die Onderwysdepartement met sy wisselende ervaring van die laaste 37 jaar staan die aparte skool voor.

Verder is die grootste onderwysvereniging, die T.O., sowel as die Vereniging van Transvaalse Middelbare Onderwysers ten gunste daarvan. Dis wel waar dat die Vereniging van Engelse Onderwysers, die T.T.A., daarteen was, maar hy het erken dat daar slegs 'n klein minderheid

onder hul geleedere ten gunste van parallelklasse is.

Die minderheidsverslag kom derhalwe m.i. tereg tot die gevolgtrekking dat die aanbeveling van die meerderheidsverslag in stryd is met die oordeel van die deskundiges. Insake die getuienis van die publiek waarop die meerderheid hulle aanbeveling grond (par. 818) word die volgende aangemerkt:—

- (a) „Vooraanstaande getuies het die kommissie verseker dat daar baie Engelse ouers is wat ernstig beswaar sal maak teen die invoer van Afrikaans as voertaal in enige vorm.”

Niemand sal wil ontken dat die meeste intelligente Engelssprekende ouers, as dit op stuk van sake kom, sal weier om hul kinders selfs gedeeltelik deur Afrikaansmedium te laat oplei nie, en dit geld veral die skole met 'n lang eentalige geskiedenis en tradisie. Kan 'n mens jou verbeel dat daardie ouers, sê in Johannesburg of Durban of Oos-Londen, met die oog op die hele ontwikkelingsgeskiedenis op onderwysgebied van voor die Tweede Vryheidsoorlog af, te vinde sal wees om hul kinders op 'n 50—50 basis deur Afrikaansmedium te laat onderwys? As 'n sensus opgeneem sou word, kan 'n mens die uitslag al vooraf bepaal, nl. dat geen 30 persent ten gunste daarvan sou wees, as hul voor die voldonge feit kom te staan nie. En dieselfde kan gesê word van die Afrikaanssprekende ouer ten opsigte van die Engelsmedium; daarom sê hul verder:

- (b) „Die lede van die minderheidsverslag het die volste reg om uit die getuienis te beweer dat hierdie voor-

gestelde poging om skole met parallelklasse te bevorder, die heftigste teenstand sal uitlok van die kant van die meeste Afrikaanssprekendes in die stede, ouers sowel as andere." Op die platteland sou geen 10% ten gunste daarvan wees as hulle ten minste die ware toedrag van sake begryp nie.

- (c) Die minderheidsverslag vestig die aandag verder op die feit dat, nieteenstaande wat die plattelandse skoolrade getuig het, die Engelssprekendes byna sonder uitsondering aandrang op die afstigting van aparte Engels-mediumskole, sodra die getalle dit regverdig. Ander ouers doen groot opofferinge om hul kinders na Engels-mediumskole in die stede te stuur. As hierdie ouers pleit vir parallelklasse, is dit heel begrypplik, maar dan doen hulle dit nie omdat hulle meen dat daardie skole opvoedkundig of maatskaplik die gesondste is nie.
- (d) Die klompie Afrikaanssprekendes op die platteland wat parallelklasse bepleit, het uit hul getuienis laat blyk dat dit in die meeste gevalle tog maar 'n deur-en-deur Afrikaanse skool met 'n groepie Engelse kinders is wat hulle in die oog het.

Die minderheidsverslag wys verder op die feit dat die hele opvoedkundige geskiedenis van Transvaal sedert omtrent 1918 in die rigting van aparte skole was. Die enkele skole wat nog bestaan is òf 'n twintig jaar gelede al gevestig òf die getalle in een of albei groepe is te klein om aparte skole te regverdig. Verder voer hierdie verslag nog die volgende aan teen parallelklasse:—

1. „Op die platteland waar die groot meerderheid aan

- een taalgroep behoort, sal die ander groep in die reël onder so'n stelsel ly.
2. Groot skole met parallelklasse beseft hul ongunstige posisie in vergelyking met aparte skole wat fasiliteite betref.
 3. Uit die getuienis sowel as uit die ervaring blyk dit dat die organisasie van die werk onder so'n stelsel ly en waar die een taalgroep klein is, lei dit tot ernstige organisasie-moeilikhede, bepaald baie meer as in aparte skole.
 4. Daar ontstaan ook moeilikhede uit die verhouding van die twee groepe, bv. die verkiesing van skoolkommissies—elke groep spook om die meerderheid te verkry. Soms word die saak nog erger deur die verkiesings volgens politieke oortuigings te drywe.
 5. Die kiesing van skoolhoofde en staflede is 'n gedurige stryd op die skoolkommissie van parallelmediumskole. Die meerderheidsrapport sê dat hoofde wat tweetalig en simpatiek is, uitgesoek moet word, maar die minderheid is bevrees dat hierdie soort uitsoek van hoofde, sonder om in die eerste plek te let op hul bekwaamheid as opvoedkundige, tot groot ontevreedenheid onder die personeel sal lei en vir die skool noodlottige gevolge kan hê.
 6. Dit gaan moeilik om nasionale gebeurtenisse te vier of selfs op waardige wyse daarvan kennis te neem, bv. Krugerdag, Dingaansdag, Empiredag, ens., ens. Die selfde moeilikhede geld vir skoolfunksies, volksliedere, vlagverering, kinderorganisasies soos Voortrekkers en

Padvinders, e.d.m. Tereg beweer die minderheidsverslag dat, soos sake vandag staan, hierdie geestesgoedere in parallelmediumskole veiligheidshalwe, so nie verontagsaam nie, dan tog baie koel behartig word.

7. Veral wat betref die kwessie van godsdiens op skool, is die aparte skool meer homogeen en is die onderwyser beter in staat om die kinders voor te gaan in dieselfde vorm van godsdiens wat hulle by hul huise en in die kerk beoefen.
8. Die minderheid wys daarop dat die getuienis verskil wat betref die verhoging van die kennis van die tweede taal deur parallelklasse. Sommige beweer dat die kinders taalgroepe op die skoolgrond vorm en dat hulle tog nie meng nie. Hierdie plan van die meerderheid is dus nie 'n vertroubare oplossing vir ons taalmoeilikhede nie.
9. Ook die hoop van die meerderheid dat sulke skole of klasse die regte verhouding tussen die twee rasse sal bevorder, het nie die onverdeelde steun van die getuies nie. Sommige beweer dat hierdie kunsmatige samebring van kinders uit onwillige huise eerder botsings veroorsaak en die speelgrond in 'n vegterrein omskep. Die gewenste samewerking tussen die groepe moet op heel natuurlike wyse geskied en die vrugte moet nie deur kunsmatige middele soos parallelskole of -klasse ryp gedruk word nie."

Die minderheidsverslag beklemtoon ten slotte dat alles neerkom op die vraag of daar twee volksgroepe in Suid-Afrika, elkeen met sy eie kultuur, naas mekaar

moet bestaan en as sodanig geëerbiedig moet word, of nie. „Ons medelede het 'n voorstel verwerp wat ons gedoen het om die bestaan van die aparte kultuurgroepe te erken as die redelike grondslag vir die aparte skool. Die vraagstuk is dus of die volkseenheid daarin lê dat die twee groepe hartlik moet saamwerk om Suid-Afrika op te bou, dan of die eenheid daarin lê dat een of beide van die groepe hul identiteit moet verloor.

As dit die regte beskouing is dat een of beide hul identiteit moet verloor, dan sal die skool met parallel-klasse die logiese gevolg wees, en dit sal meteens die beste instrument wees om die bestaande identiteit van die groepe uit te wis. As eersgenoemde die regte opvatting is, en dit is ons oortuiging, dat beide volksgroepe hul identiteit moet behou, dan sal die Provinsie waar moontlik moet bly by die bestaande reëling van aparte skole.” Hier mag tussen hakies bygevoeg word dat die dubbelmediumskool nog 'n beter instrument is om die bestaande identiteit van die twee volksgroepe uit te wis.

Die minderheidsverslag beveel dan aan dat die beleid van aparte skole vir die aparte voertale gehandhaaf word, met inagneming van die eise van plaaslike omstandighede wat getalle betref. Hierdie verslag kom presies tot dieselfde gevolgtrekking as dié van die skrywer, twee jaar voor die publikasie daarvan.

Wat betref die aanbeveling van die meerderheidsverslag met betrekking tot die gebruik van die tweede taal as voertaal (par. 820 a en b) sê die minderheidsverslag:— „Ons is nie gereed om op die oomblik met hulle saam te

gaan nie. Ons het saamgestem dat 'n proefneming met die tweede taal in die Normaalkollege gedoen sal word (par. 789 b) en dat daar voortdurende bestudering van die probleem deur 'n kommissie van deskundiges sal wees (par. 800). Ons dink dat die beleid omtrent die gebruik van die tweede taal as voertaal afhanklik moet wees van daardie proefnemings en dat dit nie vooruit deur die Provinsie bepaal moet word nie."

